# TRANSPORTBESORGERS EN WERKWERWING: 'N WAARDEGEDREWE TRANSFORMASIE GELEENTHEID VIR DIE PROKUREURSPROFESSIE

deur

**JOHANNES WILHELMUS WESSELS**

**(B.Proc)**

**Toegelaat as Prokureur in die Hoër Hof van Suid Afrika.**

**Skripsie**

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad**

**MAGISTER BEDRYFSADMINISTRASIE**

**in die**

**POTCHEFSTROOMSE BESIGHEIDSKOOL**

**aan die**

**NOORDWES UNIVERSITEIT**

**(POTCHEFSTROOM KAMPUS)**

**STUDIELEIER: PROF. L.D. COETSEE**

**2004**

ABSTRACT

**Key terms: Conveyancing conveyancer, touting, value-driven transformation, attorneys' profession.**

Touting, as practised by conveyancers in the four Northern provinces of South Africa, is reaching alarming proportions. Owing to the institutional nature of the attorneys' profession, rules and regulations are applied to establish and manage the ethical behaviour of members of the profession.

The question arises as to whether there could be an alternative way of management with a value system and ethical conduct as the underlying principles. According to the organisational behavioural science, the alternative method is to manage an organisation by means of value-driven leadership style.

The research questions of this study are:

1. Which teleological and deontological values will be suitable as elements of a shared value system for the attorneys' profession?

In order to reach this goal, the following objectives are established:

2. *To obtain exhaustive knowledge of the concepts 'values' and 'value-driven' by means of a literature study and empirical research in order to understand the phenomenon touting, as practised in the attorneys' profession.*

This objective was reached through an investigation of the concepts values and value-driven. The focus was particularly on the following aspects:

- ✓ the development of the concept values
- ✓ the principles of values and ethics

- ✓ the division and classification of the concept values
- ✓ the role and application of the concept values in management science and
- ✓ values and leadership

Based on the results of the limited availability sample, the empirical findings were that the respondents are ethically sensitive. It is evident that touting is a deliberate and unconstitutional disregard of instrumental and terminal values, and that the promotion of self-interest leads to the detriment of the principal, the profession and the public.

3. *To establish the shared values of the attorneys' profession from the perspective of the deontology and teleology.*

This objective was reached through a literature study into the concepts value-driven and shared values. From this investigation, it is evident that a relationship no doubt exists between terminal and instrumental values on the one hand and teleological and deontological values on the other hand. The investigation further found that specific effective teleological and deontological values are contained in the sources of knowledge of the attorneys' profession. These values can be used to develop a shared value system for the attorneys' profession.

The results of the study, based on a limited availability sample indicate that the majority of respondents could not identify the critical value, namely to guard against self-interest. The absence of this value implies touting within the context of this investigation.

4. *To identify and describe the ways and means of the transformation of the attorneys' profession from a rule-and-regulation orientation to a value-driven orientation with regard to ethical behaviour.*

In order to reach this objective, an empirical investigation was undertaken into the perceptions of respondents of a specific availability sample in regard of the existing rules applicable to ethical behaviour and their perception of the Law Societies of South Africa. The empirical investigation in regard to the perceptions show that a substantial portion of the respondents perception of the Law Societies of South Africa is negative — founded on the reality experience that the Law Societies of South Africa is not capable of cracking down on touting. The literature study demonstrates that the attorneys' profession is a learning organisation with an institutional culture. Transformation from a rule-and-regulation orientation to a value-driven orientation in regard to values and ethics, among others, requires a transformation of way of thinking in regard to basic assumptions concerning values and ethics.

In summarising, it can be stated that this investigation produced evidence that effective teleological and deontological values are contained in the sources of knowledge of the attorneys' profession, that can be used to create a shared value system for the profession.

**OPSOMMING**

**Sleutelterme: Transportbesorgers, werkwerwing, waardegedrewe transformasie en prokureursprofessie.**

Werkwerwing deur transportbesorgers in die vier noordelike provinsies van Suid-Afrika neem buitengewone afmetings aan. Vanweë die institusionele aard van die prokureursprofessie word reëls en regulasies toegepas om etiese gedrag by lede van die professie te vestig en te bestuur.

Die vraag ontstaan of daar 'n alternatiewe wyse van bestuur kan wees met 'n waardestelsel en etiese optrede as grondslag. Volgens die organisasiegedragwetenskap is die alternatiewe manier om 'n organisasie te bestuur by wyse van 'n waardegedrewe bestuurstyl.

Die navorsingsvraag in hierdie studie is:

1. Welke teleologiese en deontologiese waardes sal gesamentlik 'n geskikte waardestelsel vir die prokureursprofessie daarstel?

Om hierdie doel te bereik moes die volgende doelwitte behaal word:

2. *Om deur middel van 'n literatuurstudie en 'n empiriese navorsing tot 'n grondige kennis van die begrippe waardes en waardegedrewe te kom ten einde die verskynsel werkwerwing deur die prokureursprofessie te verstaan.*

Hierdie doelwit is bereik deur 'n ondersoek te doen na die begrippe waardes en waardegedrewenheid. Daar is in besonder gefokus op:

- ✓ die ontwikkeling van die begrip waardes
- ✓ die grondslae van waardes en etiek
- ✓ die indeling en klassifikasie van die begrip waardes

- ✓ die rol en toepassing van die begrip waardes in die bestuurswetenskap en
- ✓ waardes en leierskap

Uit die resultate van 'n beperkte beskikbaarheidsteekproef is die empiriese bevinding dat die respondente volgens die vierpuntskaal van die meetinstrument eties sensitief is. Dit blyk dat werkwerwing 'n opsetlike en onkonstitusionele negering van instrumentele en terminale waardes is, en dat die bevordering van eiebelang tot die nadeel van die lasgewer, die professie en die publiek lei.

3. *Om die gedeelde waardes van die prokureursprofessie vanuit die perspektief van die deontologie en teleologie te bepaal.*

Hierdie doelwit is bereik deur 'n ondersoek te doen na die konsepte waardegedrewe en gedeelde waardes. Uit hierdie ondersoek blyk dit dat 'n verband waarskynlik bestaan tussen terminale en instrumentele waardes aan die een kant en teleologiese en deontologiese waardes aan die ander kant. Die ondersoek bevind verder dat bepaalde doelmatige teleologiese en deontologiese waardes in die kenbronne van die prokureursprofessie vervat is. Hierdie waardes kan waarskynlik 'n gedeelde waardesisteem vir die prokureursprofessie moontlik maak.

Die resultate van 'n beperkte beskikbaarheidsteekproef in terme van die empiriese ondersoek na prokureurs se siening en begrip van die basiese waardes van die professie dui daarop dat die meerderheid respondente nie die kritieke waarde, naamlik om te waak teen eiebelang, kon identifiseer nie. Die afwesigheid van hierdie waarde impliseer waarskynlik werkwerwing binne die konteks van hierdie ondersoek.

4. *'n Wetenskaplike grondslag te lê vir die transformasie van die prokureursprofessie van 'n reël-en-regulasie-oriëntasie na 'n waardegedrewe oriëntasie met betrekking tot etiese gedrag.*

Ten einde hierdie doelwit te bereik is 'n empiriese ondersoek gedoen na die persepsies van respondente met betrekking tot bestaande reëls wat van toepassing is op etiese gedrag en hulle persepsie van die Prokureursorde. Die empiriese ondersoek toon dat 'n substansiële gedeelte van die respondente se persepsie van die Prokureursorde negatief is – 'n persepsie wat gegrond is op die realiteitsbelewing dat die Prokureursorde nie in staat is om werkwerwing hok te slaan nie. Uit die literatuurstudie kan afgelei word dat die prokureursprofessie 'n lerende organisasie met 'n institusionele kultuur is. Transformasie van 'n reël-en-regulasie-oriëntasie na 'n waardegedrewe oriëntasie waar waardes en etiek sentraal staan vereis onder andere 'n transformasie van denkwyse ten opsigte van basiese aannames met betrekking tot waardes en etiek.

Samevattend kan verklaar word dat daar in hierdie ondersoek sterk aanduidings geïdentifiseer is dat doelmatige teleologiese en deontologiese waardes in die kenbronne van die prokureursprofessie vervat is, en 'n grondslag bied vir die skep van 'n waardestelsel vir die professie.

**DANKBETUIGINGS**

*Lojaliteit is kosbaar – erkenning is waardevol.*

Hierdie studie sou nie moontlik wees sonder die lojaliteit van:

- My vriende
- My medestudente
- My dosente
- My vennote, Susa van der Heever en Lizie du Toit en sekretaresse Sandra Daffue
- My kollegas wat die empiriese ondersoek moontlik gemaak het
- My skoonouers, Jan en Sarie Bezuidenhout
- My ouers, Ninkie en Daisy Wessels (wie beide tydens my studie ontslaap het)
- Mev Cecilia van der Walt vir die taalversorging
- Prof C J H Lessing vir die versorging van die bibliografiese styl
- Prof Leon Coetsee, my studieleier – u mentorskap en u voorbeeld van mentorskap het my verryk
- My dogters Sara-Lea en Jana, vir julle belangstelling en aanmoediging
- My eggenote Cornelia – vir die ruimte wat jy my gebied het tydens hierdie studie, ondersteuning en jou onbaatsugtige tikwerk van my skripsie.

*"Ek was jonk en ek het oud geword,*
*maar nooit het ek 'n regverdige*
*verlate gesien*
*of dat sy nageslag brood soek nie".*
*Psalm 37:25*

**Opgedra aan Cornelia,**
**Sara-Lea en Jana**

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 .......... 1
TITEL
1.1 INLEIDING .......... 1
1.1.1 AGTERGROND EN ORIëNTERING .......... 1
1.2 DIE BEGINSELS VAN LASGEWING .......... 3
1.3 KONSTITUSIONELE REGSPLIG .......... 5
1.4 PROFESSIONELE BEGRONDING .......... 6
1.5 WAARDES EN ETIEK .......... 8
1.6 PROBLEEMSTELLING .......... 8
1.7 DOELSTELLING VAN HIERDIE STUDIE .......... 9
1.8 METODE VAN ONDERSOEK .......... 10
1.8.1 LITERATUURSTUDIE .......... 10
1.8.2 EMPIRIESE ONDERSOEK .......... 11
1.9 SAMEVATTING .......... 12

HOOFSTUK 2 .......... 13
DIE FILOSOFIESE EN ORGANISASIEGEDRAG-BEGRONDING VAN WAARDES

2.1 INLEIDING .......... 13
2.2 DIE ONTWIKKELING VAN WAARDES .......... 14
2.3 DIE GRONDSLAE VAN WAARDES EN ETIEK .......... 16
2.4 DIE FILOSOFIESE BEGINSELS VAN DEONTOLOGIE EN TELEOLOGIE .......... 19
2.5 INDELING EN KLASSIFIKASIE VAN WAARDES .......... 20
2.6 DIE KONSEP GEDEELDE WAARDES .......... 22
2.7 DIE ROL EN TOEPASSING VAN DIE BEGRIP WAARDE IN DIE BESTUURSWETENSKAP .......... 23
2.8 LEIERSKAP EN WAARDES .......... 26
2.9 DIE WERKING EN INVLOED VAN PERSEPSIE OP MENSLIKE GEDRAG .......... 27
2.10 DIE LERENDE ORGANISASIE, KULTUURTRANSFORMASIE EN DIE DENKPROSES .......... 29
2.11 METING VAN GEDRAG .......... 33
2.12 SAMEVATTING .......... 34

HOOFSTUK 3 .......... 36
'N DEONTOLOGIESE EN EMPIRIESE BEGRONDING VAN TERMINALE- EN INSTRUMENTELE WAARDES VAN TOEPASSING OP DIE PROKUREURSPROFESSIE
3.1 INLEIDING .......... 36
3.2 EINDWAARDES VAN TOEPASSING OP DIE PROKUREURSPROFESSIE VANUIT 'N TELEOLOGIESE PERSPEKTIEF .......... 38

3.3 INSTRUMENTELE WAARDES VAN TOEPASSING OP DIE PROKUREURSPROFESSIE VANUIT 'N DEONTOLOGIESE PERSPEKTIEF ..... 42
3.4 EMPIRIESE ONDERSOEK ..... 46
3.4.1 INLEIDING ..... 46
3.4.2 DIE SELFOPGESTELDE GESTRUKTUREERDE VRAELYS ..... 47
3.5 STATISTIESE RESULTATE ..... 50
3.5.1 INLEIDING ..... 50
3.5.2 AFDELING A ..... 51
3.5.2.1 BETROUBAARHEID VAN DIE MEETINSTRUMENT ..... 51
3.5.2.2 RESULTATE ..... 52
3.5.3 AFDELING B ..... 53
3.5.3.1RESULTATE ..... 53
3.5.4 AFDELING C ..... 56
3.5.4.1RESULTATE ..... 57
3.6 SAMEVATTING ..... 59
3.6.1 TERMINALE EN INSTRUMENTELE WAARDES ..... 59
3.6.2 EMPIRIESE ONDERSOEK ..... 59

**HOOFSTUK 4** ..... 63
**SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

4.1 BEVINDINGS EN GEVOLGTREKKINGS ..... 63
4.1.1 DIE VERSKYNSEL VAN WERKWERWING DEUR LEDE VAN DIE PROKUREURSPROFESSIE TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE BEGRIPPE WAARDE EN WAARDEGEDREWE ..... 63
4.1.2 BEPALING VAN DIE GEDEELDE WAARDES VAN DIE PROKUREURSPROFESSIE VANUIT DIE PERSPEKTIEF VAN DIE DEONTOLOGIE EN TELEOLOGIE ..... 67
4.1.3 DIE GRONDSLAG VIR DIE TRANSFORMASIE VAN DIE PROKUREURSPROFESSIE VAN 'N REËL EN REGULASIE ORIËNTASIE NA 'N WAARDEGEDREWE ORIËNTASIE MET BETREKKING TOT ETIESE GEDRAG ..... 69
4.2 AANBEVELING ..... 71
4.3 LEEMTES IN HIERDIE ONDERSOEK ..... 73
4.4 AANBEVELING VIR VERDERE NAVORSING ..... 73

**BIBLIOGRAFIE** ..... **74**

**BYLAE**

BYLAE A OMSENDSKRYWE NR. 2/2004 ..... 79
BYLAE B WET 53 VAN 1979(WET OP PROKUREURS) ..... 98
BYLAE C DIE EED ..... 120
BYLAE D DEEL XII GEDRAG KRAGTENS ARTIKEL 74 (WET 53 VAN 1979) ..... 121
BYLAE E ARTIKEL 4 VAN DIE GRONDWET VAN DIE PROKUREURSORDE ..... 128

BYLAE F DEKBRIEF VAN VRAELYS ........................................................ 130
BYLAE G ANONIEME VRAELYS IN SAKE WAARDES EN ETIEK ........................ 131

**FIGUUR**

FIGUUR 1: McKINSEY 7-S MODEL ........................................................ 31

**TABELLE**

TABEL 1: TELEOLOGIESE EINDWAARDES ........................................... 48
TABEL 2: DEONTOLOGIESE WAARDES ................................................ 52
TABEL 3: AFDELING A – ETIEKTOETS .................................................. 61
TABEL 4: AFDELING B – INSTRUMENTELE WAARDES ........................ 63

# TITEL

Transportbesorgers en werkwerwing: 'n Waardegedrewe transformasie geleentheid vir die prokureursprofessie.

## *1.1 INLEIDING*

### 1.1.1 AGTERGROND EN ORIëNTERING

Die prokureursprofessie se doel is die lewering van regsdienste aan die publiek op 'n professionele basis. In 2002 het die Prokureursorde van die Noordelike Provinsies 'n ad hoc-subkomitee in die lewe geroep ten einde die verhoogde voorkoms van werkwerwing by aktevervaardigers hok te slaan. Volgens 'n Raadsbesluit van die Prokureursorde van die Noordelike Provinsies (2 November 2002), is die amptelike naam van dié komitee "Ad hoc-komitee: verkryging van akteswerk (werkwerwing)". In opvolging van dié ad hoc-komitee het die Prokureursorde verder in 2003 konsepriglyne uitgegee wat verband hou met prokureurs se gedrag in die geval van eiendomstransaksies. Hierdie konsep riglyne is met enkele wysigings gedurende Oktober 2004 by wyse van 'n Amptelike Omsendbrief, 2 van 2004 gedateer 4 Oktober 2004 in werking gestel. Hierdie gedragsreëls beslaan 18 bladsye en staan bekend as, Ryglyne: Hantering van eiendomsregsake (gedragskode), Bylae A.

Met betrekking tot werkwerwing maak hierdie gedragskode dit baie duidelik dat werkwerwing deur lede van die prokureursprofessie binne die omvang van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, Wet 12 van 2004 val. Werkwerwing is nie net 'n oortreding van die gedragsreëls van die prokureursprofessie nie maar ook 'n misdryf.

In die lig van die feit dat dit vir die Prokureursorde nodig was om 'n spesiale subkomitee op die been te bring ten einde werkwerwing by prokureurs hok te slaan, is dit nie 'n onbillike afleiding dat die waardesisteem van die prokureursprofessie te kort skiet aan minimum standaarde. Die prokureursprofessie is institusioneel van aard, met die gevolg dat reëls en regulasies gebruik word om etiese gedrag by lede van die professie te vestig en te bestuur. Die vraag ontstaan of daar 'n alternatiewe wyse van bestuur kan wees met 'n waarde stelsel en etiese optrede as grondslag. Volgens die grondslae van die organisasiegedragwetenskap is die alternatiewe manier naamlik om 'n organisasie te bestuur by wyse van 'n waardegedrewe bestuurstyl. Indien die waardegedrewe bestuursbenadering in die Prokureursprofessie met sukses gevolg word (dit wil sê dat werkwerwing by lede van die professie afneem) impliseer dié verandering ook 'n transformasie van die kultuur, strategie en wyse van motivering, en beweeg die professie van 'n reël-en-regulasie-oriëntasie na 'n waardegedrewe oriëntasie.

Met betrekking tot waardegedrewe organisasies merk Coetsee (2002:79) soos volg op: "There is, however, proof that organisations that are less focused on rules and regulations and are **more focused on aligned-commitment by means of shared values**, are more successful than control orientated organisations". Die geleentheid tot waardegedrewe transformasie vir die prokureursprofessie lê daarin dat weg beweeg word van 'n kontrolegeoriënteerde professie na 'n waardegedrewe professie.

Werkwerwing binne die prokureursprofessie behels dat 'n prokureur/ aktevervaardiger geld direk of indirek aan 'n tussenganger of agent betaal, of goedere skenk ten einde 'n mandaat te verkry of te verseker ten opsigte van sy/haar professionele dienslewering. Werkwerwing het verskeie verskyningsvorme, byvoorbeeld:

- Sogenaamde sagte lenings en vooruitbetalings van agentekommissie;

- Bystand met die betaling van advertensiekoste van eiendomsagente of verbandmakelaars;
- Betaling van 'n eiendomsagente se reiskoste;
- Uitspattige borgskappe vir eiendomsagente en verbandmakelaars;
- Uitspattige onthale;
- Die verskaffing van kostelose regsdienste; en
- Afslag, op statutêre voorgeskrewe fooie meer as wat toegelaat word. (Riglyne: Hantering van eiendomsregsake (Gedragskode) Omsendskrywe nr. 2/2004).

Bogenoemde is nie 'n **numerus clausus** nie, maar bloot voorbeelde van werkwerwing.

## *1.2 DIE BEGINSELS VAN LASGEWING*

In die geval waar iemand vir 'n ander persoon 'n besondere diens lewer, sonder om hom onder die gesag van die werkgewer te stel, val sulke diens in die klas van lasgewing. 'n Lasgewingsooreenkoms is 'n ooreenkoms waarkragtens die lashebber onderneem om 'n opdrag vir die lasgewer uit te voer. (De Wet & Van Wyk, 1978:340).

Klassieke voorbeelde van 'n lasgewingsooreenkoms is:

- 'n opdrag/versoek om vir die lasgewer 'n koper te soek;
- 'n opdrag/versoek aan 'n medikus om die lasgewer te ondersoek of te behandel; en
- 'n opdrag aan 'n prokureur om 'n spesifieke opdrag uit te voer, (toe te sien tot die registrasie van transport van vaste eiendom van die lasgewer, in die naam van 'n koper, en/of die registrasie van 'n verband ten gunste van 'n handelsbank).

In die moderne reg behels 'n lasgewingsooreenkoms dat die lashebber **ex contractu** handel vir sy beloning (De Wet & Van Wyk, 1978:341). Lasgewing skep vir die lashebber en die lasgewer regte en verpligtinge. Die lashebber moet die opdrag wat hy onderneem eerlik, getrou en met sorg uitvoer, en tegelegenertyd rekenskap van sy handelinge aan die lasgewer voorlê. Is die lashebber slordig, nalatig of onbevoeg in die uitvoering van die opdrag is hy vir skadevergoeding aanspreeklik teenoor die lasgewer (De Wet & Van Wyk, 1978:342). Die lasgewingsooreenkoms berus op 'n verhouding van vertroue tussen lasgewer en lashebber wat meebring dat *die lashebber by die uitvoering van sy opdrag die belange van die lasgewer voorop moet stel*, en nie vir eie belang of in die belang van 'n ander die lasgewer se sake behartig nie. **Die lashebber pleeg ook troubreuk as hy van 'n ander in die geheim beloning ontvang met betrekking tot dinge wat hy vir die lasgewer moet behartig.** Die Suid-Afrikaanse howe neem verder die houding in dat die lashebber wat troubreuk pleeg ook sy aanspraak op beloning vir gelewerde dienste verbeur (Durand v Louw 1935; TPD 47).

Die prokureurprofessie is by uitstek institusioneel van aard en word gerig deur die bepalings van Wet 53 van 1979, Wet op Prokureurs (hierna die Wet genoem), die reëls uitgevaardig in terme van Artikel 74 van die Wet, beginsels van die materiële reg, soos vervat in die kontraktereg en die presedentereg. Die gevolg van die institusionele aard van die professie is dat sy lede se gedrag gereël en gerig word deur middel van reëls en regulasies. Hierdie ordereëling het tot gevolg dat die prokureursprofessie, gesien vanuit die perspektief van die organisasiegedrag, reël-en-regulasie-gedrewe is.

Daar is verder spesifieke reëls vir die destydse Transvaal (tans van krag ten opsigte van die Noordelike Provinsies) gemaak ingevolge die bepalings van Artikel 74 van Wet 53 van 1979. In deel XII, handel reël 89 tot 92 spesifiek oor waardes en etiese gedrag. Reël 89 bepaal soos volg:

> "89. Onprofessionele of oneerbare of
> onbetaamlike gedrag aan die kant
> van 'n praktisyn sluit onder meer
> die volgende handelinge en nalate in:
> 89.1 Werwing van werk van professionele aard;"

Reël 89.1 hou verband met die verskynsel *werkwerwing* deur transportbesorgers soos meer volledig hierbo beskryf. Die gevolg is dat 'n praktisyn wat hom skuldig maak aan werkwerwing ingevolge Reël 89, onprofessioneel en/of oneerbaar en/of onbetaamlik optree - in die algemeen bekend as onetiese optrede.

Die verskynsel werkwerwing kan 'n teken wees van oorregulering in 'n organisasie en/of 'n gebrek aan gedeelde waardes en norme in die praktyk. In hierdie verband merk Coetsee (2002:78) soos volg op: "As human beings are by nature creative and innovative, they will often bend and break (these) rules and regulations. Managers then react to this by modifying the rules and regulations or adding to them. The result is bulkier and bulkier rule and regulation manuals". 'n Tipiese voorbeeld is die riglyne vir gedrag met betrekking tot eiendomsaangeleenthede wat die Prokureursorde gedurende 2004 vrygestel het na aanleiding van werkwerwing van transportbesorgers. Na aanleiding van voormelde is dit duidelik dat waardes en werksetiek in die prokureursprofessie in Suid-Afrika op die basis van kontrole oriëntasie gereël word.

## *1.3 KONSTITUSIONELE REGSPLIG*

Suid-Afrika is 'n regstaat, en uit hoofde van die bepalings van die Grondwet (Wet 108 van 1996) sal dit noodsaaklik wees om die bepalings van Artikel 195 van Wet 108 van 1996 na te gaan. Hoofstuk 10 van die Grondwet hou verband met Openbare Administrasie. Dit kan geargumenteer word dat die

transportbesorger (wat in die eerste instansie 'n prokureur is) deel van die openbare administrasie uitmaak omdat hy 'n hofamptenaar is, soos meer volledig sal blyk uit Hoofstuk 3 hierna. Artikel 195 (1)(a) van Wet 108 van 1996 bepaal soos volg:

*"Openbare administrasie word beheers deur die demokratiese waardes en beginsels wat in die Grondwet verskans is, met inbegrip van die volgende beginsels:*

*(a) 'n Hoë standaard van beroepsetiek **moet** bevorder en gehandhaaf word."*

Dit is duidelik dat die woord **moet** in artikel 195 (1)(a) in terme van die beginsels van wetsuitleg as gebiedend gelees moet word. Die implikasie hiervan is dat bestuursleierskap binne die kader van openbare administrasie 'n konstitusionele regsplig met betrekking tot waardes en werksetiek opgelê word. Versium om hieraan te voldoen beteken dat die prokureursprofessie sy konstitusionele sorgplig versium.

## *1.4 PROFESSIONELE BEGRONDING*

Die prokureursberoep het histories as 'n professie ontwikkel. Dit is dus noodsaaklik om die basiese beginsels van 'n professie in oënskou te neem. Ernst Greenwood in sy klassieke artikel "Attributes of a Profession" in Miley en DuBois (2000:523) doen die volgende kriteria aan die hand as aanwysers vir professionele status:

- 'n Professie het fundamentele kennis en ontwikkel 'n sistematiese denkpatroon wat vaardighede in die praktyk rig.
- Opvoedkundige en formele voorbereiding en opleiding is intellektueel sowel as prakties.
- Professionele gesag en geloofwaardigheid in die kliënt-professionele verhouding is gebaseer op die gebruik van professionele oordeel en bevoegdheid.

- 'n Professie is, met betrekking tot sy eie lidmaatskap, bemagtig om te reguleer en te beheer ten opsigte van professionele praktyk, opvoeding en vaardigheid-standaarde. Die gemeenskap sanksioneer regulerende magte en professionele priviligie.
- 'n Professie beskik oor 'n uitdruklike etiese kode wat sistematies en bindend op lede is en wat etiese gedrag by lede afdwing.
- 'n Professie word gerig deur 'n kultuur van waardes, norme en simbole binne die organisasienetwerk van formele en informele groepe waardeur die professie funksioneer en sy dienste verrig.

Volgens Roscoe Pound (in Gillers, 1998:10) beteken professie "... a group... pursuing a learned art as a common calling in the spirit of public service – no less a public service because it may incidentally be a means of livelihood. Pursuit of the learned art in the spirit of a public service is the primary purpose". Gillers (1998:10-11) verwys ook na 'n verslag wat deur die American Bar Association in 1986 uitgereik is oor die kwessie van professionaliteit in die Amerikaanse regsprofessie, waarvolgens professionaliteit soos volg gedefinieer word.

"1. That its practice requires substantial intellectual training and the use of complex judgments,
2. That since clients cannot adequately evaluate the quality of the service, they must trust those they consult,
3. That the client's trust presupposes that the practitioner's self-interest is overbalanced by devotion to serving both the client's interest and the public good, and
4. That the occupation is self-regulating – that is, organized in such a way as to assure the public and the courts that its members are competent, do not violate their client's trust, and transcend their own self-interest."

Uit bogenoemde volg dit dat die prokureursprofessie met betrekking tot etiese gedrag 'n sorgplig teenoor die publiek het uit hoofde van die professionele aard van die beroep asook vanuit die konstitusionele perspektief van Suid-Afrika.

## *1.5 WAARDES EN ETIEK*

Uit die voorgaande kan afgelei word dat waardes en werketiek rigting gee aan 'n professie met betrekking tot daaglikse optrede in die praktyk. Vir doeleindes van hierdie hoofstuk kan hierdie rigtinggewende dryfvere voorlopig soos volg gedefinieer word:

- Waardes is persoonlike of groepsoortuigings van beginsels en standaarde, wat individuele of 'n organisasie se handel en wandel in die werkplek rig.
- Etiek is en hou verband met, die praktiese uitleef en vervulling van die waardes.

Soos reeds aangetoon is die prokureursprofessie in Suid-Afrika institusioneel van aard. Die gevolg is dat vereiste etiese optrede in bestaande kodes opgeneem is. Hierdie etiese reëls impliseer waardes. Dié waardes het hulle ontstaan te danke aan die teleologie en deontologie (bestaanseis) van die professie, en vorm op sodanige basis gedeelde waardes vir die professie. 'n Gedragswetenskaplike uitklaring van teleologiese en deontologiese waardes van die prokureursprofessie sal 'n verantwoordbare vertrekpunt bied vir 'n waarde gedrewe bestuurstyl.

## *1.6 PROBLEEMSTELLING*

Na aanleiding van bogenoemde ontstaan die volgende navorsingsvraag wat in hierdie studie beantwoord wil word:

- Welke teleologiese en deontologiese waardes sal as 'n gedeelde waardestelsel vir die prokureursprofessie geskik wees?

## 1.7 DOELSTELLING VAN HIERDIE STUDIE

Die doelstelling van hierdie studie is:

- **Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese navorsing:**

✓ tot 'n grondige kennis van die begrippe waardes en waardegedrewe te kom ten einde die verskynsel *werkwerwing* deur die prokureursprofessie vanuit 'n organisasiegedrag-perspektief te begryp en te omskryf;

✓ die gedeelde waardes van die prokureursprofessie vanuit die perspektief van die deontologie en die teleologie te bepaal; en

✓ 'n wetenskaplike grondslag te lê vir die transformasie van die prokureursprofessie. 'n Transformasie van 'n reël-en-regulasie-oriëntasie na 'n waardegedrewe oriëntasie met betrekking tot etiese gedrag.

Bogenoemde doelstellings sal bereik word deur:

- **'n literatuurstudie-ondersoek te doen na:**

✓ die ontwikkeling van die begrip waarde;

✓ die grondslae van waardes en etiek.

✓ die filosofiese beginsels van deontologie en teleologie;

✓ die indeling en klassifikasie van die begrip waardes in terme van organisasiegedragbeginsels;

✓ die rol en toepassing van die begrip waarde in die bestuurswetenskap;

✓ die konsepte gedeelde waardes en waardegedrewe;

✓ waardes en leierskap;

✓ die werking en invloed van persepsie op menslike gedrag; en

✓ die lerende organisasie, kultuurtransformasie en die denkproses.

(Die tweede laaste aspek word ondersoek ten einde groter duidelikheid te kry met betrekking tot menslike gedrag na aanleiding van die inhoud van Afdeling C van die vraelys, wat in die empiriese ondersoek gebruik word. Die laaste aspek handel met basiese beginsels van toepassing op die voorgestelde transformasieproses.)

- **'n empiriese ondersoek om die volgende vas te stel:**

✓ Die sensitiwiteit van die prokureursprofessie met betrekking tot waardes en etiek

✓ Prokureurs se siening en insig in die basiese waardes van die professie

✓ Siening van prokureurs ten opsigte van bestaande reëls van toepassing op etiese gedrag en die Prokureursorde

## *1.8 METODE VAN ONDERSOEK*

Gesien die probleem- en doelstelling van hierdie studie word 'n literatuurstudie onderneem waarna 'n empiriese ondersoek volg. Daar sal op die volgende gefokus word:

### 1.8.1 LITERATUURSTUDIE

In die literatuurstudie sal organisasiegedragswaardes en etiek nagevors word, en die volgende sal ondersoek word:

✓ Die ontwikkeling van die begrip waarde

✓ Die grondslae van waardes en etiek

✓ Die filosofiese beginsels van deontologie en teolologie

✓ Die indeling en klassifikasie van die begrip waardes in terme van organisasiegedrag beginsels

✓ Die rol en toepassing van die begrip waardes in die bestuurswetenkap

- ✓ Die konsepte gedeelde waardes en waardegedrewe
- ✓ Waardes en leierskap
- ✓ Die werking en invloed van persepsie op menslike gedrag en
- ✓ Die lerende organisasie, kultuurtransformasie en die denkproses.

(Die tweede laaste aspek word ondersoek ten einde groter duidelikheid te kry met betrekking tot menslike gedrag na aanleiding van die inhoud van Afdeling C van die vraelys, wat in die empiriese ondersoek gebruik word. Die laaste aspek handel met basiese beginsels van toepassing op die voorgestelde transformasieproses.)

### 1.8.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese navorsing sal gedoen word deur middel van 'n selfontwerpte gestruktureerde vraelys met die oog op die inwin van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting. Hierdie vraelys sal op 'n ewekansige steekproefbasis aan lede uit die populasie van die prokureursprofessie binne die jurisdiksie van die Prokureursorde van die Noordelike Provinsies in Johannesburg en Pretoria gestuur word.

Die vraelys sal ten doel hê om lede van die professie se persepsie met betrekking tot die onderstaande aspekte van die prokureurprofessie te ondersoek:

- Die sensiwiteit van die prokureursprofessie ten opsigte van waardes en etiese gedrag
- Prokureurs se insig en siening van die basiese waardes van die professie en
- Die siening van prokureurs ten opsigte van die reëls van toepassing op etiese gedrag en die Prokureursorde.

## *1.9 SAMEVATTING*

Dit blyk dat die prokureursprofessie 'n reël-en-regulasie-benadering volg met betrekking tot onder andere waardes en etiek. Ten spyte van die professie se reëls en regulasies het werkwerwing by transportbesorgers sulke afmetings aangeneem dat dit nodig geword het dat die Prokureursorde 'n spesiale ad hoc-subkomitee in die lewe moes roep om werkwerwing deur transportbesorgers te bekamp.

Dit blyk dat waardes in beginsel verband hou met die persoonlike of groepsoortuiging ten opsigte van die beginsels en standaarde wat individue of organisasies se handel en wandel in die werkplek bepaal en rig. Etiek hou verband met die praktiese uitlewing van waardes. Volgens organisasiegedragliteratuur is die alternatiewe wyse vir die gebruik van reëls en regulasies, die van gedeelde waardes met betrekking tot etiek.

Die probleem wat in die onderhawige omstandighede ontstaan, is die vraag na waardes wat as gedeelde waardes vir die professie beskou kan word. Hierdie ondersoek het, opsommenderwys, ten doel om bogenoemde probleem aan te spreek deur 'n literatuurstudie met betrekking tot waardes te doen. Vervolgens sal daar dan vanuit 'n beskouing van die grondslae van die prokureursprofessie vasgestel kan word wat die relevante terminale en instrumentele waardes van die professie is. Sodanige waardes kan dan beskou word as gedeelde waardes van die professie met die oog op 'n transformasie na 'n waardegedrewe oriëntasie en bestuurstyl.

Vanweë die konstitusionele sorgplig en die feit dat bestaande reëls en regulasies nie doelmatig is om etiek en waardes in die prokureursprofessie te bevorder en te handhaaf nie, word 'n alternatiewe benadering bepleit. Die alternatiewe benadering wat dan oorweeg sal word is die van 'n waardegedrewe benadering.

# HOOFSTUK 2

# DIE FILOSOFIESE EN ORGANISASIEGEDRAG-BEGRONDING VAN WAARDES

## *2.1 INLEIDING*

Hierdie literatuurstudie het ten doel om tot 'n grondige kennis van die begrippe waardes en waardegedrewe te kom ten einde die verskynsel werkwerwing deur die prokureursprofessie vanuit 'n organisasiegedrag-perspektief te begryp en te omskryf. Vir doeleindes van hierdie studie is alle verwysings na organisasie en organisasiegedrag van toepassing op die prokureursprofessie en -gedrag. Hierdie ondersoek sal die begrip waarde vanuit 'n filosofiese en organisasiegedrag-perspektief beskou. Waardes in hierdie konteks verwys na organisasiegedragswaardes en etiese optrede.

Die probleemstelling en doelstellings van hierdie ondersoek vereis ondermeer dat die volgende aspekte deur middel van 'n literatuurstudie ondersoek word:

- Die ontwikkeling van die begrip waarde
- Die grondslae van waardes en etiek
- Die beginsels van deontologie en teleologie
- Die indeling en klassifikasie van die begrip waarde in terme van organisasiegedrag-raamwerke
- Die rol en toepassing van die begrip waardes in die bestuurswetenskap
- Die konsepte gedeelde waardes en waardegedrewe
- Waardes en leierskap
- Die werking en invloed van persepsie op menslike gedrag
- Die lerende organisasie, kultuurtransformasie en die denkproses

Die verskynsel werkwerwing deur transportbesorgers, het ook direk te make met waardes en die gebruik van werkwerwing en impliseer waarskynlik 'n waardestelsel wat mank gaan aan minimum waardestandaarde. Die professie en sy lede se professionele waardes staan, in omstandighede van werkwerwing onder verdenking. Voordat 'n sinvolle ondersoek na relevante professionele waardes van transportbesorgers gedoen kan word, is dit nodig om 'n literatuurstudie na die begrip waarde te onderneem. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek sal die begrip waarde vanuit 'n filosofiese en organisasiegedragperspektief beskou word.

## *2.2 DIE ONTWIKKELING VAN WAARDES*

Ten einde die begrip waarde in perspektief binne die dissipline van organisasiegedrag te kan sien en te gebruik, is dit noodsaaklik om die oorsprong en ontwikkeling van waardes na te gaan.

Coetsee (2002:77) verklaar dat waardes **universieel, kultureel** en **individueel** is. Voorbeelde en eienskappe van elkeen sien soos volg daaruit:

- **Universele waardes** – respek, eerlikheid, integriteit, vertroue, humanistiese waardes, taal en kultuur. Hierdie waardes is tydlose gedragsriglyne wat van die begin af relevant bly vir die mens, en spruit hoofsaaklik voort uit religieuse werke soos die Bybel, Talmoed en Koran.

- **Kulturele waardes** – dit is waardes wat op 'n sosiale vlak bepaal wat aanvaarbaar is en wat nie aanvaarbaar is nie. Hierdie waardes lê op die vlak van die reg, opvoeding, taal, statussimbole en leierskapsgedrag. Hierdie waardes reflekteer wat mense dink, hoe hulle voel en hoe hulle hulle gedra.

- **Individuele waardes** – dit is elke persoon se persoonlike beginsels en norme, en is die resultaat van die persoon se opvoeding, opleiding, ondervinding en ervaring. Hierdie waardes maak deel uit van 'n persoon se persoonlike doelwitte, aangesien waardes 'n persoon tot sekere doelwitte aanspoor.

Nelson en Quick (2000:133) maak van dieselfde model gebruik ten einde die beïnvloedingsfaktore van werksetiek (by implikasie waardes) te illustreer. Die twee beïnvloedingsfaktore is **individuele** faktore of invloede en **organisasiefaktore** of invloede.

Sover dit die inhoud van die onderskeie beïnvloedingsfaktore betref, gebruik hierdie skrywers die volgende voorbeelde:

**Individuele faktore of invloede**

- Waardesisteme
- Lokus van beheer
- Ouerlike invloed
- Kognitiewe en morele ontwikkeling
- Eiewaarde

**Organisasiefaktore of invloede**

- Gedragskodes
- Norme
- Gedeelde waardesisteme
- Voorbeeld en mentorskap
- Bestuursleierskap
- Kennis, inligting en beloning

Vanuit bogenoemde beïnvloedingsfaktore vloei die onderskeie individuele en organisasiefaktore saam om 'n bepaalde werksetiek en etiese gedrag van 'n individu maar ook as "gedragsbeginsels" binne 'n organisasie te vestig.

Bogenoemde waardes lê almal hoofsaaklik op 'n subjektiewe vlak. 'n Persoon se kulturele en individuele agtergrond sal dus sodanige waardes bepaal en tegelyk ook bydra tot universele waardes, wat van belang is op 'n persoonlike vlak. Hierdie waardes hou almal verband met werksetiek en waardes binne werkverband.

## *2.3 DIE GRONDSLAE VAN WAARDES EN ETIEK*

Dit volg dat waardes en werketiek rigting gee aan 'n professie met betrekking tot daaglikse optrede in die praktyk. Ten einde hierdie rigtinggewende dryfvere in perspektief te stel, moet die basiese filosofie ten opsigte daarvan nagegaan word.

McEwan (2001: 45) verduidelik die betekenis van **waardes** in 'n organisasie as: "... a value refers to the principles or standards that people use, individualy or collectively, to make judgements about what is important or valueable in their lives". Volgens Mostert (1993:61) met verwysing na Hanson word **waardes** aan die volgende vier basiese maatstawwe gemeet, naamlik: "Our values determine what will be considered to be true, right, good, worthwhile and ethical; are the standards and norms which govern our day to day decisions, judgements and behaviour; provide an invisible link, or an invisible barrier, between ourselves and other people because they are some of the unstated assumptions, premises or paradigms behind the way in which we see the world; exert a powerful influence on the types of people, as well as the types of change, that we will feel comfortable with." Murray (1997:44) definieer waardes as: "... a sustained and deeply held preferance

for a mode of acting, being or achieving. " Coetsee (2002:77) definieer die konsep van **waardes** soos volg:

- "conscious, affective desires or wants of people that guide their behaviour on and off the job;
- stable, long-lasting beliefs about what is important;
- a team's, organisation's or society's beliefs about what is right and wrong, good or bad, acceptable or unacceptable;
- passed on from one generation to the next and are communicated through education and training systems, religion, families, communities, organisations and even nations; ..."

Na aanleiding van bogenoemde sienings van die inhoudelike van **waardes** word dit aan die hand gedoen dat **waardes** in beginsel verband hou met:

- persoonlike of groeps oortuiging van beginsels en standaarde,
- wat individue of organisasies se handel en wandel bepaal en rig in die werksplek.

Die praktiese uitleef van waardes word gedryf deur die beginsels van **etiek**. Mostert (1993:61) verwys na Velasquez wat hom soos volg hieroor uitlaat: "Ethics is the standards of behaviour that enable the individual, company or society to pursue these values and Business Ethics is concerned with norms of behaviour considered proper or useful in achieving the values of the individual, organisation or society." Coetsee (2002:86) laat hom soos volg uit in verband met **etiek**: "To act and think ethically means to comply with values, rules and regulations, to focus on the contributions and avoid harmful consequences." Teen dié agtergrond hou waardes verband met die inhoudelike van korrekte doen en late in die werksplek deur die individu en of die organisasie, terwyl **etiek** verband hou met die praktiese uitlewing van die inhoudelike korrekte doen en late.

**Waardes en etiese gedrag** vorm die hoeksteen van enige professie. Kreitner & Kinicki (1998:76-77) laat hulle soos volg hieroor uit: "Organizational values and believes constitute the foundation of an Organization's culture. They also play a key roll in influencing ethical behaviour." Gekose waardes het volgens Kreinter & Kinicki (1998:76-77) bepaalde sleutelkomponente naamlik:

"Values (1) are concepts or beliefs,

(1) pertain to desirable end states or behaviors,
(2) transcend specific situations,
(3) guide selection or evaluation of behaviour and events, and
(4) are ordered by relative importance."

Hieruit is dit dus duidelik dat waardes die fondasie vorm van 'n organisasie. Selfgekose waardes (deur die organisasie se lede of spanlede) sal soveel meer waarde toevoeg tot die inherente kwaliteit van 'n organisasie.

Uit bogenoemde volg dit dat indien die prokureursberoep van 'n kontrole georiënteerde professie na 'n waardegedrewe professie transformeer, gekose waardes en werksetiek van die professie bepaal moet word ten einde gedeelde waardes en norme asook toegewyde en belynde verbondenheid van sy lede daar te stel. Coetsee (2002:97) merk tereg soos volg in die verband op: "We are not implying here that we must do away with all rules and regulations, but we are saying that the emphasis must shift from rules and regulations to values. The reason for this is that shared values are extremely valuable and effective instruments to influence the working behaviour of people positively."

Samevattend blyk dit dat waardes verwys na beginsels en standpunte van persone en organisasies, op 'n individuele of kollektiewe basis, welke waardes die grondslag vorm by die beoordeling van wat waardevol is in die lewe van sodanige persoon/e of organisasie. Etiek hou verband met die

praktiese uitlewing van gekose waardes ten einde dit wat na waarde geag word te bewerkstellig.

## *2.4 DIE FILOSOFIESE BEGINSELS VAN DEONTOLOGIE EN TELEOLOGIE*

Ten einde 'n geldige waardebepaling vanuit 'n werksperspektief te maak, en daarmee saam die objektiwiteit van werkswaardes en etiek te vestig, word voorgestel dat twee klassieke benaderings gebruik word om die **oorsprong** van waardes verder te verstaan. McEwan (2001:71) is die mening toegedaan dat daar waarskynlik nie 'n etiese teorie bestaan wat alle kriteria van persone wat etiek en filosofie met betrekking tot morele aspekte, of 'n toegepaste vorm daarvan, soos besigheidsetiek bestudeer, bevredig nie. McEwan stel verder voor dat twee verskillende benaderings breë konsensus bewerkstellig, en merk soos volg op: "These were identified in pre-Christian times by the Ancient Greeks and are known as **deontological** and **teleological** approaches to ethics." (McEwan, 2001:71.)

Die **deontologiese benadering** is volgens McEwan (2001:71) "... to carry out one's duty irrespective of the consequences, or ends, of any action. Deontological morality is clear cut because an action is right or good, if it possesses one set of characteristics, and wrong or bad if it does not. Concerns about what sort of good, of how much may occur from a spesific action are irrelevant". Die skrywer merk op dat hierdie benadering gewoonlik die van die individu is.

Die **teleologiese benadering** hou verband met 'n doelwit. Volgens McEwan (2001:71) sluit hierdie benadering in: "...all ethical theories that base the rightness of actions, or the moral value of individual traits, on the ends or goals they promote or bring about,..."

Na aanleiding van bogenoemde hou hierdie twee benaderings verband met wat reg is en wat goed is. Indien bogenoemde twee benaderings met die indeling van waardes, volgens die organisasiegedragsperspektief (hierna bespreek) vergelyk word, blyk dit dat hierdie benaderings ooreenstem met die van waardes vanuit 'n instrumentele en terminale beskouing. McEwan (2001:69), met verwysing na Huxley, merk soos volg in die verband op: "The end cannot justify the means, for the simple and obvious reason that the means employed determine the nature of the ends produced."

Volgens die Westminister Dictionary of Christian Ethics (1986:151) beteken deontologie as sodanig "... literally the 'science of duty'. Among Roman Catholic moral theologians, 'deontology' is sometimes used for the special ethics associated with a particular profession or vocation, and perhaps most commonly, 'deontology' denotes a view of morality which takes as its fundamental categories the notions of 'obligation' or 'duty' and the 'rightness' of acts."

Uit hoofde van bogenoemde volg dit dat deontologie verband hou met die minimum waardes en etiese optrede wat 'n spesifieke professie of beroep vereis en wat reg is, ongeag of die gevolge goed is. Die persoonlike waardes van die professionele lede, vanuit individuele en kulturele oorsprong, het 'n baie klein invloed op die keuse van hierdie waardes. Die gevolg hiervan is dat sodanige waardesisteem objektief van aard is, aangesien die gekose waardes deur die betrokke professie gedikteer word.

## *2.5 INDELING EN KLASSIFIKASIE VAN WAARDES*

Histories het die begrip waarde vanuit die filosofie ontstaan en ontwikkel. Hierdie ondersoek fokus op die waardebegrip vanuit die organisasiegedrag perspektief, en word die indeling en klassifikasie van waardes hoofsaaklik vanuit daardie perspektief beskou.


In die organisasiegedragliteratuur word waardes onderskei en geklasifiseer as instrumenteel of terminaal. McShane en Von Glinow (2000:215) merk in die verband soos volg op: "Terminal values are desired states of existance that we think are worth striving for. Instrumental values on the other hand, are desirable modes of behaviour that help us reach the objectives of terminal values". Coetsee (2002:82) definieer instrumentele waardes as "do values" en sê verder dat "... these do values are supportive of each other and thus form a value system". Laasgenoemde skrywer sê verder dat "terminal values" vermy moet word by die kies van waardes in 'n waardesisteem aangesien terminale waardes, byvoorbeeld wins, sukses en prestasie, op die resultaat van die gekose waardesisteem dui. In aansluiting by McShane en Von Glinow (2002:215) moet waardes dus so gekies word dat dit deurlopend op 'n volhoubare basis uitgeleef kan word ten einde die gewenste resultate (en terminale waardes) moontlik te maak.

Die korrekte keuse van instrumentele waardes hou ook bepaalde voordele in. Coetsee (2002:82) sê in die verband: "Successful organisations are often characterised by a shared value system consisting of do values." Hieruit volg dat korrekte instrumentele waardes tot sukses in 'n organisasie bydra.

Die identifisering van relevante instrumentele waardes is dus van kardinale belang ten einde 'n organisasie of 'n professie te vestig wat 'waardegedrewe' is. Die keuse van instrumentele waardes moet sover moontlik op so 'n wyse geskied ten einde eienaarskap van waardes te vergemaklik, wat op sy beurt weer sal ly tot 'n gedeelde waardesisteem. Vanuit die perspektief van die filosofie bied die deontologie die mees objektiewe benadering.

## 2.6 *DIE KONSEP GEDEELDE WAARDES*

**FIGUUR 1: McKINSEY 7-S MODEL**




Oorgeneem uit Peters en Waterman (1984:10).

Die gedagte van gedeelde waardes is deur Peters en Waterman gevestig en die skrywers (1984:9) verklaar: "Our research told us that any intelligent approach to organising had to encompass, and treat as interdependant, at least seven variables: structure, strategy, people, management style, systems and procedures, guiding concepts and shared values (i.e. culture) and the present and hoped-for corporate strengths or skills. We define this idea more precisely and elaborated what came to be known as the McKinsey 7-S framework."

Na aanleiding van Figuur 1 blyk dit dat gedeelde waardes sentraal staan, en die spilpunt vorm van die ses veranderlikes. Die implikasie is dat 'n organisasie sonder gedeelde waardes rigtingloos is en uiteindelik desintegreer. Ten einde 'n organisasie op die basis van gedeelde waardes te bestuur is dit van kardinale belang dat die korrekte gedeelde waardes geïdentifiseer moet word, en dat al die lede van die organisasie daagliks daarna sal streef om die gedeelde waardes uit te leef.

## *2.7 DIE ROL EN TOEPASSING VAN DIE BEGRIP WAARDE IN DIE BESTUURSWETENSKAP*

Waardes hou verband met persoonlike en groepsoortuigings oor/ten opsigte van morele norme, beginsels en standaarde, wat individue en organisasies se handel en wandel in die werkplek rig en bepaal. Die rol van waardes in 'n organisasie is van kardinale belang, aangesien dit alle sisteme van 'n organisasie rig. Ten einde waardes as 'n rigtinggewende rolspeler in 'n organisasie aan te wend volg dit dat die gekose waardes, die gedeelde waardes van 'n organisasie en sy lede sal wees. Hartman (2002:340) merk in hierdie verband soos volg op: "... a values-based approach aims to define organizational values and encourage employee commitment to ethical aspirations."

**Motivering** van die werksmag is vir die bestuursleier van belang omdat dit lei tot hoër produktiwiteit en uiteindelike sukses. Motivering vereis meer as betrokkenheid, toewyding en verbondenheid. Coetsee (2002:37) maak gebruik van 'n belynde verbondenheidsformule om die skep en instandhouding van 'n motiverende klimaat te vestig. Hierdie formule bestaan uit die volgende elemente: kennis x inligting x bemagtiging x vergoeding en beloning x gedeelde visie (doelwitte en waardes). Dit is vanselfsprekend dat, indien gedeelde waardes in hierdie formule ontbreek, daar geen resultaat sal

wees nie, die werkmag dus nie gemotiveer sal wees nie en 'n motiverende klimaat nie sal bestaan nie.

Waardes speel 'n sentrale rol in die **kultuur** en **kultuurvorming** van 'n organisasie. Cummings en Worley (2001:502) stel die verskillende vlakke van organisasiekultuur voor as vier konsentriese sirkels. Hierdie sirkels word van buite na binne gerangskik in volgorde van laagste na hoogste vlak van organisasiekultuursensiwiteit. Hierdie vlakke van sensiwiteit is artefakte, norme, waardes en basiese aannames met betrekking tot die organisasie se kernbesigheid. Cummings en Worley (2001:503) maak die volgende opmerking omtrent waardes: "The next deeper level of awareness includes values about what ought to be in organizations. Values tell members what is important in the organization and what deserves their attention." Gibson, Ivancevich en Donnelley (2000:30) verwys na Schein se drievlak-model met betrekking tot organisasiekultuur en merk soos volg op: "At layer II are values or the things that are important to people."

Waardes is van kardinale belang sover dit die **strategie** van enige organisasie betref. Strategie beteken per definisie volgens Thompson en Strickland (2001:3) die volgende: "A company's **strategy** is the game plan management is using to stake out a market position, conduct its operations, attract and please customers, complete successfully, and achieve organizational objectives." Dieselfde skrywers (2001:63) is van mening dat gedeelde waardes en organisasiekultuur noodsaaklik is om 'n gekose strategie ten uitvoer te bring en merk soos volg in die verband op: "This is because culture related values and believes are so embedded in management's strategic thinking and actions that they condition how the enterprise does business and responds to external events." Die strategiese idioom van "strategy follows structure" impliseer dat indien gedeelde waardes van 'n organisasie ontbreek, sodanige struktuur mank gaan aan die sentrale norm van die McKinsey 7-S-model, naamlik gedeelde waardes, sien Figuur 1.

Die uitdruklike implikasie hiervan is dat sodanige organisasie strategies nie sal slaag nie.

Irons met verwysing na Hass word in Managing service companies (1994:231) soos volg aangehaal: "A strategy is no good if people don't fundamentally believe in it." Hieruit is dit duidelik dat waardes 'n gemeenskaplike 'taal' vestig vir die belyning van 'n organisasie se leierskap en lede, ten einde die strategiese doelwit te kan bereik.

Vanuit die perspektief van **veranderingsbestuur** is die kwessie van gedeelde waardes ewe belangrik. Ten einde waardes optimaal doelmatig binne 'n organisasie te implementeer in die geval van organisasieverandering moet gedeelde waardes bestaan. Olson en Eoyang (2001:104) gebruik die term 'scaling' vir die keuse van gedeelde waardes. In die geval van organisasieverandering en keuse van waardes laat dié skrywers hulle soos volg hieroor uit: "Scaling distinguishes random system from a complex adopted one. Scaling is the tendency of a complex system to repeat the same patterns in many different parts of the system and at many different levels of magnitude and frequency. Examples of scaling are easy to find in organizations. Values are shared and reflected among individuals in different contexts in the same organization."

Die gebrek aan gedeelde waardes in 'n organisasie het 'n negatiewe uitwerking op die organisasie en sy lede. Olson en Eoyang (2001:105) sê in die verband: "Groups develop distrust and lose sence of loyalty to an organization that disregards the need for scaled values and expectations."

Johnson (1996:227) sluit by die vorige skrywers aan met betrekking tot die kwessie van gedeelde waardes vanuit die perspektief van polariteitsbestuur. Hy verduidelik dat waardes na aanleiding van 'n generiese polariteit as deel/geheel beskou kan word. Ten einde 'n suksesvolle gesprek binne

groepsverband te voer met betrekking tot waardes op die basis van dié generiese polariteit sê Johnson: "When working with a group on the management of a polarity, you must get their agreement of the content of the model before it can become a useful tool for them. If they do not buy into a shared polarity picture, you are dead in the water."

Samevattend blyk dit dat waardes en gedeelde waardes 'n kardinale rol speel by bestuur en leierskap, en moet hierdie dimensie van bestuur en leierskap deurlopend verdiskonteer word in die verskillende bestuurs- en leierskapsdissiplines. Sou die bestuursleier waardes en gedeelde waardes met die uitvoering van sy taak ignoreer impliseer dit mislukking met betrekking tot die motivering van die werksmag, uitvoering van strategie, suksesvolle veranderingsbestuur en 'n kultuurlose organisasie wat uiteindelik kan uitloop op die mislukking van die organisasie.

## *2.8 LEIERSKAP EN WAARDES*

**Leierskap** en waardes is interafhanklik. Johnson (2002:242) verwys na 'n leierskapsmodel wat deur Jack Welch ontwikkel is en sê: "A type I leader, according to the Welch model achieves results when holding values sacred. This is the ideal leader". Die ander leiers waarna Welch verwys, is die leier sonder suksesse en wat nie waardes ag nie, 'n leier wat waardes ag maar nie suksesse behaal nie en die leier met suksesse sonder gedeelde waardes. Johnson sê Welch is bereid om die derde tipe leier 'n tweede kans te gee op grond van sy waarde-oriëntasie.

Die ideale leier word beskou as die leier wat bekend staan as transformerend van aard. Die drie kerntake van hierdie tipe leier word deur Hanford en Coetsee (2003:30) soos volg beskryf: "... (1) create and communicate purpose/direction, that (2) align people to realize the desired vision and values, and to (3) create the necessary conditions (environment), which will

enable and motivate people to achieve desired outcomes or goals". Waardes en 'n gedeeldewaardesisteem speel dus 'n onmisbare rol by die mondering van die transformerende leier.

Wat die daaglikse werklewe van 'n bestuursleier betref, is waardes nie uitgesluit nie en Manning en Curtis (2003:96) spreek hulle soos volg hieroor uit: "What a leader says and does regarding values has enormous influence on others." Manning en Curtis (2003:96) merk vervolgens soos volg op: "In general, a leader's belief or value system will determine her success."

In vooropstelling van bogenoemde moet 'n leier nie 'n organisasie lei om terminale waardes en instrumentele waardes te identifiseer nie maar om op 'n daaglikse basis gekose instrumentele waardes, vanuit 'n deontologiese perspektief, werklik uit te leef en sodoende as rolmodel te dien vir die uitleef van die waardestelsel deur al sy/haar kollegas. Ter opsomming merk Peters en Waterman (1984:97) soos volg op met verwysing na Barnard: "He added that organizational values and purpose are defined more by what executives do than what they say." Die daaglikse en deurlopende uitleef van gedeelde instrumentele waardes deur die bestuursleier, is van kardinale belang om die gedeeldewaardegedagte lewendig te hou.

## *2.9 DIE WERKING EN INVLOED VAN PERSEPSIE OP MENSLIKE GEDRAG*

Hierdie aspek word ondersoek ten einde groter duidelik te kry met betrekking tot menslike gedrag na aan leiding van Afdeling C van die vraelys wat in die empiriese ondersoek gebruik word. Ten spyte van die feit dat 'n transportbesorger se gedrag deur reëls en regulasies en 'n hof gereël word, is daar transportbesorgers wat reëls in hierdie verband oortree deur openlik werk te werf. Die vraag ontstaan na die rede vir hierdie gedrag.

Vanweë die institusionele aard van die prokureursprofessie is dit onder andere die taak van die Prokureursorde, as die professie se amptelike liggaam, om lede te dissiplineer na aanleiding van klagte deur die publiek met betrekking tot die beweerde oortreding van sekere reëls. Die gevolg hiervan is dat die lede wat aangekla word 'n persepsie vorm van die Prokureursorde en die reëls. Kreitner en Kinicki (2004:225) definieer persepsie as: "... a cognitive process that enables us to interpret and understand our surroundings".

Persepsie is dus 'n persoon se realiteitsbeskouing, ongeag wat die realiteit is. Persepsievorming word deur stereotipering beïnvloed. Stereotipering beteken volgens McShane en Von Glinow (2000:172) "... the process of using a few observable characteristics to assign people to a preconceived social category, and then assigning less observable traits to those persons based on their membership in the group".

Die vraag onstaan vervolgens hoe akkuraat stereotipering van 'n professionele liggaam is. Volgens McShane en Von Glinow (2000:172-173) het vroeëre skrywers stereotipering so te sê as volkome vals en inkorrek beskou. Tans is die beskouing dat stereotipering grys is, dit wil sê elemente van korrektheid en inkorrektheid word vervat ten opsigte van die objek relevant tot die persepsievormer.

Een van die grootste probleme met stereotipering is dat dit etiese probleme skep. In die verband merk McShane en Von Glinow (2000:173) soos volg op: "Stereotypes may be part of the perceptual process, but inaccurate stereotypes raise serious ethical concerns. Perhaps the greatest concern is that stereotyping lays the foundation for **prejudice** – unfounded negative emotions toward people belonging to a particular stereotyped group."

Die onoplosbare probleem vir die Prokureursorde is dat daar vanweë die professionele inslag van die prokureursberoep, van die Prokureursorde verwag word om sy lede te dissiplineer in die geval van wangedrag, en terselfdertyd sy lede se belange te dien. Klagtes van beweerde wangedrag deur prokureurs word deur die publiek gelê, wat dikwels min of glad nie ingelig is met betrekking tot die prokureursprofessie se gedragsreëls en die toepaslike regsposisie nie. In 'n poging om deursigtig op te tree is die Prokureursorde verplig om alle klagtes met sy lede op te neem, ongeag die meriete daarvan. Dit is noodwendig dat ongegronde klagtes 'n persepsie van onbillikheid met betrekking tot reëls en regulasies en die Prokureursorde by lede van die prokureursprofessie veroorsaak.

Die vraag ontstaan hoe die Prokureursorde en sy lede te werk gaan ten einde die bogenoemde situasie te beredder. McShane en Von Glinow (2000:181) is van mening dat dit nie moontlik is om die perseptuele proses uit te skakel nie, maar dat perseptuele bevooroordeeldheid en distorsies ten alle koste tot die minimum beperk moet word. Hierdie skrywers stel vyf strategieë voor ten einde die kwessie van persepsies te verbeter. Vanuit die perspektief van hierdie ondersoek is die mees relevante strategie volgens hierdie skrywers (2000:181) "... becoming more aware of our values, beliefs, and prejudices". Ter opsomming blyk dit dat persepsie houding bepaal en dat houding gedrag bepaal. Dit blyk verder dat **bewustheid** van waardes en vooroordele by lede van 'n organisasie remediërend inwerk.

## *2.10 DIE LERENDE ORGANISASIE, KULTUURTRANSFORMASIE EN DIE DENKPROSES*

Hierdie aspek handel met basiese beginsels wat in ag geneem moet word en wat toepassing vind op die voorgestelde transformasie proses. Die institusionele aard van die prokureursprofessie reël die organisasie van die professie in terme van die bepalings van Hoofstuk III van die Wet op

Prokureurs (Wet 53 van 1979). Artikel 57(1) van dié Wet bepaal: "Elke praktisyn wat in 'n provinsie praktiseer, hetsy vir eie rekening of op 'n ander wyse, is lid van die orde van daardie provinsie." Dit volg dat elke praktiserende prokureur, notaris en transportbesorger sonder keuse, onder die jurisdiksie val van die Prokureursorde van die provinsie waarin hy/sy praktiseer.

Johnson (2002:241), met verwysing na DiBella en Nevis (1998), gaan van die standpunt uit dat 'n lerende organisasie gekenmerk word aan die gevorderde vlak van organisasie-ontwikkeling. Die lerende organisasie het volgens Johnson (2002:241) verskeie kenmerke waarvan die mees prominente kenmerke verband hou met leierskap en 'n positiewe benadering tot transformasie. Verskeie definisies bestaan van 'n lerende organisasie. Garvin (1993:80) beskryf 'n lerende organisasie as "...skilled at creating, acquiring, and transferring knowledge, and at modifying its behavior to reflect new knowledge and insights". Hierdie definisie beklemtoon veral kennisoordrag en gedragsverandering. 'n Komplekse definisie van 'n leerende organisasie word deur Senge (1990:7) soos volg gestel: "... where people continuously expand their capacity to create the results they truly desire, where new and expansive patterns of thinking are nurtured, where collective aspiration is set free, and where people are continually learning how to learn together". Volgens Johnson (2002:242) word die lerende organisasie verder gekenmerk deur die feit dat dit voortdurend data uit die omgewing van sy bestaan vergader, buigsaam en aanpasbaar is en uit vorige ervarings leer. Kennis word gedeel en die lerende organisasie beskik oor sisteme en prosesse om kennis en inligting te deel. Teen hierdie hele agtergrond en na aanleiding van die inhoud van Hoofstuk III van die Wet op Prokureurs (Wet 53 van 1979) volg dit dat die prokureursprofessie en daarmee saam die Prokureursorde as 'n lerende organisasie beskou kan word.

Die titel van hierdie ondersoek propageer 'n transformasie van die waarde-oriëntasie van die prokureursprofessie. In terme van die uitgangspunte van die veranderingsbestuur word onderskei tussen hervorming en transformasie. Volgens Coetsee (2002:193) behels hervorming dat die status quo gehandhaaf word, maar dat doeltreffendheid verhoog word. Transformasie behels verder volgens hierdie skrywer die ontdekking of ontwikkeling van iets nuuts ten einde doelmatigheid te verhoog. Op hierdie grondslag progageer die titel van hierdie ondersoek en impliseer die probleemstelling 'n transformasie van die kultuur van die prokureursprofessie. Die kultuurtransformasie behoort by die bestuur van die prokureursprofessie sowel as op die breedste moontlike basis binne die professie plaas te vind, welke basis sal strek van die opleiding van regstudente tot praktiserende prokureurs.

Volgens Cummings and Worley (2001:502) word organisasiekultuur gedefinieer as "... the pattern of basic assumptions, values, norms and artifacts shared by organization members". Laasgenoemde skrywers beskou die mees komplekse aspek van organisasie kultuur as daardie aspek wat verband hou met die basiese aannames wat persone in organisasies maak. Dit wil sê denkprosesse wat ontwikkel is in 'n organisasie. "These shared meanings help members make sense out of everyday life in the organization."

In die lig van die verhoogde voorkoms van werkwerwing deur lede van die prokureursprofessie en die nuwe stel Riglyne: Hantering van eiendomsregsake (Gedragskode), Omsendskrywe nr.2/2004 (2004), is dit noodsaaklik dat die denkproses van die lerende organisasie van nader beskou moet word. Die noodsaak vir hierdie ondersoek is daarin geleë dat die Prokureursorde se leerervaring dikteer dat die afkondiging van reëls en gedragsriglyne onder andere etiese probleme doelmatig onder die loep sal neem. Ten einde die denkproses van die lerende organisasie in perspektief te beskou is dit noodsaaklik om kennis te neem van die verbatum aanhaling

van Normann (2004:189) met verwysing na Dennett ten opsigte van denkwyses by die mens se leerproses.

> *"Dennett makes the distinction between three types of 'creatures', representing a more or less advanced reflection on the very process of learning. The first level he calls 'Skinnerians', and they clasically develop by trail and error, like Skinner's famous mice. They ask 'What do I do next?' and then they do something, and see whether it works out or not – whether they get positive or negative feedback. A much more advanced form, which Dennett terms 'Popperians', asks 'What should I think about?' before they ask 'What do I do next? Here, reflection on one's activity as a conscious activity in itself has explicitly entered into the actor's model building of his own learning behaviour.*
>
> *There is, however, yet another and considerably more advanced 'creature' again, named 'Gregarians'. Before they ask 'What do I do next?' before which they have asked 'What should I think about?' they have asked another crucial question: ' How should I think better about what to think about next?'.*
>
> *Thus we can move between different levels of consciousness both with regard to how we view the world and in terms of how we view our own learning-oriented actions."*

Indien die 'Gregarian'-styl van denke gevolg word met die oog op die bekamping van werkwerwing deur lede van die prokureursprofessie deur

middel van 'n kultuurtransformasie moet die lerende organisasie deur middel van introspeksie die volgende vrae van Normann (2004:191) stel:

a. "What business are we in?/What are we?"
b. "What business (or businesses) could we be in?/What could we be?"
c. "What business should we be in/do we want to be in?/What should we be?"

"Pictorially the three questions can be arranged in a sequence of starting from what 'is', opening up and generating diversity, and closing in to focus on a line of action".

By afhandeling van die voorgestelde introspeksie moet die lerende organisasie die nuwe rigting ten opsigte van die bestuur van etiese gedrag waarop besluit is doelmatig deur middel van veranderingsbestuur vestig. Die uiteindelike doelwit van die gekose uitkoms moet bewerkstellig word deur sukses en nie deur nuwe gedragsriglyne wat bloot afgekondig word nie.

Samevattend blyk dit dat die prokureursprofessie en die Prokureursorde 'n lerende organisasie is met 'n institusionele kultuur. Die institusionele kultuur van die prokureursprofessie dikteer 'n transaksionele werk- en denkwyse ten opsigte van die bestuur van eie sake.

## *2.11 METING VAN GEDRAG*

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit noodsaaklik te wees om lede van die prokureursprofessie se persepsie ten opsigte van waardes en etiese gedrag op 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe grondslag te meet in 'n poging om die verskynsel van werkwerwing by die prokureursprofessie te verstaan. 'n Selfopgestelde kwalitatiewe en kwantitatiewe vraelys word aan 'n populasie van prokureurs in Johannesburg en Pretoria gestuur. Die vraelys sal poog

om die volgende aspekte met betrekking tot waardes en etiek van die prokureursprofessie te meet:

- Die sensiwiteit van die prokureursprofessie met betrekking tot waardes en etiek
- Prokureurs se siening en insig van die basiese waardes van die professie
- Die siening van prokureurs ten opsigte van bestaande reëls van toepassing op etiese gedrag en die Prokureursorde

Die resultate wat deur die vraelys verkry word hou direk verband met die persepsie van lede van die professie ten opsigte van waardes en etiek, welke persepsie houding en gedrag bepaal ten opsigte van waardes en etiek. Hierdie inligting sal verder ook tot hulp wees om die verskynsel werkwerwing beter te verstaan, soos meer volledig blyk uit die doelstellings van hierdie ondersoek, soos uiteengesit in Hoofstuk 1.

## *2.12 SAMEVATTING*

Uit hierdie hoofstuk blyk dit dat die mens se waarde-oriëntasie en werketiek sy oorsprong het by die individuele mens, sy kultuur en universele waardes soos godsdiens. Die mens se waardes en werketiek word op sy beurt beïnvloed deur individuele en organisasiefaktore.

Die klassieke filosofiese benadering tot waardes en werketiek vanuit die deontologie en teolologie hou verband met waardes en werketiek wat onderskeidelik reg en goed is. Vanuit voormelde benadering volg dit dat 'n sekere minimum vereiste aan 'n professie of beroep gestel word ongeag of die vereiste se gevolge goed is al dan nie. Hierdie vereiste of "behorenseis" vorm die grondslag van die deontologie. In aansluiting hierby word in die literatuur onderskei tussen instrumentele en terminale waardes.

Instrumentele waardes is "doen waardes" wat vervulling van terminale waardes bewerkstellig.

In sekere bestuurs- en leierskapvelde, soos die motivering van die werksmag, strategiese bestuur, veranderingsbestuur en organisasiekultuur, word gedeelde waardes as kritieke suksesfaktore gesien. Volgens die McKinsey 7-S-model staan gedeelde waardes sentraal met betrekking tot ses ander interafhanklike veranderlikes. Dit blyk verder dat waardes en gedeelde waardes die sukses van leierskap bepaal. Dit geld veral met betrekking tot die leier se volhoubare sukses.

Persepsies is 'n persoon se realiteitsbeskouing. Indien 'n persoon se persepsie nie belyn is met die werklikheid nie, kan die gedrag van so 'n persoon in konflik kom met die sisteem waarbinne hy/sy leef. 'n Stategie van gedeelde waardes is een van die wyses om persepsie van mense doelmatig te bestuur.

In die lig van hierdie ondersoek kan werkwerwing deur lede van die prokureursprofessie soos volg verstaan en beskryf word:
*Werkwerwing behels 'n opsetlike en onkonstitusionele negering van instrumentele en terminale waardes, en het die bevordering van eiebelang tot nadeel van die lasgewer, professie en publiek in die oog.*

# HOOFSTUK 3

# 'N DEONTOLOGIESE EN EMPIRIESE BEGRONDING VAN TERMINALE- EN INSTRUMENTELE WAARDES VAN TOEPASSING OP DIE PROKUREURSPROFESSIE

## *3.1 INLEIDING*

Uit dié probleemstelling volg dit dat waardes vanuit die perspektief van die teolologie en deontologie bepaal moet word ten einde gedeelde waardes vir die prokureursprofessie te bepaal. Uit hoofde van die literatuurstudie in Hoofstuk 2 gedoen, blyk dit dat werkwerwing deur lede van die prokureursprofessie gedefinieer kan word as: opsetlike en onkonstitusionele negering van intrumentele en terminale waardes met die oog op die bevordering van eiebelang met gevolglike benadeling van die lasgewer, professie en publiek in die algemeen.

Die titel van hierdie ondersoek stel voor dat werkwerwing deur transportbesorgers deur middel van 'n waardegedrewe, in plaas van 'n reël-en-regulasiegedrewe oriëntasie, meer doelmatig bestuur kan word. Die literatuurstudie toon verder dat onderskeid getref moet word tussen instrumentele waardes en terminale waardes. Terminale waardes bepaal 'n gewenste en ideale werklewemileu, instrumentele waardes bepaal gewenste en ideale gedragswyses wat die grondslae lê (dus instrumenteel is) vir die instandhouding en voldoening van die ideale werkslewemileu.

In vooropstelling van laasgenoemde moet die prokureursprofessie se terminale waardes in die eerste instansie op 'n teleologie grondslag bepaal word. Hierdie benadering word onderskryf deur Covey (1989:98) wat soos volg opmerk: "... 'begin with the end in mind' is to begin today with the image, picture, or paradigm of the end...".

In hierdie hoofstuk sal vervolgens gehandel word met:

- Eindwaardes van toepassing op die prokureursprofessie vanuit 'n teleologie perspektief
- Instrumentele waardes van toepassing op die prokureursprofessie vanuit 'n deontologiese perspektief
- Die meetinstument wat gebruik word om, die etiese sensitiwiteit van die prokureursprofessie ten opsigte van waardes en etiese gedrag te bepaal, prokureurs se siening en insig in die basiese waardes van die professie vas te stel, en die siening van prokureurs ten opsigte van bestaande reëls van toepassing op etiese gedrag en die Prokureursorde te bepaal, en die metode en resultate van die ondersoek

Die prokureursprofessie is by uitstek institusioneel van aard en word gefundeer en gereël deur die volgende kenbronne:

- Wet 53 van 1979, Wet op Prokureurs (Hierna Die Wet genoem). Afskrifte van die relevante artikels wat hierna bespreek, word as Bylae B aangeheg.
- Die Eed wat 'n prokureur, transportbesorger en 'n notaris wat afgelê word by toelating in die hof, soos bepaal in Artikel 82(c) van Die Wet, (Hierna Die Eed genoem). 'n Afskrif van die relevante artikel en eed word as Bylae C aangeheg en hierna bespreek.
- Deel XII Gedrag, van die reëls uitgevaardig kragtens Artikel 74 van Die Wet, reël 89 tot reël 92. (Hierna Die Reëls genoem). 'n Afskrif van die relevante reëls word as Bylae D aangeheg en hierna bespreek.
- Artikel 5 van Die Grondwet, van die Prokureursorde van Suid-Afrika. (Hierna Die Grondwet genoem). 'n Afskrif van die relevante artikel word as Bylae E aangeheg en hierna bespreek.
- Beginsels van die Kontraktereg met betrekking tot die lasgewingsooreenkoms. (Hierna Die Materiële Reg genoem).
- Die Presedentereg

- Die professionele grondslag van die prokureursberoep.

Hierdie kenbronne word vervolgens nagegaan ten einde vas te stel welke terminale en instrumentele waardes met betrekking tot die prokureursprofessie daarin opgeneem is.

## *3.2 EINDWAARDES VAN TOEPASSING OP DIE PROKUREURSPROFESSIE VANUIT 'N TELEOLOGIESE PERSPEKTIEF*

Volgens MacShane en Von Glinow (2000:215) hou eindwaardes in dat dit, "...desired states of existance...worth striving for..." is. Wat die prokureursprofessie betref, word die gewenste eindwaardes deur die Wetgewer bepaal. Hierdie bepalings word gevind in artikels 15(a), 16(a), 18(2a) en 22(d) van Wet 53 van 1979, Wet op Prokureurs.

In die betrokke artikels word vereis dat 'n prokureur 'n 'geskikte en gepaste persoon' moet wees om deur die hof as sodanig toegelaat, of hertoegelaat te word. 'n Prokureur se naam word van die rol verwyder indien die hof by wyse van 'n kennisgewing van mosie bevind dat die persoon, 'na goedvinde van die hof, nie 'n geskikte en gepaste persoon is om voort te gaan om as prokureur te praktiseer nie'. Vanuit die literatuurstudie wat gedoen is impliseer die eindwaarde van 'n 'geskikte en gepaste persoon', 'n waardesisteem gebaseer op instrumentele waardes wat die gewenste eindwaardes in stand sal hou.

Die teleologie eindwaardes sal vervolgens in tabelvorm geïdentifiseer word na aanleiding van Bylaes B, C, D en E die Kontraktereg , Presedentereg en die professionele grondslag van die prokureursberoep.

**TABEL 1: TELEOLOGIESE EINDWAARDES**

| Bylae B | Geïdentifiseerde waardes |
|---|---|
| Artikels 15(1)(a), 16(a), 18(2)(a), 22(1)(d)(e) | Geskikte en gepaste persoon |
| Artikel 58(a) | Pestige, status en waardigheid |
| **Bylae E** | **Geïdentifiseerde waardes** |
| Artikel 5.1.3 | Prestige, status en waardigheid |
| Artikel 5.1.13 | 'n Regsisteem wat billik, regverdig, onpartydig en vry van onbillike diskriminasie is. |

**Die Presedentereg**

Die statutêre vereiste dat 'n prokureur **'n geskikte en gepaste persoon** moet wees om te praktiseer impliseer vanuit 'n waarde- en etiekperspektief bepaalde terminale kwaliteit by lede van die professie. Omgekeerd kan geargumenteer word dat **'n geskikte en gepaste persoon** in die professie die professie in stand sal hou en gevolglik 'n **waarborgfunksie** sal verrig.

Toelating in die eerste instansie van 'n aspirant-prokureur, notaris of transportbesorger is in die reël nie problematies nie. Die rede hiervoor is dat die aplikant prima facie **'n geskikte en gepaste persoon** is. In die geval van 'n aansoek deur 'n applikant tot hertoelating, waar die applikant se naam vantevore deur die hof van die rol van praktisyns verwyder is op grond van die feit dat hy nie meer **'n geskikte en gepaste persoon** is nie, word probleme wel ondervind. Sodanige aansoek na die hof skep om vanselfsprekende redes probleme, omdat die applikant hom by 'n vorige geleentheid/geleenthede gediskwalifiseer het as 'n geskikte en gepaste persoon uit hoofde van sy wangedrag, wat in die reël etiese wangedrag insluit.

Die vereiste van **'n geskikte en gepaste persoon** word nie in die Wet omskryf nie. *Die rede, volgens die howe, lê daarin dat daar 'n diskresie*-uitoefening by die hof moet plaasvind by die oorweging van 'n aansoek om toelating of hertoelating as prokureur, notaris of transportbesorger.

Daar is vele gerapporteerde hoërhofuitsprake in verband met die interpretasie van **'n geskikte en gepaste persoon** soos gebruik in die onderskeie artikels van die Wet. Hierdie terminologie is reeds sedert 1902 in hofuitsprake gebruik soos hierna sal blyk.

Die uitspraak van Regter-President Boshoff in die beslissing van Kaplan v Incorporated Law Society, Transvaal 1981(2) SA 762T, kan beskou word as 'n hoogwatermerk met betrekking tot die navorsing wat gedoen is ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van die prokureursberoep in Suid-Afrika. Die Kaplan-beslissing maak ook rigtinggewende uitsprake in verband met waardes en etiek in die prokureursprofessie.

Die feite van toepassing op die Kaplan-beslissing is dat die applikant (Kaplan) voorheen as 'n prokureur gepraktiseer het. Die applikant is op aansoek deur die betrokke Prokureursorde weens onprofessionele gedrag van die rol geskrap. Hy is daarna krimineel vervolg en skuldig bevind aan meineed, diefstal, bedrog en 'n statutêre oortreding. Kaplan is gevonnis tot 21 maande gevangenisstraf en is ook 'n boete opgelê.

In die Kaplan-uitspraak bespreek Regter-President Boshoff die volgende:

- Die historiese ontwikkeling van die prokureursprofessie en toepaslike wetgewing sedert die Middeleeue, die Romeinse Reg en die Romeins-Hollandse Reg (1981:G770-G772)

- Die ontwikkeling van die prokureursprofessie in Suid-Afrika sedert 1652, die Britse besettingstydperk, die vroeë Kaapkolonie en die ou Transvaalse Republiek (1981:H772-B774)
- Die eerste gerapporteerde beslissing met betrekking tot die vereiste dat 'n prokureur 'geskik en gepas' moet wees, is gerapporteer in die beslissing Zeiler v Incorporated Law Society 1902 TS 24 (1981:D774)
- Verdere regspraak en statutêre bepalings van toepassing by die toelating van prokureurs, spesifiek met betrekking tot die vereiste van 'geskik en gepas' (1981:E774-H781)

Na aanleiding van bovermelde ontleding beslis Regter-President Boshoff die wyse waarop 'n geregshof sy diskresie moet uitoefen om te bepaal of 'n persoon 'geskik en gepas' is om as prokureur toegelaat te word. Sy beslissing kan soos volg opgesom word:

- Met verwysing na die beslissing van Kudo v Cape Law Society 1977 (4) SA 659 (A), het Appélregter Jansen beslis dat die hof se diskresie, onder andere, 'n waardeoordeel inhou (1981:A785). Dié waarde-oordeel word ongelukkig nie gekwalifiseer as instrumenteel of eindwaarde nie.
- 'n Hof behoort sy diskresie soos volg uit te oefen: "In exercising its discretion whether or not the applicant is a fit and proper person to be re-admitted as an attorney, the Court will have to consider his personal qualities and decide whether he is fit and proper in relation to such matters as the pretige, status and dignity of the profession, and the integrity, standards of professional conduct and responsibility of practitioners, the kind of personal qualities in respect of which a Law Society has te be satisfied in terms of s16 as mentioned earlier in this judgement (1981:A-B790)." Die geleerde regter beslis ook verder in verband met die hof se diskresie soos volg: "In this connection it is not to be overlooked that the trust and confidence reposed by the

public and by the Court in practitioners to carry on their profession under the aegis of the Courts must make the Courts astute to see that persons who are enrolled as attorneys are persons of dignity, honour and integrity". Die geleerde regter beslis verder: "It is essential for the prestige, status and dignity of the profession that practitioners should not be identified with any form of dishonesty or dishonourable conduct in the eyes of the public at large, the Court and those concerned with the administration of justice." (1981:792-793.)

Die hof ontleed verder die applikant se persoonlike omstandighede wat aanleiding gegee het tot sy skrapping asook sy beweerde rehabilitasie wat hom beweeg het tot 'n aansoek om hertoelating. Na oorweging van al die tersaaklike feite beslis die hof dat Kaplan nie **geskik en gepas** is om hertoegelaat te word nie.

Samevattend blyk dit dat 'n geskikte en gepaste persoon 'n **regsisteem sal bevorder en in stand sal hou** wat **billik, regverdig, onpartydig** en vry van **onbillike diskriminasie** is. In hierdie proses sal die **prestige, eer** en **waardigheid** van die regsisteem en die professie beslag kry en in stand gehou word.

## *3.3 INSTRUMENTELE WAARDES VAN TOEPASSING OP DIE PROKUREURSPROFESSIE VANUIT 'N DEONTOLOGIESE PERSPEKTIEF*

Soos blyk uit die literatuurstudie in Hoofstuk 2, beteken instrumentele waardes "...desireable modes of behavior that help us reach the objectives of terminal values" (McShane & Von Glinow, 2000:215), asook "do values" (Coetsee, 2002:82). Deontologie beteken volgens die omskrywing in Hoofstuk 2 "Science of duty" en "Rightness of acts" (Westminister Dictionary of Christian Etichs, 1986:15).

Die ondersoek van Bylaes B, C, D en E, Die Materiële Reg en die professionele grondslag van die prokureursprofessie loop uit op die identifikasie van 'n aantal waardes wat in Tabelvorm weergegee word. 'n Aantal van die waardes moet afgelei word uit die bewoording in die kenbronne. Hierdie werkwyse word gevolg op grond van die feit dat die kenbronne gedrag beskryf wat die afwesigheid van sekere waardes konstateer. Op grond hiervan word die waardes afgelei en (vermeld). Hierdie instrumentele waardes (Tabel 2) is dus die deontologiese grondslag van instrumentele waardes van die prokureursprofessie.

**TABEL 2: DEONTOLOGIESE WAARDES**

| **Bylae B** | **Geïdentifiseerde Waardes** |
|---|---|
| Artikel 30(e) | Misdryf. (Waarde: Wetsgehoorsaam.) |
| Artikel 47(a, b en c) | Diefstal. (Waarde: Eerlikheid.) |
| Artikel 58(e) | Integriteit. |
| Woordomskrywings, Artikel 67(2) en Artikel 71. | Onprofessioneel of oneerbaar of onbetaamlik. (Waarde: professioneel, eerbaar en betaamlik.) |
| **Bylae C** | **Geïdentifiseerde Waardes** |
| Die Eed | Eerlik, opreg, trou. |
| **Bylae D** | **Geïdentifiseerde Waardes** |
| Reël 89 en Reël 92 | Onprofessioneel en oneerbaar. (Waarde: professioneel en eerbaar.) |
| Reël 89.6 | Versium. (Waarde: Stiptelik.) |
| Reël 89.8 | Wanbetaling. (Waarde: Stiptelike betaling.) |
| Reël 89.10<br>Reël 89.15<br>Reël 89.16<br>Reël 89.19<br>Reël 89.21<br>Reël 89.22 | Versium. (Waarde: Stiptelik.) |

| Bylae E | Geïdentifiseerde Waardes |
|---|---|
| Artikel 5.1.2 | Onafhanklik en integriteit. |
| Artikel 5.1.3 | Handhaaf en bevorder professionele standaarde. |
| Artikel 5.1.5 | Vrywillige diens in belang van die gemeenskap. |
| **Die Materiële Reg** | **Geïdentifiseerde Waardes** |
| Beginsels van die Kontraktereg met betrekking tot die lasgewingsooreenkoms. | Eerlik, betroubaar en sorg, dien van lasgewer se belange en waak teen eiebelang. |
| **Die Professionele grondslag van die Prokureursberoep** | Diens in en aan die gemeenskap, Waak teen eiebelang |

Opsommenderwys word die volgende instrumentele waardes uit die bogenoemde geidentifiseer:

- ✓ Professioneel (gedrag)
- ✓ Eerbaar/eerlik
- ✓ Betaamlik
- ✓ Wetsgehoorsaam
- ✓ Integriteit
- ✓ Opreg
- ✓ Trou
- ✓ Stiptelik
- ✓ Onafhanklik
- ✓ Vrywillige diens in gemeenskap
- ✓ Betroubaar
- ✓ Sorg
- ✓ Waak teen eiebelang.

Die betekenis en inhoud van bogenoemde instrumentele waardes word uit HAT (2000) verklaar ten einde te bepaal of daar 'n gemeenskaplikheid in betekenis en inhoud van dié verskillende waardes is.

**Professioneel (gedrag):** HAT (2000:873) beroep – veral gebruik vir werk van intellektuele aard, eie aan 'n beroep.

**Eerbaar/eerlik:** HAT (2000:192) sonder bedrog, agtenswaardig, wat die waarheid spreek, opreg, betroubaar.

**Betaamlik:** HAT (2000:86) passend, welvoeglik, behoorlik.

**Wetsgehoorsaam:** HAT (2000:1368) wat die wet gehoorsaam, ordeliewend.

**Integriteit:** HAT (2000:464) volledige eerlikheid, onomkoopbaarheid, ongeskondenheid.

**Opreg:** HAT (2000:619) eerlik, ongeveins.

**Trou:** HAT (2000:903) wat vashou aan verpligting.

**Stiptelik:** HAT (2000:841) noukeurig, presies.

**Onafhanklik:** HAT (2000:581) vry, selfstandig, nie onderworpe nie.

**Vrywillige diens in gemeenskap:** res ipsa loquitur. (Spreek vir sigself).

**Betroubaar:** HAT (2000:64) wat vertrou kan word.

**Sorg:** HAT (2000:803) waak oor, van die nodige voorsien.

**Waak teen eiebelang:** res ipsa loquitur. (Spreek vir sigself).

Uit hoofde van die inhoud en betekenis van die instrumentele waardes soos hierbo ontleed, word aan die hand gedoen dat die vermelde instrumentele waardes op 'n sinonieme grondslag deontologies doelmatig soos volg saamgevat kan word:

**Professionele gedrag:** Onafhanklik/trou, eie aan 'n beroep.

**Integriteit en vertrouenswaardig:** Betaamlik, eerlik/eerbaar, opreg, trou, stiptelik, sorg, ongeskonde.

**Verantwoordelik en aanspreeklik teenoor kliënt/professie/ gemeenskap:** stiptelik, sorg, vrywilige diens in gemeenskap.

**Waak teen eiebelang:** (res ipsa loquitur). Spreek vir sigself.

**Wetsgehoorsaam:** getrou aan die wet.

Samevattend sal die bogenoemde vyf instrumentele waardes 'n prokureur, notaris en transportbesorger in staat stel om as 'n geskikte en gepaste persoon te praktiseer, en gevolglik 'n regsisteem bevorder en instandhou wat billik, regverdig, onpartydig en vry van onbillike diskriminasie is. In hierdie proses sal die prestige, eer en waardigheid van die regsisteem en die professie beslag kry en in stand gehou word.

## *3.4 EMPIRIESE ONDERSOEK*

### 3.4.1 INLEIDING

'n Empiriese ondersoek word gedoen deur middel van 'n selfopgestelde gestruktureerde vraelys aan die hand waarvan kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting ingewin word. Prokureurspraktyke in Johannesburg en Pretoria, waarvan die detail in Horters Legal Diary 2004 gepubliseer is, het gedien as die teikenpopulasie vir die empiriese ondersoek. Vraelyste is per pos gestuur aan Prokureursfirmas in Johannesburg en Pretoria. Die twee stede is weens die volgende redes gekies:

- Van alle prokureurs in die vier Noordelike Provinsies praktiseer 68,85% (5826) in hierdie twee stede. Die firmas betrokke in Johannesburg beloop 921 en 912 in Pretoria.
- Die twee stede bied die geleentheid om die ewekansige steekproefgrootte op 'n gerieflikheidsgrondslag te neem.
- Die enigste akteregistrasiekantore in die vier Noordelike Provinsies is in hierdie stede geleë.

Die respondente is bepaal op die basis van 'n ewekansige steekproef uit die populasie van prokureursfirmas in hierdie twee stede. Drie-honderd-ses-en-twingtig vraelyste (5.59% van die populasie) is per pos uitgestuur aan hierdie prokureursfirmas.

Die selfopgestelde gestruktureerde vraelys (Bylae G) is vergesel van 'n dekbrief (Bylae F) en is per pos na die teikenadresse gestuur. Die vraelys is verder vergesel van 'n geadresseerde en gefrankeerde koevert.

### 3.4.2 DIE SELFOPGESTELDE GESTRUKTUREERDE VRAELYS

Die meetinstrument, wat vir die empiriese ondersoek gebruik is, is self opgestel en het ten doel om kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe meting te bewerkstellig, soos meer volledig hierna aangetoon. Die meetinstrument is in Afrikaans en Engels opgestel en bestaan uit:

- 'n opskrif wat vermeld dat dit 'n anonieme vraelys insake waardes en etiek is;
- biografiese inligting van die Respondent met betrekking tot: geslag, lokalitiet en aantal jare in praktyk;
- Afdeling A wat die sensiwiteit van die prokureursprofessie ten opsigte van waardes en etiese gedrag meet deur middel van 'n etiektoets;
- Afdeling B wat prokureurs se insig en siening van die basiese waardes van die professie meet; en
- Afdeling C wat die siening van prokureurs meet ten opsigte van die Prokureursorde en die reëls van toepassing op etiese gedrag.

- **Afdeling A**

'n Voorafsoektog na 'n gestandaardiseerde vraelys om as meetinstrument met die oog op 'n etiektoets, het geen resultate opgelewer nie. Ten einde 'n wetenskaplik verantwoordbare meetinstrument op te stel is 'n vraelys na analogie van 'n vraelys in Kreitner (1992:122) opgestel. Soortgelyke vrae as dié in die vraelys is gestel. Die gestelde vrae vind toepassing in alledaagse etiese vraagstukke wat in die werklewe van die transportbesorger voorkom. Die maatstawwe wat in die vraelys volgens Kreitner (1992:122) gebruik is, is

net so toegepas. Die vraelys wat gebruik word is dus nie 'n gestandardiseerde vraelys nie maar daar is gepoog om dit so geskik moontlik te maak in hierdie ondersoek.

Vyftien vrae word gestel. Teenoor elke vraag maak die respondent 'n keuse uit een van vier moontlikhede. Daar is van 'n vierpuntskaal gebruik gemaak, naamlik SA/stem beslis saam, A/stem saam, D/verskil, SD/verskil beslis.

Die onderskeie keuses word soos volg waardeer. SD(0), D(1), A(2), SA(3). Die totale puntetelling behaal word soos volg beoordeel:

0 = volkome eties
1-5 = so te sê eties volmaak
6 -10 = hoë etiese waardes
11-15 = goeie etiese waardes
16 -25 = gemiddelde etiese waardes
26 - 35 = benodig etiese versterking
36 - 44 = eties in trurat
45 = etiese waardes afwesig
Die som van die 15 vrae word bereken en die waarde word dan beskou as 'n aanduiding van etiese sensiwiteit van elke individu in die steekproef. Die som van die steekproef word bereken ten einde die gemiddelde sensiwiteitswaarde van die steekproef te bepaal.

- **Afdeling B**

In hierdie afdeling word 10 instrumentele waardes genoem, genommer van een tot 10. Die respondent word versoek om vyf instrumentele waardes te kies wat as verpligtend beskou word en toepassing vind op die prokureursprofessie.

Die instrumentele waarde/s vermeld teenoor punte 1, 4, 8, 9 en 10 is geneem uit die navorsing wat in paragraaf 3.3 van hierdie hoofstuk gedoen is. Naamlik: professionele gedrag, integriteit en vertrouenswaardigheid, verantwoordelikheid en aanspreeklikheid teenoor kliënt, professie en gemeenskap, waak teen eie belang, wetsgehoorsaam.

Die oorsprong van die ander waardes is:

2 – 'n gedeelte van die waardes in 8 genoem, (Verantwoordelik en aanspreeklik teenoor kliënt)

3 – artikel 5.1.8 van die Grondwet van die Law Society of South Africa, (Bylae E)

5 – 'n vanselfsprekende vereiste van 'n reël-en-regulasie georiënteerde organisasie

6 – 'n gedeelte van die waardes in 8 genoem, (Verantwoordelik en aanspreeklik teenoor kliënt en professie)

7 – uit hoofde van die feit dat 'n prokureur/notaris/transportbesorger deur 'n hof toegelaat word, (Tree te alle tye soos 'n amptenaar van die hof op)

Geleentheid is verder aan die respondent gegee om 'n bydrae te lewer ten opsigte van verdere instrumentele waardes.

- **Afdeling C**

Die respondent is versoek om sy of haar siening te verstrek van die Prokureursorde en die reëls van toepassing op etiese gedrag. Die siening wat deur die respondent uitgespreek word, word as positief of negatief beoordeel.

- **Validering van taalgebruik in die vraelys**

Nadat die meetinstrument opgestel is, is dit aan 'n taalkundige gegee om te verseker dat die Afrikaanse en Engelse vrae met mekaar ooreenstem en in beide tale vir dieselfde interpretasie vatbaar is.

## *3.5 STATISTIESE RESULTATE*

### 3.5.1 INLEIDING

Slegs 51 vraelyste (15,64%) is terugontvang. Dertig vraelyste (9,20%) is teruggestuur as onafgelewer. Tweehonderd-vyf-en-veertig respondente (75,15%) het nie gereageer nie en oënskylik die vraelyste geïgnoreer. Vanweë dié swak respons was dit nie moontlik om die vraelyste wat terug ontvang is statisties op die basis van ewekansige steekproef te verwerk nie, omdat dit nie as verteenwoordigend genoeg van die ewekansige steekproef uit die teikenpopulasie beskou kon word nie. Vraelyste terugontvang word dus bloot as 'n beskikbaarheid steekproef beskou, in welke geval statistiese inferensie, dit wil sê p-waardes, dus glad nie gebruik is nie. In sekere afdelings van die vraelys verskil die aantal respondente van die populasie. Die rede hiervoor is dat sommige respondente by spesifieke vrae nie 'n mening aangedui het nie.

### 3.5.2 AFDELING A

#### 3.5.2.1 BETROUBAARHEID VAN DIE MEETINSTRUMENT

Dit is reeds vermeld dat die vraelys wat in hierdie afdeling gebruik is, na analogie van 'n ander vraelys opgestel is. Voordat enige uitspraak gemaak word ten opsigte van die betroubaarheid van hierdie meetinstrument, is dit kritiek om te bepaal of hierdie gedeelte van die vraelys betroubaar is.

Die betroubaarheid van die vraelys is getoets deur die Chronbach Alpha-waarde te bereken. Volgens SAS Institute (1999:295), met verwysing na Nunnally, behels hierdie toetsing dat: "Interrelated items may be summed to obtain an overall score for each participant. Chronbach's coefficient alpha estimates the reliability of this type of scale by determining the internal consistency of the test or the average correlation of items within the test." Statisties word aanvaar dat indien die Chronbach Alphakoëffisiënt groter as 0,5 meet, die meetinstrument betroubaar is.

Die resultaat van die Chronbach Alpha-koëffisiënttoetsing op die vraelys was 0,800841. Op grond van hierdie resultaat kan waarskynlik aanvaar word dat die vraelys in hierdie afdeling betroubaar is in die sin dat:

- die vrae duidelik gestel was;
- die vrae relevant en verstaanbaar is;
- die respondente die vraelys met voldoende aandag gelees en beantwoord het; en
- die respondente insig in die vrae getoon het.

### 3.5.2.2 RESULTATE

Die resultate wat deur middel van hierdie ondersoek verkry is, het nie betrekking op enige individuele vraag of individuele respondent nie, maar op die etiese sensiwiteit van die 'beskikbaarheid steekproef'. Die resultate sien in Tabel 3 soos volg daaruit.

**TABEL 3: AFDELING A – ETIEKTOETS**

| Skaal Etiek | N 39 | Persentasie |
|---|---|---|
| 0 | 1 | 2.56 |
| 1-5 | 9 | 23.08 |
| 6-10 | 11 | 28.21 |
| 11-15 | 11 | 28.21 |
| 16-25 | 7 | 17.95 |
| Totaal | 39 | 100 |

Vanweë die wyse waarop die vraelys voltooi is, beloop die beskikbaarheid steekproef in hierdie afdeling 39 respondente. Op grond van die skaal waarvolgens die etiek van hierdie beskikbaarheid steekproef gemeet is, is die reslutaat dat 79,5% (f=31) van die beskikbaarheid steekproef op die skaal tussen 1 en 15 meet. Kwalitatief gestel, word hierdie meting beskou as so te sê eties volmaak tot goeie etiese waardes. In die geheel beskou, is die gemiddelde resultaat met betrekking tot die beskikbaarheid steekproef 10,73 op die metingskaal. Hierdie gemiddeld van die beskikbaarheid steekproef word kwalitatief beskou as goeie etiese waardes (11-15). Aan die bo- en onderkant van die meting is die respondente respektiewelik 2.56% (f=1) en 17,95% (f=7) met betrekking tot etiese sensiwiteit. Hieruit is dit dus duidelik dat die meerderheid van die beskikbaarheid steekproef eties sensitief is.

### 3.5.3 AFDELING B

In hierdie afdeling is die beskikbaarheid steekproef se insig en siening van die basiese waardes van toepassing op die prokureursprofessie gemeet. Die instrumentele waarde/s vermeld teenoor punte 1, 4, 8, 9 en 10 is geneem uit die navorsing gedoen in paragraaf 3.3 van hierdie hoofstuk. Naamlik: professionele gedrag, integriteit en vertrouenswaardig, verantwoordelik en aanspreeklik teenoor kliënt, professie en gemeenskap, waak teen eiebelang, wetsgehoorsaam.

Die oorsprong van die ander waardes is:

2 – 'n gedeelte van die waardes in 8 genoem, (Verantwoordelik en aanspreeklik teenoor kliënt)

3 – artikel 5.1.8 van die Grondwet van die Law Society of South Africa, (Bylae E)

5 –'n vanselfsprekende vereiste van 'n reël en regulasie georiënteerde organisasie

6 – 'n gedeelte van die waardes in 8 genoem (Verantwoordelik en aanspreeklik teenoor kliënt en professie)

7 – uit hoofde van die feit dat 'n prokureur/notaris/transportbesorger deur 'n hof toegelaat word, (Tree te alle tye soos 'n amptenaar van die hof op)

Geleentheid is verder aan die respondent gegee om 'n bydrae te lewer ten opsigte van verdere instrumentele waardes.

#### 3.5.3.1 RESULTATE

Volgens Tabel 4 sien die beskikbaarheid steekproef se aanduiding dat hulle keuse van doenwaardes, wat hulle vir prokureurs as verpligtend beskou soos volg daaruit:

**TABEL 4: AFDELING B – INSTRUMENTELE WAARDES**

| NOMMER | KEUSE VOLGENS BESKIKBAARHEID STEEKPROEF | PERSENTASIE % | WAARDE |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 80,85 | Tree soos 'n professionele persoon op |
| 2 | 4 | 55,32 | Verantwoordelik vir en aanspreeklik teenoor kliënt |
| 3 | 10 | 6,38 | Om regstudie te bevorder |
| 4 | 1 | 95,74 | Integriteit en vertrouenswaardig |
| 5 | 7 | 38,30 | Streef daarna om aan die reëls van die Prokureursorde te voldoen |
| 6 | 8 | 36,17 | Verantwoordelik vir en aanspreeklik teenoor die kliënt en die professie |
| 7 | 5 | 53,19 | Tree te alle tye soos 'n amptenaar van die hof op |
| 8 | 3 | 57,45 | Verantwoordelik en aanspreeklik teenoor kliënt, professie en gemeenskap |
| 9 | 9 | 31,91 | Waak teen eiebelang |
| 10 | 6 | 42,55 | Tree wetsgehoorsaam op |

Die waardes teenoor nommer 8 genoem is geprojekteer op alle rolspelers in die prokureursprofessie. Die waardes teenoor nommer 6 genoem verwys na slegs twee van die rolspelers, en die waarde teenoor nommer 2 genoem na 'n enkele rolspeler. Op hierdie wyse word gepoog om die insig van die respondente te toets ten opsigte van hierdie aspekte (rolspelers).

Volgens bogemelde resultate beskou hierdie beskikbaarheid steekproef die waardes in orde van voorkeur soos dit teenoor nommers 4, 1, 8, 2 en 7

genoem is as die basiese instrumentele waardes van toepassing op die prokureursprofessie.

Hierdie ondersoek toon dat die ideale waardes wat betrekking het op die prokureursprofessie vermeld word teenoor nommers 1, 4, 8, 9 en 10. Die beskikbaarheid steekproef het volgens hierdie resultate die waardes teenoor nommers 9 en 10 relatief laag beoordeel en vorm hierdie waardes nie deel van die vyf gekose waardes van die beskikbaarheid steekproef nie. In die algemeen kan gesê word dat die beskikbaarheid steekproef drie van die vyf (60%) basiese instrumentele waardes van die prokureursprofessie kon identifiseer na aanleiding van hierdie ondersoek.

Van die vyf basiese instrumentele waardes van die prokureursprofessie, is die waarde teenoor nommer 9 genoem (waak teen eiebelang) krities vir praktiserende prokureurs. Hierdie instrumentele waarde slaan die spreekwoordelike brug tussen teorie en praktyk ten opsigte van alle fasette in verband met waardes en etiesegedrag in die prokureursprofessie. Daar kan slegs sprake van 'n prokureurspraktyk wees nadat 'n kliënt 'n mandaat aan die prokureur verleen het.

Dit dien verder vermeld te word dat die waardes teenoor nommers 5 en10 genoem (streef daarna om aan al die reëls van die Prokureursorde te voldoen, tree wetsgehoorsaam op) nie in die vyf voorkeur keuses van waardes van die beskikbaarheid steekproef voorkom nie. Hieruit kan onder andere afgelui word dat die beskikbaarheid steekproef reël- en of wetsgehoorsaam nie hoog ag nie. Werkwerwing is juis 'n kenmerk van ongehoorsaamheid aan die professie se reëls.

Die titel van hierdie ondersoek verwys na werkwerwing by transportbesorgers as die primêre rede vir die transformasie van 'n reël-en-regulasie-oriëntasie na 'n waarde-oriëntasie met betrekking tot etiek in die prokureursprofessie.

Op grond van die beskikbaarheid steekproef se lae taksering van waarde, nommer 9 (waak teen eiebelang), kan onder andere geargumenteer word dat hierdie waarde, ten spyte van die hoë taksering van waarde nommer 4 (integriteit en vertrouenswaardigheid), die spreekwoordelike grondslag vorm vir werklike verantwoordelikheid en aanspreeklikheid van die lashebber teenoor die lasgewer. Hierdie insig ontbreek by die beskikbaarheid steekproef. Werkwerwing, soos in Hoofstuk 1 beskryf, het die gevolg dat eiebelang voorop gestel word. Hierdie gedagte word ook ondersteun deur die definisie van die ondersoeker in Hoofstuk 2.

### 3.5.4 AFDELING C

Die doelstelling van die ondersoek in hierdie afdeling is om die siening van prokureurs ten opsigte van die reëls van toepassing op etiese gedrag en die Prokureursorde te bepaal. Hierdie doelstellings van hierdie ondersoek word op 'n kwalitatiewe basis bepaal.

Die resultate verkry deur middel van die vraelys handel slegs oor kommentaar wat gelewer is. deur die respondente. Die gelewerde kommentaar word ooreenkomstig inhoud volgens die volgende kriteria beoordeel:

- Positiewe kommentaar ten opsigte van die reëls en/of die Prokureursorde
- Neutrale kommentaar
- Negatiewe kommentaar ten opsigte van die reëls en/of die Prokureursorde

### 3.5.4.1 RESULTATE

Uit die beskikbaarheid steekproef van 51 respondente het 10 (19.60%) respondente geen kommentaar gelewer nie. Van die 41 (80.40%) respondente wat kommentaar gelewer het, kan die gelewerde kommentaar soos volg opgesom word:

- Sewe respondente was positief ten opsigte van die reëls van toepassing op etiese gedrag en/of die Prokureursorde.
- Tien respondente was neutraal ten opsigte van die reëls van toepassing op etiese gedrag en/of die Prokureursorde.
- Vier-en-twintig respondente was negatief ten opsigte van die reëls van toepassing op etiese gedrag en/of die Prokureursorde.

Vanweë die feit dat bykans 59% van die respondente uit die beskikbaarheid steekproef negatief is ten opsigte van die reëls van toepassing op etiese gedrag en/of die Prokureursorde kan hierdie respondente verder verdeel word in drie groepe met betrekking tot hulle negatiewe opmerkings naamlik:

- Negatief ten opsigte van die reëls van toepassing op etiese gedrag:1
- Negatief ten opsigte van die Prokureursorde:20
- Negatief ten opsigte van die reëls en die Prokureursorde:3

Die meerderheid bogenoemde respondente, 83%, impliseer slegs die Prokureursorde met betrekking tot die doelmatige bestuur van etiek. Die algemene persepsie (realiteitsbeskouing) is dus dat die Prokureursorde nie sy werk doen nie, alternatiewelik nie in staat is om sy werk te doen met betrekking tot die dissiplinering van sy lede nie. Dit is opmerklik dat nie een van die respondente transportbesorgers verwyt het met betrekking tot onetiese gedrag nie.

Bogemelde tendens dui op 'n sekere realiteitsbelewing van die respondente met betrekking tot die reëls van toepassing op etiese gedrag en die

Prokureursorde. Die afleiding kan gemaak word dat die persepsie by hierdie lede van die prokureursprofessie met betrekking tot die Prokureursorde negatief is sover dit die bestuur en toepassing van etiese reëls betref. Hierdie gedrag kan moontlik verklaar word in terme van persepsievorming deur middel van stereotipering. McShane en Von Glinow (2000:172) merk soos volg in die verband op: "...the process of using a few observable characteristics to assign people to a preconceived social category, and then assigining less observable traits to those persons based on their membership in the group."

Die noodwendige gevolg van persepsievorming en stereotipering is dat dit 'n bepaalde gedragswyse tot gevolg het. In die geval van werkwerwing word twee aspekte van die prokureursprofessie geïmpliseer, naamlik, die waardestelsel en die Prokureursorde en sy lede. Die indruk gebaseer op hierdie kwalitatiewe inligting wat die respondente se kommentaar wek, is tweevoudig van aard, naamlik:

- Werkwerwing deur sommige lede van die prokureursprofessie is 'n realiteit, en die bestaande waardestelsel word geïmpliseer.
- Die Prokureursorde is nie in staat of beskik nie oor die vermoë om sy lede se gedrag van werkwerwing doelmatig te bestuur nie.

Ten slotte moet gemeld word dat slegs een van die respondente die mening uitgespreek het dat die totale opleidingsisteem (dit wil sê universiteite en die professie) sy plig versium met betrekking tot etiese opleiding van regstudente en kandidaatprokureurs.

## *3.6 SAMEVATTING*

### 3.6.1 TERMINALE EN INSTRUMENTELE WAARDES

Die ondersoek na teleologie en deontologiese waardes van die prokureursprofessie dui daarop dat doelmatige terminale en instrumentele waardes in die kenbronne van die professie vervat is. Hierdie waardes kan soos volg opgesom word:

- **Terminale waardes**

✓ 'n Geskikte en gepaste persoon.
✓ Prestige status en waardigheid.
✓ 'n Regsisteem wat billik, regverdig, onpartydig en vry van onbillike diskriminasie is.

- **Instrumentele waardes**

✓ Professionele gedrag: Onafhanklik/trou, eie aan 'n beroep.
✓ Integriteit en vertrouenswaardig: Betaamlik, eerlik/eerbaar, opreg, trou, stiptelik, sorg, ongeskonde.
✓ Verantwoordelik vir en aanspreeklik teenoor kliënt/professie/ gemeenskap: stiptelik, sorg, vrywillige diens in gemeenskap.
✓ Waak teen eiebelang: (res ipsa loquitur). Spreek vir sigself.
✓ Wetsgehoorsaam: getrou aan die wet.

### 3.6.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese ondersoek is op 'n besonder beperkte basis uitgevoer. Die beperktheid van die ondersoek in die algemeen is meegebring deur die gebruik van 'n anonieme vraelys. Die ondersoekmetode wat hier gebruik is het nie 'n verteenwoordigende steekproef in die hand gewerk nie ten einde 'n

ewekansige steekproef uit te voer nie. Statistiese inferensie was dus nie moontlik nie.

Voordat die resultate van die onderskeie afdelings van die selfopgestelde vraelys beoordeel word moet op die volgende gelet word:

- Tweehonderd-vyf-en-veertig (75,15%) van die 326 vraelyste is nie terug gestuur nie. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die respondente die kwessie van waardes en etiek moontlik gering skat. Reël 89.23 (Bylae D), bepaal dat indien 'n prokureur versium om binne redelike tyd korrespondensie wat redeliker wys 'n antwoord of reaksie vereis, te beantwoord, sodanige prokureur hom skuldig maak aan onprofessionele, of oneerbare of onbetaamlike gedrag. Die respondente se versium om ten spyte van die bepalings van reël 89.23 op die anonieme vraelys te reageer kan dui op die professie se houding ten opsigte van waardes en etiek.

Die resultate van die empiriese ondersoek berus op die respons van 'n klein populasie wat ook op daardie grondslag beoordeel is. Die resultate van die onderskeie afdelings kan soos volg saamgevat word:

**Afdeling A**

As meetinstrument kan die nie-gestandaardiseerde selfopgestelde vraelys as betroubaar beskou word. Die resultaat van die beskikbaarheid steekproef van die etiektoets dui daarop dat 79,5% van die beskikbaarheid steekproef kwalitatief so te sê eties volmaakte tot goeie etiese waardes huldig.

**Afdeling B**

In hierdie afdeling is die beskikbaarheid steekproef se insig in en siening van die basiese waardes van toepassing op die prokureursprofessie gemeet. Die

resultaat van die ondersoek dui daarop dat die beskikbaarheid steekproef drie van die vyf basiese instrumentele waardes van toepassing op die prokureursprofessie kan identifiseer. Dit blyk egter dat die beskikbaarheid steekproef die fundamentele waarde, om te waak teen eiebelang, tweede laagste van al die waardes takseer. Dit is verder insiggewend dat die basiese waardes van reël-en-regulasie en/of wetsgehoorsaamheid deur die 'beskikbaarheid steekproef' nie as een van die vyf basiese instrumentele waardes beskou nie.

**Afdeling C**

In hierdie afdeling is die kwalitatiewe siening van die beskikbaarheid steekproef ten opsigte van die reëls van toepassing op etiese gedrag en die Prokureursorde ondersoek. 'n Substansiële persentasie het aangetoon dat die Prokureursorde nie in staat is of oor die vermoë beskik om sy lede se gedrag van werkwerwing doelmatig te bestuur nie. Dit blyk verder dat die beskikbaarheid steekproef werkwerwing as 'n realiteit beleef. By implikasie blyk dit dat nie een van die respondente kollegas verwyt het vir die toedrag van sake met betrekking tot werkwerwing nie.

Indien hierdie ondersoek globaal in oënskou geneem word, is dit duidelik dat:

- die prokureursprofessie uit hoofde van die ondersoek in paragraaf 3.2 hierbo 'n ou institusionele organisasie is;
- die prokureursprofessie tans uitsluitlik institusioneel van aard is;
- die prokureursprofessie hoofsaaklik deur eindwaardes gedryf word, veral met betrekking tot sy lede en hulle bevoegdheid;
- die ontleding van die kenbronne van die prokureursprofessie met betrekking tot waardes daarop dui dat die reëls en regulasies in wese doelmatige terminale en instrumentele waardes bevat;
- die wyse waarop terminale en instrumentele waardes in bestaande strukture skep ingespan word, verwarring skep; en

- bestaande en bekende reëls en regulasies oor die potensiaal beskik om 'n waardegedrewe oriëntasie ten opsigte van etiesegedrag moontlik te maak, op die basis van gedeeldewaardes soos in die McKinsey 7-S-model.

# HOOFSTUK 4

# SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## *4.1 BEVINDINGS EN GEVOLGTREKKINGS*

Die belangrikste bevindings uit die voorafgaande hoofstukke word vervolgens aan die hand van die ondersoekdoelwitte bespreek. Enkele gevolgtrekkings word daarna gemaak.

### 4.1.1 DIE VERSKYNSEL VAN WERKWERWING DEUR LEDE VAN DIE PROKUREURSPROFESSIE TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE BEGRIPPE WAARDE EN WAARDEGEDREWE

Uit hoofde van die prokureursprofessie se kenbronne is die transportbesorger, net soos die notaris, in die eerste plek 'n prokureur. Die prokureursprofessie is institusioneel van aard en word deur wetgewing gereël. As gevolg hiervan is die bepalings van Artikel 195 van die Grondwet (Wet 108 van 1996) direk van toepassing op die prokureursprofessie. Die toepassing van die bepalings van Artikel 195 van die Grondwet het tot gevolg dat die prokureursprofessie 'n hoë standaard van beroepsetiek **moet** bevorder en handhaaf. Uit hoofde van die verpligting wat deur die Grondwet opgelê word, het die prokureursprofessie in die algemeen, en elke prokureur in die besonder, 'n konstitusionele regsplig om etiese gedrag te handhaaf en te bevorder.

Die prokureur lewer sy diens aan sy kliënt op die grondslag van lasgewing. Onderliggend aan die lasgewingsooreenkoms moet die prokureur (lashebber) sy opdrag met sorg, eerlikheid en trou uitvoer en te alle tye sy kliënt (lasgewer) se belange voorop stel.

Werkwerwing deur 'n prokureur hou in dat hy/sy 'n betaling in kontant of goedere en/of dienste skenk aan 'n tussenganger of agent ten einde 'n mandaat te verseker of te verkry ten opsigte van sy/haar professionele dienslewering. 'n Prokureur wat op hierdie wyse 'n mandaat verkry, waak nie teen eiebelang nie en maak hom/haar skuldig aan troubreuk teenoor sy kliënt.

Gedragsreëls van die prokureursprofessie verbied uitdruklik werkwerwing deur sy lede, en sodanige gedrag is strafbaar. Die professionele grondslag van die prokureursprofessie vereis ook dat 'n prokureur moet waak teen eiebelang. Ten spyte van voorgenoemde grondslag is werkwerwing by prokureurs in onder andere die vier Noordelike Provinsies (Gauteng, Mpumalanga, Limpopo en Noordwes) van so 'n omvang dat 'n spesiale ad hoc-subkomitee in die lewe geroep is ten einde werkwerwing by lede van die prokureursprofessie hok te slaan. Die Prokureursorde van die vier Noordelike Provinsies het 'n stel riglyne met betrekking tot die hantering van eiendomsake (gedragskode) afgekondig met die oog daarop om werkwerwing by sy lede doelmatig te bestuur.

In hierdie ondersoek is bevind dat waardes in die werkplek die standaard en beginsels van werkwyse en werklewe rig. Etiek is die uitlewing van hierdie standaarde of beginsels. Waardes is dus in die werkplek rigtinggewend van aard.

Die ondersoek bevind dat waardes en gedeelde waardes 'n kritieke plek het en rol speel in vele fasette van die bestuurswetenskappe. Die fasette waarin waardes 'n plek het en rol speel, is onder meer in:

- Motivering van werknemers
- Kultuur en kultuurvorming
- Uitvoering van strategie
- Veranderingsbestuur

- Leierskap

In hierdie ondersoek is verder bevestig dat waardes as instrumenteel of terminaal geklassifiseer kan word. Terminale waardes bepaal 'n organisasie se doelwit/te terwyl instrumentele waardes die bereiking van daardie doelwit/te bewerkstellig.

By nadere ondersoek is bevind dat die waarde konsep 'n stel gedeelde waardes impliseer. Daar is verder bevind dat die mees doelmatige metode om gedeelde waardes van die prokureursprofessie te identifiseer gegrond is op die filosofiese grondslag van die deontologie en teolologie. Die konsep gedeelde waardes word die beste geïllustreer deur die McKinsey 7-S-model.

Uit die literatuurstudie blyk dit dat verskeie skrywers, naamlik Johnson (2002:242), Peters en Waterman (1984:97), Hanford en Coetsee (2003:30) konstateer dat leierskap sonder waardes nie ware leierskap is nie. Dit blyk verder dat leiers waardes en gedeelde waardes daagliks moet uitleef voordat daar sprake kan wees van waardegedrewe leierskap.

Die literatuurondersoek na persepsievorming toon dat persepsies houdings kan bepaal en houdings op hulle beurt gedrag. Dit blyk dat stereotipering 'n invloed op persepsievorming het as gevolg van beperkte inligting wat die meningsvormer ontvang. Die ondersoek toon verder dat kennis van gedeelde waardes 'n teenvoeter kan wees om persepsievorming en stereotipering te beperk.

Die bevindings van die empiriese ondersoek kan soos volg opgesom word:

- Die beskikbaarheids steekproef wat aan die ondersoek deelgeneem het, kan volgens die meetskaal van die meetinstrument as eties sensitief beskou word.

- Die beskikbaarheid steekproef het die kritieke waarde, naamlik om te waak teen eiebelang, uiters gering skat.
- Die meerderheid van die beskikbaarheid steekproef het die Prokureursorde verkwalik met betrekking tot lede van die prokureursprofessie se onetiese gedrag, weens die Prokureursorde se onvermoë om werkwerwing te bekamp.

Die literatuurondersoek lei tot die bevinding dat werkwerwing deur lede van die prokureursprofessie 'n opsetlike en onkonstitusionele negering van instrumentele en terminale waardes is en gevolglik lei tot die bevordering van eiebelang tot nadeel van die lasgewer, professie en publiek.

Dit moet deeglik in ag geneem word dat in hierdie ondersoek met 'n beperkte beskikbaarheid steekproef gewerk word. Om hierdie rede moet gewaak word teen veralgemening en moet die gevolgtrekkings met groot omsigtigheid geskied. Op grond van die voorafgaande bevindings oor die verskynsel werkwerwing deur lede van die prokureursprofessie teen die agtergrond van die begrippe waarde en waardegedrewe, word onderstaande gevolgtrekkings gemaak:

⇒ Werkwerwing blyk 'n realiteit by lede van die prokureursprofessie in die Noordelike Provinsies te wees.

⇒ Werkwerwing is onetiese gedrag wat die waardesisteem van die prokureursprofessie negatief kan beïnvloed.

⇒ Etiek behels die uitlewing van gekose waardes.

⇒ In die bestuurspraktyk het waardes 'n kritieke plek en rol te speel.

⇒ Die waardegedrewe konsep word deur gedeelde waardes begrond.

⇒ Die prokureursprofessie gee voor om eties sensitief te wees.

⇒ Lede van die prokureursprofessie (die beskikbaarheid steekproef) toon weinig insig ten opsigte van die kritieke waarde, naamlik om te waak teen eiebelang.

⇒ Lede van die prokureursprofessie (die beskikbaarheid steekproef) verkwalik die Prokureursorde met betrekking tot die verskynsel van werkwerwing vanweë die Prokureursorde se onvermoë om werkwerwing te bekamp.

⇒ Werkwerwing is uitsluitlik gerig op die bevordering van eiebelang.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die doelwit wat in die onderhawige ondersoek gestel is, naamlik om die verskynsel van werkwerwing deur lede van die prokureursprofessie teen die agtergrond van die begrippe waarde en waardegedrewe te begryp en te omskryf, wel bereik is. Die ondersoek is egter gekortwiek deur die baie swak respons op die selfgestruktureerde ondersoek instrument.

### 4.1.2 BEPALING VAN DIE GEDEELDE WAARDES VAN DIE PROKUREURSPROFESSIE VANUIT DIE PERSPEKTIEF VAN DIE DEONTOLOGIE EN TELEOLOGIE

Die literatuurondersoek toon 'n groot mate van ooreenstemming tussen die filosofiese beginsels van die deontologie en teleologie aan die een kant en instrumentele en terminale waardes aan die ander kant. 'n In-diepte-ondersoek van die onderskeie kenbronne van die prokureursprofessie na die teleologiese en deontologiese waardes van die professie lewer wel doelmatige waardes op.

Die ondersoek bevind dat die kenbronne van die prokureursprofessie die volgende teleologiese waardes oplewer, naamlik:

- 'n **Geskikte** en **gepaste** persoon (geskiktheid en gepastheid)
- 'n Regsisteem wat **billik, regverdig, onpartydig** en **vry van onbillike diskriminasie** is
- **Prestige, eer** en **waardigheid** (van die professie)

Die volgende deontologiese waardes is in die kenbronne van die prokureursprofessie vervat:

- Professioneel (profesionaliteit/gedrag)
- Eerbaar/eerlik
- Betaamlik
- Wetsgehoorsaam
- Integriteit
- Opreg
- Trou
- Stiptelik
- Onafhanklik
- Vrywillige diens in gemeenskap
- Betroubaar
- Sorg
- Waak teen eiebelang.

Daar is verder bevind dat voormelde deontologiese waardes op 'n sinonieme grondslag doelmatig soos volg opgesom word.

- Professionele gedrag
- Integriteit en vertrouenswaardig
- Verantwoordelik vir en aanspreeklik teenoor klient/professie/ publiek
- Waak teen eiebelang
- Wetsgehoorsaam

Op grond van voorafgaande bevindings in verband met deontologiese en teleologiese waardes van die prokureursprofessie as gedeelde waardes word die onderstaande gevolgtrekkings gemaak:

⇒ Terminale en instrumentele waardes, soos dit gebruik en toegepas word, hulle oorsprong in die filosofie het en word daar as deontologiese en teleologiese waardes beskou.

⇒ Die kenbronne van die prokureursprofessie bevat doelmatige, instrumentele en terminale waardes wat op etiese gedrag van toepassing is.

⇒ Die prokureursprofessie, vanweë sy institusionele aard, gebruik terminale en instrumentele waardes 'as 'n mengsel' met die gevolg dat etiese gedrag op 'n organisasiegrondslag problematies is.

⇒ Die doelmatige instrumentele en terminale waardes wat verkry is deur die ontleding van die prokureursprofessie se kenbronne, is voldoende as gedeelde waardes ten einde die konsep waardegedrewe, moontlik te maak.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die doelwit wat in die onderhawige ondersoek gestel is, naamlik die bepaling van gedeelde waardes van die prokureursprofessie vanuit die perspektiewe van die deontologie en teleologie, wel bereik is.

### 4.1.3 DIE GRONDSLAG VIR DIE TRANSFORMASIE VAN DIE PROKUREURSPROFESSIE VAN 'N REëL EN REGULASIE ORIëNTASIE NA 'N WAARDEGEDREWE ORIëNTASIE MET BETREKKING TOT ETIESE GEDRAG

Die literatuurstudie toon dat die prokureursprofessie deur middel van sy institusionele aard 'n grondslag lê vir die organisasie van die professie. Dit blyk dat die organisasie van die prokureursprofessie voldoen aan die kenmerke van 'n lerende organisasie deurdat die prokureursprofessie 'n 'organisasie' is wat die leerproses fasiliteer en sy gedrag by veral veranderde wetgewing aanpas.

Die transformasie wat deur die titel van hierdie ondersoek voorgestel word, is gerig op 'n 'kultuurverandering' van die prokureursprofessie. Die mees komplekse vlak van organisasiekultuur hou verband met basiese aannames

wat 'n organisasie en sy lede maak, veral in die geval van probleemoplossing. Die ondersoek toon dat aannames met die denkproses van die mens tydens sy leerervaring verband hou. By nadere ondersoek van die denkproses tydens die leerervaring word bevind dat die denkwyse van die 'Gregarians' uitnemendheid by die denker en sy resultate impliseer. Op grond van die ondersoek kan verder gesê word, dat nadat 'n kultuurverandering met betrekking tot basiese aannames ten opsigte van probleemoplossing plaasgevind het, slegs sukses met betrekking tot vermindering en bekamping van werkwerwing, die voorgestelde transformasie sal bewerkstellig.

Op grond van die voorgaande bevindings in verband met die lerende organisasie, sy kultuurtransformasie en denkprosesse is tot die volgende gevolgtrekkings gekom.

⇒ Die prokureursprofessie is 'n lerende instansie.

⇒ Die afkondiging van riglyne vir 'n gedragskode ter bekamping en voorkoming van werkwerwing (korupsie) by 'n organisasie se lede, waarskynlik nie veel waarde inhou nie.

⇒ Die transformasie van die basiese aannames en denkwyses van die prokureursprofessie moet lei tot die insig dat etiese gedrag doelmatig deur middel van die konsep van gedeelde waardes bestuur kan word.

⇒ 'n Kultuurtransformasie ten opsigte van basiese aannames met betrekking tot waardes en etiek behoort plaas te vind.

⇒ Die kultuurtransformasie moet nie net by die bestuur van die prokureursprofessie plaasvind nie, maar op die breedste moontlike basis wat sal strek van die opleiding van regstudente tot praktiserende prokureurs.

## *4.2 AANBEVELING*

Teen die agtergrond van werkwerwing deur lede van die prokureursprofessie, en die feit dat die prokureursprofessie en sy amptelike liggaam, die Prokureursorde van Suid-Afrika;

- 'n lerende organisasie is;
- 'n hoeksteenfunksie vervul in die openbare administrasie van die land; en
- 'n konstitusionele regsplig het om 'n hoë standaard van beroepsetiek te handhaaf en te bevorder;

word aan die hand gedoen dat die alternatiewe benadering tot waardes en etiese gedrag ten opsigte van die prokureursprofessie gevolg word. Hierdie alternatiewe benadering, volgens hierdie ondersoek, hou in dat etiese gedrag op die basis van gedeelde waardes deur die prokureursprofessie bestuur sal word.

Die eerste transformerende stap wat bewerkstellig behoort te word, na aanleiding van hierdie ondersoek, is dat die interne omgewing van die prokureursprofessie op die 'Gregarian'-wyse sal nadink oor die status quo van sy benadering tot waardes en etiese gedrag. Die prokureursprofessie behoort vervolgens die alternatiewe benadering, soos in hierdie ondersoek voorgestel, te oorweeg. Die hulp en bystand van veranderingsbestuur deskundiges behoort nie deur die prokureursprofessie geïgnoreer te word nie.

Dit word verder aan die hand gedoen dat die eksterne omgewing waarbinne die prokureursprofessie praktiseer, veral die handelsverkeer, in kennis gestel behoort te word van die status quo met betrekking tot werkwerwing, asook die alternatiewe oriëntasie ten opsigte van waardes en etiese gedrag.

Die word aanbeveel dat die prokureursprofessie die volgende vrae oorweeg:

- Wat is die benadering van ander professies in Suid-Afrika, byvoorbeeld die mediese en ouditeursprofessie, tot bestuur van waardes en etiek, by hulle lede?
- Is daar professies in Suid-Afrika wat suksesvol waardes en etiek by hulle lede bestuur, op 'n ander wyse as reëls-en-regulasies. Indien wel vir welke rede of redes is sodanige professie(s) in daardie verband suksesvol?
- Wat is die benadering ten opsigte van waardes en etiek wat deur die regsprofessie in ontwikkelde en ontwikkellende lande gevolg word?
- Wat is die mees doelmatige wyse van regulering en dissiplinering van lede van die professie in die geval van 'n oortreding van gedragreëls?
- Wat sal die mees doelmatige wyse vir die professie en publiek wees om die verskynsel van werkwerwing te openbaar en aan te spreek?
- Is die 'man op straat' in die geval van die verkoop van vaste eiendom volledig genoeg ingelig met betrekking tot sy regte by die aanwysing van 'n transportbesorger?
- Dra die 'man op straat', volledig kennis van alle rolspelers, wat werkwerwing in die geval van vaste eiendomtransaksies in die hand kan werk?

'n Waardegedrewe oriëntasie ten opsigte van etiese gedrag is nie 'n kits oplossing vir die prokureursprofessie nie, maar bring 'n nuwe uitdaging. Carroll (1993:56) laat hom soos volg hieroor uit: *"The challenge of doing what is right, it may be argued, exceeds the difficulty and complexity of knowing what is right. Doing what is right is the acid test of ethical management..."*

## *4.3 LEEMTES IN HIERDIE ONDERSOEK*

Die grootste leemte van hierdie ondersoek is waarskynlik die teleurstellende respons op die anonieme vraelys. 'n Beter respons sou gelei het tot 'n meer verteenwoordigende siening van prokureurs. Twyfel bestaan egter of die resultate van die anonieme vraelys dramaties sou verskil van die bestaande resultate.

## *4.4 AANBEVELING VIR VERDERE NAVORSING*

Uit hoofde van die resultate vermeld in Afdeling C van die anonieme vraelys het die ondersoek geïmpliseerde gedrag by lede van 'n reël-en-regulasiegeoriënteerde organisasie uitgewys. Die geïmpliseerde gedrag hou verband met lokus van beheer. Die resultate van Afdeling C van die vraelys laat die vraag ontstaan of 'n reël-en-regulasiegedrewe organisasie nie dalk bevorderlik is vir die vestiging en/of instandhouding van 'n kultuur van eksterne lokus van beheer by persone in die werkplek nie. Verdere ondersoek in hierdie verband word aanbeveel.

## *BIBLIOGRAFIE*

CARROLL, A.B. 1993. Business ethics within the context of corporate social responsibility. 1993. (*In* Venster op bestuursetiek. 'n Uitdaging vir Christen sakelui. Potchefstroom : PU vir CHO. Instituut vir Reformatoriese Studies. p. 59-76. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks F3, Versamelwerke, no. 43.)

COETSEE, L.D. 2002. Peak performance and productivity: a practical guide for the creation of a motivating climate. Potchefstroom : L.D. Coetsee. 212 p.

COVEY, S.R. 1989. The seven habits of highly effective people: restoring the character ethics. New York : Free Press. 360 p.

CUMMINGS, T.G. & WORLEY, C.G. 2001. Organization development and change. Cincinnati, Ohio : South-Western College Pub. 706 p.

DE WET, J.C. & VAN WYK, A.H. 1978. Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg, oorspronklik geskryf deur J.C. de Wet en J.P. Yeats. 4de uitg. Durban : Butterworths. 852 p.

GARVIN, D.A. 1993. Building a learning organization. *Harvard business review,* 71(4),78-91, July-August.

GIBSON,J.L., IVANCEVICH, J.M. & DONNELLY, J.H. 2000. Organizations: behaviour, structure, processes. Boston, Mass. : McGraw-Hill. 522 p.

GILLERS, S. 1998. Regulation of lawyers: problems and law ethics. 5th ed. New York : Aspen Law & Business. 972 p.

HANDFORD, J.S. & COETSEE, L.D. 2003. Essential transformational leadership skills to mobilize people. *Organization development journal,* 21(1):20-34, Spring.

HARTMAN, L.P. 2002. Perspectives in business ethics. 2nd ed. New York : McGraw-Hill. 811 p.

HAT **kyk** ODENDAL, F.F.

HORTORS LEGAL DIARY. 2004. Regsdagboek, 2004. Johannesburg : Hortor's Stationary.

IRONS, K. 1994. Managing service companies: strategies for success. Workingham : Addison-Wesley. 265 p.

JOHNSON, B. 1996. Polarity management: identifying and managing insolvable problems. Amherst, Mass. : Human Resources Development Press. 267 p.

JOHNSON, J.R. 2002. Leading the learning organization: portrait of four leaders. *Leadership & organization development journal,* 23(5):241-249.

KAPLAN v Incorporated Law Society, Transvaal. [1981(2)].

KREITNER, R. 1992. Management. 5th ed. Boston, Mass. : Houghton Mifflin. 662 p.

KREITNER, R. & KINICKI, A. 1998. Organizational behavior. 6th ed. Boston, Mass. : Irwin / McGraw-Hill. 670 p.

KREITNER, R. & KINICKI, A. 2004. Organizational behaviour. 6th ed. Boston, Mass. : McGraw-Hill / Irwin. 710 p.

LAW SOCIETY OF SOUTH AFRICA. 2003. Constitution of the Law Society of South Africa. (*In* Botha, A., *ed.* Law Society of South Africa: practice manual. Durban : LexisNexus Butterworths. Isssue 21: 1. Structure and ethics.)

LAW SOCIETY OF TRANSVAAL 2003. The Law Society of Transvaal: rules. (*In* Botha, A., *ed.* Law Society of South Africa: practice manual, Durban : LexisNexus Butterworths. Isssue 21: 5. Rules: Transvaal.)

MANNING, G. & CURTIS, K. 2003. The art of leadership. New York : McGraw-Hill. 381 p.

McEWAN, T. 2001. Managing values and beliefs in organisations. Harlow, England : Fianacial Times / Prentice-Hall. 390 p.

McSHANE, S.L. & VON GLINOW, M.A. 2000. Organizational behaviour. Boston, Mass. : Irwin / McGraw-Hill. 709 p.

MILEY, K.K., O'MELIA, M. & DUBOIS, B. 2001. Generalist social work practice: an empowering approach. 3rd ed. Boston, Mass. : Allyn and Bacon. 510 p.

MOSTERT, D.F. 1993. (*In* Venster op bestuursetiek. 'n Uitdaging vir christen sakelui. Potchefstroom : PU vir CHO. Instituut vir Reformatoriese Studies. p. 59-76. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks F3, Versamelwerke, no. 43.)

MURRAY, D. 1997. Ethics in organizations. London : Kogan Page. 239 p.

NELSON, D.L. & QUICK, J.C. 2000. Organizational behavior: foundations, realities, and challenges. Mason, Ohio : South-Western College Pub. 647 p.

NORMANN, R. 2004. Reframing business: when the map changes the landscape. Chichester, West Sussex : Wiley.

ODENDAL, F.F. & GOUWS, R.H., *red.* 2000. HAT: verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Halfway House : Perskor. 1386 p.

OLSON, E.E. & EOYANG, G.H. 2001. Facilitating organization change: lessons from complexity science. San Francisco, Calif. : Jossey-Bass/Pfeiffer. 191 p.

PETERS, T.J. & WATERMAN, R.H. 1984. In search of excellence: lessons from America's best-run companies. New York : Warner Books. 360 p.

SAS Institute INC. 1999. SAS OnlineDoc, Version 8, Cary, NC.

SENGE, P.M. 1990. The fifth discipline: the art and practice of the learning organization. New York : Doubleday / Curency. 424 p.

SUID-AFRIKA. 1996. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, soos op 8 Mei 1996 aangeneem en op 11 Oktober 1996 gewysig deur die Grondwetlike Vergadering. (B34B-96.) (ISBN 0-260-20215-7.)

SUID-AFRIKA. 1979. Wet op Prokureurs, No 53 van 1979. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 2004. Wet op die Voorkoming van Korrupte Bedrywighede, No 12 van 2004. Pretoria : Staatsdrukker

SUID-AFRIKA. Hoogeregshof. Transvaalse afdeling. s.a. Eedsverklaring. Pretoria : Staatsdrukker.

THOMSON, A.A. & STRICKLAND, A.J. 2001. Strategic management. New York : McGraw-Hill. 440 p.

WESTMINSTER dictionary of Christian ethics, ed. by Childress, J.F. and Mcquarrie, J. 1986. Philadelphia, Pa. : Westminster Press. 678 p.

BYLAE A

# THE LAW SOCIETY OF THE NORTHERN PROVINCES

DIE PROKUREURSORDE VAN DIE NOORDELIKE PROVINSIES

Procforum Building
123 Paul Kruger Street, Pretoria 0002
Docex 50
PO Box 1493, Pretoria 0001
Tel: 012 338 5800
Fax: 012 323 2606
E-mail: info@northernlaw.co.za

Incorporated as the Law Society of the Transvaal
Ingelyf as die Prokureursorde van Transvaal

Serving Gauteng, Mpumalanga, Limpopo & North West Provinces
Bedien Gauteng, Mpumalanga, Limpopo & Noordwes Provinsies

Procforumgebou
Paul Krugerstraat 123, Pretoria 0002
Docex 50
Posbus 1493, Pretoria 0001
Tel: 012 338 5800
Faks: 012 323 2606
E-pos: info@northernlaw.co.za

## CIRCULAR NO. 2/2004

To: All Members

Dear Colleague,

### GUIDELINES: CONDUCTING PROPERTY LAW MATTERS (CODE OF CONDUCT)

Pursuant to Circular 1/2003 dated 25 June 2003, under cover of which the draft guidelines for conducting property law matters (code of conduct) were circularised to all members for comment, such guidelines, having regard to comments received from members, were amended to be in compliance with the competition law legislation.

The Council of the Law Society has now finally approved the guidelines, a copy of which is annexed hereto for the urgent attention of members.

## OMSENDSKRYWE NR. 2/2004

Aan: Alle Lede

Geagte Kollega,

### RIGLYNE: HANTERING VAN EIENDOMSREGSAKE (GEDRAGSKODE)

Nadat die konsep-riglyne met betrekking tot die hantering van eiendomsregsake (gedragskode) onder dekking van Omsendskrywe 1/2003, gedateer 25 Junie 2003, aan alle lede gesirkuleer is vir kommentaar, is hierdie riglyne met verwysing na die kommentaar wat van lede ontvang is, nagegaan en gewysig, met inagneming van die wetgewing wat met mededinging verband hou.

Die Raad van die Prokureursorde het hierdie riglyne nou finaal goedgekeur en 'n afskrif van die riglyne word hierby aangeheg vir die dringende aandag van lede.

M J S GROBLER
**Director / Direkteur**

**04/10/2004**

*A copy of this Circular and the document can be made available in Afrikaans upon request.*

*'n Afskrif van hierdie Omsendskrywe en dokument kan op aanvraag in Engels beskikbaar gestel word.*

## RIGLYNE VIR DIE HANTERING VAN EIENDOMSREGSAKE

Die Orde word dikwels deur lede gevra om leiding te verskaf oor prosedures of om praktykreëls neer te lê. Dit blyk duidelik dat lede leiding benodig oor die etiese beginsels en kodes van professionele gedrag wat van toepassing is op die eiendomsregpraktyk. Hierdie dokument is bedoel om te voorsien in die behoeftes van die ervare aktebesorger en ook om te dien as 'n inleiding tot aktebesorgingspraktyk vir onlangs-gekwalifiseerde praktisyns wat miskien nie voldoende blootstelling gehad het aan die praktiese en etiese aspekte van aktebesorging nie. Die Eiendomsregkomitee, tesame met die Etiekkomitee, bied gevolglik die volgende leiding, wat praktykbeginsels insluit wat algemeen aanvaar word deur aktebesorger-prokureurs. Dit moet beklemtoon word dat die riglyne nie allesomvattend is nie, en saamgelees en saam toegepas moet word met die bepalings van die Wet op Prokureurs, 1979, ander toepaslike wetgewing, die gedragsreëls van die Prokureursorde, sowel as die aanwysings oor aktebesorging en eiendomsregsake wat van tyd tot tyd deur die Orde gegee word.

### BESTEK VAN RIGLYNE - INDEKS TOT DOKUMENT


1. **ETIEK EN EERLIKHEID** 2

1.1 Akkuraatheid en Deursigtigheid 2
1.2 Koop van werk 2

2. **NAKOMING VAN ONDERNEMINGS** 4

3. **VERHOUDING MET KOLLEGAS** 6

3.1 Plig om openlik te handel, saam te werk, en sake nie te vertraag nie 6
3.2 Plig om die titelakte en ander dokumente te gebruik vir die bedoelde oogmerke, en om die akte terug te besorg as die verklaarde oogmerk bereik is (of nie bereik kan word nie) 7
3.3 Plig om nie in te meng met 'n transaksie nie, of om nie te kwoteer vir werk wat reeds aan 'n kollega toegesê is nie 7
3.4 Verpligting om nie in te meng met, of opdragte te gee aan 'n kollega se personeel nie 7
3.5 Gedrag in die Aktekantoor, en plig om saam te werk 8
3.6 Onverbonde Aktebesorgers 9

4. **VERHOUDING TUSSEN AKTEBESORGER EN KOPER/VERKOPER/VERBANDNEMER/VERBANDGEWER** 10

4.1 Verhouding met die verkoper 10
4.2 Verhouding met die koper 11
4.3 Verhouding met die verbandhouer 11
4.4 Verhouding met die verbandgewer 12

5. **VERHOUDING MET DIE AKTEKANTOOR** 12

5.1 Formele gedrag 12
5.2 Persoonlike gedrag teenoor personeel van die Aktekantoor 14

6. **VERHOUDING MET DIE ONTVANGER VAN INKOMSTE, PLAASLIKE OWERHEDE, EN ANDER PARTYE MET 'N GEVESTIGDE BELANG IN DIE AKTEBESORGINGSPROSES** 15

6.1 Verhouding met die Ontvanger van Inkomste 15
6.2 Verhouding met plaaslike owerhede 16
6.3 Verhouding met partye met 'n gevestigde belang in die aktebesorgingsproses 17

# 1. ETIEK EN EERLIKHEID

## 1.1 Akkuraatheid en Deursigtigheid

Aktebesorgers registreer transaksies wat groot somme geld behels, op grond van wedersydse ondernemings wat op vertroue gebaseer is. Onderlinge ondernemings wat gefundeer is op die hoogste etiese standaarde van professionalisme en eerlikheid is tot so 'n mate grondliggend aan aktebesorging dat die proses sal disintegreer as daardie standaarde nie gehandhaaf word nie. Die feit dat slegs 'n baie klein aantal aktebesorgingsake op hofsake uitloop, is 'n bewys van die doeltreffendheid van die huidige stelsel.

Die algemene publiek, besighede, en alle openbare sektore maak staat op die akkuraatheid van die registrasiestelsel, waar die inset van die aktebesorger van die uiterste belang is. Behalwe vir sy verpligtinge teenoor die partye wat by die transaksie betrokke is, het die aktebesorger ook 'n plig teenoor die Staat en die publiek om te verseker dat daar geen verkeerde of misleidende inligting in die Aktekantoor opgeteken word of gehou word nie. Die aktebesorger is verplig om enige fout of verandering aan te dui in inligting wat opgeteken moet word, selfs indien dit mag lei tot 'n vertraging van die registrasie. In hierdie verband is die pligte van die aktebesorger, asook professionele verpligtinge, belangriker as die belange van die kliënt, wat mag voel dat sulke aspekte geïgnoreer behoort te word as die registrasie gouer of goedkoper gedoen kan word. 'n Aktebesorger wat byvoorbeeld aan 'n oordrag werk, is verplig om 'n kollega wat aan die verband werk te adviseer indien hy of sy op enige stadium bewus word van 'n addendum wat die prys van die eiendomsregte nadelig mag beïnvloed uit die perspektief van die verbandhouer. Dit is nie aanvaarbaar om te aanvaar dat die inligting slegs geopenbaar moet word indien 'n spesifieke versoek hiervoor van die ander aktebesorger ontvang word nie.

"Skyntransaksies", "kortpaadjies" om registrasie vinniger te laat geskied, of die werf van inligting van 'n ander party, wat andersins nie sulke inligting sou verskaf nie, kom neer op onprofessionele gedrag. 'n Aktebesorger vra byvoorbeeld syfers van 'n bank aan vir die kansellasie van 'n verband op grond van 'n fiktiewe oordrag, wel wetende dat geregtelike stappe om verbandpaaiemente te vorder gestaak sal word omdat die bank onder die indruk is dat die verband binnekort afgelos sal word. Nog 'n voorbeeld is die aktebesorger wat bewus word dat 'n eiendomtransaksie nie eg is nie en bedoel is om bates vir krediteure weg te steek ten einde hangende regsaksies te frustreer. Geen aktebesorger mag willens en wetens aan so 'n transaksie deelneem nie.

Aktebesorgers het 'n spesifieke sorgsaamheidsplig wanneer hulle baie nou by die kliënte betrokke is, byvoorbeeld waar die aktebesorger deelneem aan die kontrak, 'n verband registreer, of 'n kommissie of ander voordeel sal ontvang wat direk of indirek uit die transaksie voortspruit. Dit is onwaarskynlik dat daar klagtes sal ontstaan as sulke voordele of belange by die eerste geleentheid aan alle belanghebbende partye geopenbaar word. Nog 'n voorbeeld: die praktyk van aktebesorgers om verbande ten gunste van hulleself te registreer, kom wydverspreid voor, maar bly riskant. Die aktebesorger moet bewus. wees dat so 'n transaksie besonder kwesbaar is teen aantygings van 'n botsing van belange of versuim om die belange van die ander party te beskerm. As die aktebesorger dit nie oor sy hart kan kry om so 'n transaksie na 'n kollega te verwys nie, sal 'n verstandige handelswyse wees dat 'n kollega die transaksie monitor, ten einde te verseker dat geregtigheid nie slegs geskied nie, maar ook gesien word om te geskied.

## 1.2 Kliëntelokkery

Kliëntelokkery (die koop of onregmatige werwing van werk) is ongetwyfeld die ergste probleem wat aktebesorgers in die afgelope dekade ondervind het. Dit is onprofessioneel en onaanvaarbaar vir 'n praktisyn om derde partye te beloon vir die verwysing van opdragte.

Die prokureur wat deelneem aan 'n transaksie waar die agent of bankbestuurder 'n voordeel verkry wat nie aan die

verkoper of koper geopenbaar is nie, mag waarskynlik skuldig wees aan kliëntelokkery Die onafhanklikheid van die praktisyn word ondermyn as die aktebesorger iets aan die agent verskuldig is en opdragte van hom/ haar aanvaar, tot nadeel van die kliënt, wie se belange dan nie beskerm word nie. Die onafhanklikheid van die praktisyn is uiters noodsaaklik en in die openbare belang.

'n Praktisyn wat skuldig bevind word aan kliëntelokking sal gedissiplineer word. Die betaling deur 'n prokureur van 'n gedeelte van die professionele fooi aan 'n nie-professionele persoon, wat neerkom op die deel van gelde, word verbied. Behalwe vir alle ander oorwegings, val kliëntelokking binne die omvang van die Wet op Korrupsie, en die prokureur, agent, of ander fasiliteerder wat betrokke raak in kliëntelokking moet geen genade van die howe verwag indien sulke sake voor hulle gebring sou word nie.

As gevolg van hierdie praktyk is baie mense nou oortuig dat aktebesorgers buitensporige winste maak en tot die uiterste gedruk moet word ten einde die grootste moontlike voordeel te verkry uit die verwysing van opdragte. Kliëntelokking het die professie so ernstig geskaad dat dit mag lei tot die verlies van aktebesorging as werk wat vir praktiserende prokureurs gereserveer word.. So 'n aksie sal waarskynlik steun geniet van 'n publiek wat voel dat hulle geen vertroue kan stel nie in korrupte praktisyns wat assosieer met korrupte agente en amptenare. Daar moet geen twyfel bestaan nie dat sulke gedrag onprofessioneel is en nie in die openbare belang nie, en die Orde sal ongenaakbaar optree teen enige praktisyn wat skuldig bevind word aan die koop van opdragte, hetsy direk of indirek.

Die koop van opdragte behels 'n betaling in kontant of in natura, wat aan 'n tussenganger of agent gemaak word, hetsy direk of indirek, ten einde 'n werkverwysing te werf of te koop. Werk kan ook gekoop word deur 'n finansiële beweegmiddel aan 'n tussenganger te gee. Finansiële beweegmiddels kan verkillende vorms aanneem, soos byvoorbeeld:-

i) "Sagte" lenings en voorafbetaling van agentekomissie.
ii) Die betaling van 'n gedeelte van die die advertensiekoste van 'n agent of verbandmakelaar.
iii) Die betaling van 'n agent se reiskoste.
iv) Die verlening van buitensporige borgskappe of toekennings.
v) Die betaling van besigheidskoste wat deur die agent aangegaan is, soos huurgeld, telefoonkoste, of rekenaar-huurgeld.
vi) Kwistige onthale.
vii) Die lewering van regsdienste sonder betaling.

'n Onderskeid word getref tussen, aan die een kant, 'n prokureur wat regsdienste aan 'n kliënt lewer sonder betaling, en aan die ander kant, die prokureur wat sulke dienste lewer vir 'n tussenganger wat werk na die prokureur toe kan verwys. Die laasgenoemde handelswyse skep kommer by die Prokureursorde.

Om enige onduidelikheid uit die weg te ruim oor die kwessie van gedeelde advertensiekoste: 'n prokureur mag geen onkoste betaal wat deur 'n eiendomsagent of verbandmakelaar aangegaan is vir advertensie of om die dienste van die eiendomsagent of verbandmakelaar te bevorder nie. As die advertensie van 'n prokureur verskyn op dieselfde bladsy van 'n publikasie as dié van 'n eiendomsagent of verbandmakelaar, moet die uitgewer die prokureur faktureer vir die prokureur se advertensiekoste, en die agent of verbandmakelaar afsonderlik faktureer vir sý advensiekoste.

Die Raad glo dit is belangrik om lede se aandag te vestig op die definisie van omkopery in die handel, soos omskryf deur

die Hoë Hof van Appèl in *Extel Industrial (Pty) Ltd. and another versus Crown Mills (Pty) Ltd. 1998 (4) All SA 465*, waarin die volgende elemente voorkom:-

i) 'n beloning
ii) wat deur een party, die omkoper,
iii) betaal word of belowe word
iv) aan 'n ander party, die agent,
v) wat in staat is om 'n invloed uit te oefen op
vi) 'n derde party, die prinsipaal,
vii) met die bedoeling dat die agent
viii) die prinsipaal moet oorhaal
ix) om 'n kontraktuele verbintenis met die omkoper, sy prinsipaal, genoot, of ondergeskikte aan te gaan
x) of 'n kontraktuele verbintenis te behou of te wysig
xi) sonder dat die prinsipaal daarvan bewus is,
xii) vir die direkte of indirekte voordeel van die omkoper.

Lede wat navrae of kommer het oor die vraag of enige aktiwiteite die Prokureursorde se Reëls en aanwysings mag oortree, word uitgenooi om sulke navrae aan die Prokureursorde voor te lê.

2. **NAKOMING VAN ONDERNEMINGS**

2.1 Ondernemings word vrylik tussen medewerkende kollegas gevra en gegee, ten einde die die registrasie van transaksies te fasiliteer.

'n Praktisyn is nie verplig om 'n onderneming in enige saak te gee of te aanvaar nie. Dit is staande en wyd aanvaarde praktyk dat prokureurs die registrasie van transaksies fasiliteer deur ondernemings te gee om 'n betaling te maak by voldoening aan sekere toekomstige gebeurtenisse.

Dit is 'n gevestigde praktyk in die Aktekantoor in Kaapstad dat trusttjeks uitgeruil word die oggend van registrasie, ingevolge ondernemings wat in transaksies gegee is. Vir volgehoue bestaan maak hierdie praktyk staat op die integriteit van die deelnemende prakyisyns en hulle verbintenis tot professionele standaarde. Die Noordelike Provinsies het nie 'n soortgelyke praktyk nie, maar verwysing word hierna gemaak om die vertrouensverhouding te illustreer wat tussen die Kaapse aktebesorgers bestaan.

2.2 'n Onderneming kan herroepbaar wees. Herroepbare ondernemings moenie ligtelik gegee word nie. 'n Prokureur wat 'n herroepbare onderneming gee is professioneel verplig om die onderneming na te kom as daar vertroue in geplaas is, ongeag van veranderinge in die omstandighede van die kliënt namens wie die onderneming gegee is.

Baie aktebesorgers het gevind dat die aandring op onvoorwaardelike, onherroepbare ondernemings 'n te hoë risiko of verpligting plaas op die prokureur wat dit moet gee. Dit mag lei tot 'n situasie waarin die prokureur weier om 'n onderneming te gee, en liewer 'n bankwaarborg gee, met bygaande koste vir die kliënt en ongerief vir die prokureur wat die onderneming vra.

2.3 Herroepbare ondernemings (en ondernemings wat nie as onherroepbaar vermeld word nie) kan herroep word, maar etiese oorwegings geld waar die party in wie se guns die onderneming gegee is reeds opgetree het op sterkte van so 'n

onderneming. Herroeping moet tydig gedoen word en die party wat opgetree het op grond van die onderneming moet die geleentheid gegun word om die *status quo ante te herstel.*

2.4 Ondernemings moet noukeurig opgestel word. Prokureurs wat ondernemings gee moet kenis dra van die toepassing van die 'staatmaak-teorie' ingevolge waarvan die inhoud van 'n onderneming voorkeur verkry oor die vorm daarvan. Verwys in hierdie verband na Ridon vs Van der Spuy & Partners (Wes Kaap) Inc 2002(2) SA 121(c) waarin daar beslis is dat 'n onderneming deur die respondent prokureursfirma om 'namens' hulle kliënt te betaal, behoorlik vertolk word as 'n persoonlike onderneming deur die firma en nie deur die kliënt nie.

Die prokureur vir 'n vonnisskuldeiser hef byvoorbeeld 'n beslaglegging op onroerende eiendom op, op grond van 'n onderneming wat deur die oordraggewende prokureur gegee is. Sou laasgenoemde op enige stadium die reg uitoefen om die onderneming te herroep, vereis professionele etiek dat die prokureur vir die vonnisskuldeiser tydig in kennis gestel word en behoorlike geleentheid kry om die posisie *ante te herstel*, dws om weer beslag te lê op die eiendom, of alternatiewelik om nuwe opdragte te verkry.

'n Prokureur wat 'n onderneming gee om 'n spesifieke voordeel te verkry en dan die onderneming terugtrek sonder om die ander party 'n geleentheid te bied om sy regte te herbevestig, kan by die Orde verkla word en ondersoek word vir onprofessionele gedrag, benewens ander privaatremedies van die benadeelde party.

2.5 'n Onderneming mag voorwaardelik of onvoorwaardelik wees. Sorg moet geneem word dat enige toepaslike voorwaardes waarvan betaling afhang, geopenbaar word, asook enige ander omstandighede wat die aanvaarding van die onderneming mag beïnvloed. As 'n onderneming byvoorbeeld gegee word om die netto-opbrengs van 'n verkoping by oordrag oor te betaal, moet die bestaan van 'n nie-nagekome opskortende voorwaarde ten tye van die gee van die onderneming spesifiek geopenbaar word.

2.6 Ondernemings moenie ligtelik gegee word nie, mag nie misleidend wees nie, en moet eers gegee word wanneer die finansiële besonderhede van die onderliggende transaksie vasgestel is.

Waar, byvoorbeeld, die verskuldigde bedrag op 'n verband op die eiendom die verkoopprys oorskry, is 'n onderneming om die netto-opbrengs van die verkoping oor te betaal, misleidend ..

2.7 Die onus om verbandkoste te vorder rus gewoonlik op die prokureur wat betrokke is by die registrasie van die verband. Waar die verbandkoste egter ingesluit is in die koopprys van 'n eiendom, mag dit makliker wees om die koste af te trek van die opbrengs van die verband voordat die netto-opbrengs aan die oordraggewende prokureur oorbetaal word.

In so 'n geval moet enige onderneming om die opbrengs van 'n verband aan die oordraggewende prokureur te betaal, dit duidelik stel dat onkoste afgetrek sal word. Dit moet vroegtydig laat weet word ten einde die oordraggewende prokureur in staat te stel om die finansiële aspekte van die transaksie betyds te beplan.

<u>Opsommenderwys:</u> -

Of aktebesorgers sal voortgaan om ondernemings te aanvaar as 'n nuttige wyse om transaksies te fasiliteer, is onderhewig daaraan of hulle hul wetlike en professionele verpligtinge sal nakom. Die berekeninge en die bewoording van die onderneming moet versigtig gedoen word, aangesien ander partye daarvolgens sal optree. 'n Prokureur mag gehou word

by die letter en die bedoeling van 'n onderneming, en loop gevolglik die risiko van siviele aksie en/of 'n klag van onprofessionele gedrag.

3. **VERHOUDING MET KOLLEGAS**

3.1 **Plig om openlik te handel, saam te werk, en sake nie te vertraag nie**

In aktebesorging word daar vereis dat 'n aantal prokureurs wat handel met verskillende aspekte in 'n stel, met mekaar sal saamwerk ten einde te verseker dat die hele stel transaksies suksesvol ingedien word en tydig geregistreer word.

As 'n mens aanvaar dat 'n standaardstel 'n oordrag, 'n verbandkansellasie, en 'n nuwe verband behels, wat elkeen deur 'n ander aktebesorger hanteer word, sal die pligte van 'n aktebesorger die volgende behels:

3.1.1 Die oordragprokureur moet

a) die konsep-transportakte vroegtydig aan die verbandprokureur stuur, met volle besonderhede van die waarborgvereistes. Indien 'n voorlopige volmag verskaf is, moet hy verseker dat dit opgevolg word met 'n konsep-transportakte;

b) die verbandprokureur onmiddellik in kennis stel van enige veranderinge aan die konsep-transportakte;

c) onmiddellik optree wanneer hy die titelakte ontvang vanaf die verbandkansellasie-prokureur, deur ontvangs te erken van die titelakte, en deur laasgenoemde te voorsien van die vereiste onderneming of waarborg vir betaling van die uitstaande kapitaal en rente waarvoor die verband sekerheid stel;

d) enige navrae beantwoord wat deur die verbandkansellasie-prokureur geopper mag word oor rekeningnommers, en so gou moontlik na registrasie van die kansellasie van die verband,die adres van die verbandgewer aan die verbandkansellasie-prokureur deurgee sodat hy die verbandnemer daarvan kan verwittig;

e) enige onderneming wat gegee is, nakom;

f) binne 'n redelike tyd nadat hy dit van die Aktekantoor ontvang het, die pasgeregistreerde titelakte aan die verbandprokureur lewer.

3.1.2 Die verbandkansellasie aktebesorger moet

a) sodra hy opdrag ontvang om die verband te kanselleer, aan die oordragprokureur skryf, en die titelakte of 'n afskrif daarvan, sowel as die verbandhouer se kansellasievereistes, aan die oordragprokureur verskaf;

b) die toestemming tot kansellasie van die verband sonder versuim opstel, en dit vir handtekening voorlê sodra die vereiste brief van onderneming of waarborg ontvang word.

3.1.3 Die verbandprokureur moet

a) die oordragprokureur kontak sodra hy opdrag ontvang om die verband te registreer, en moet versoek dat die oordragprokureur 'n konsep-transportakte verskaf. Dit is belangrik om aan te toon presies hoeveel van die opbrengs van die verband by registrasie of oordrag beskikbaar sal wees vir oorbetaling, en of die verbandregistrasiekoste afgetrek moet word van the opbrengs van die verband of nie. Dit is nie aanvaarbaar om die oordragprokureur eers by registrasie te laat weet dat die verbandregistrasiekoste afgetrek moet word nie;

b) die verbanddokumente opstel en so gou moontlik reël dat die verbandgewer dit onderteken, sodat hulle gereed sal wees vir indiening sodra die oordragprokureur dit versoek;

c) verseker dat al die verbandnemer se voorwaardes nagekom is voordat die aktes beskikbaar gestel word vir registrasie, ten einde enige vertraging met die registrasie uit te skakel;

d) enige onderneming om by registrasie te betaal nakom;

e) verseker dat 'n volledige konsep-transportakte verskaf is en dat dit nagegaan is vir enige beperkende voorwaardes en/of toestemmings wat benodig mag word. Hy moet enige afstanddoening verkry van voorwaardes wat die verbandnemer se regte benadeel.

Dit is duidelik dat aktebesorging-transaksies gevoer moet word in 'n gees van samewerking, en elke aktebesorger moet sy of haar bes doen om te verseker dat hy aan ander meewerkende aktebesorgers hulp verleen in die uitvoering van hulle onderskeie mandate.

Dit is wys om sover moontlik enige spesiale versoeke vir hulp vanaf ander aktebesorgers te akkommodeer , aangesien geen aktebesorger kan weet wanneer hy of sy die hulp van 'n kollega mag nodig kry nie.

3.2 **Plig om die titelakte en ander dokumente te gebruik vir die bedoelde oogmerke, en om die akte terug te besorg as die verklaarde oogmerk bereik is (of nie bereik kan word nie)**

Elke aktebesorger aan wie 'n titelakte voorsien is vir 'n verklaarde doel, het 'n sorgsaamheidsplig ten opsigte van daardie titel. As die titel geldig bly na die registrasie van die transaksie waarvoor dit voorsien is, of sou daardie transaksie gekanselleer word of onnodig vertraag word, moet die titel veilig terugbesorg word aan die prokureur wat dit verskaf het.

Die prokureur wat die akte afgee, moet ook verseker dat daardie akte korrek afgegee is aan die bedoelde ontvanger. Alle redelike voorsorg moet geneem word dat die akte sy bestemming bereik.

In geval 'n titelakte verlê word deur die prokureur wat 'n sorgsaamheidsplig ten opsigte daarvan het, moet daardie prokureur aansoek doen om die uitreik van 'n gesertifiseerde afskrif, en om die koste van so 'n aansoek te dra.

3.3 **Plig om nie in te meng met 'n transaksie nie, of om nie te kwoteer vir werk wat alreeds aan 'n kollega toegesê is nie**

Hoewel daar 'n riglyn is vir gelde, bly dit steeds slegs 'n riglyn, en gelde mag onderhandel word. Toe die beslissing deur die professie neergelê is wat toelaat dat aktebesorginggelde onderhandel mag word, is daar uitdruklik gestel dat 'n besorger wat minder vra as die gelde van 'n kollega aan wie opdragte gegee is, met die doel om die werk te verkry, hom/haar skuldig maak aan kliëntelokkery. Kliëntelokkery word verbied. Afslag word beskou as 'n berekende wyse om kliënte te lok. Nietemin word professionele besigheidsbenaderings toegelaat (verwys na die Advertensie- en Bemarkingsreëls wat beskikbaar is op die webtuiste van die Orde).

Tensy hy/sy *pro amico*, optree, word daar van 'n prokureur verwag om 'n redelike gelde te hef vir werk gedoen. Hy/sy moet redelik en eerlik optree teenoor kliënte, kollegas, en die professie as geheel.

As 'n aktebesorger eenmaal 'n instruksie ontvang het om 'n transaksie te registreer, is dit onprofessioneel vir enige ander aktebesorger om die vorige aktebesorger se mandaat te laat beëindig sodat hyself/syself die opdrag kan ontvang. Dit is hoogs onprofessioneel vir 'n aktebesorger om, nadat hy/sy vasgestel het dat 'n kollega opdrag ontvang het, die verkoper of verbandgewer te nader om die vorige aktebesorger se mandaat te laat beëindig, omdat hy/sy bereid is om teen 'n laer tarief te werk.

3.4 **Verpligting om nie in te meng met, of opdragte te gee aan, 'n kollega se personeel nie**

Wanneer 'n aktebesorger tydsaam reageer op briewe en versoeke van meewerkende aktebesorgers, kom 'n mens maklik in die versoeking om eersgenoemde aktebesorger se sekretaresse te bel en haar opdragte te gee om met sake te handel, byvoorbeeld om haar kliënt se bank te bel in verband met die terugstuur van 'n ondertekende toestemming om 'n verband te kanselleer. Hoewel 'n aktebesorger selfs gefrustreer mag wees oor die feit dat 'n kollega nie aandag skenk aan 'n saak nie, is dit onbehoorlike inmenging as daar opdragte gegee word aan die kollega se sekretaresse sonder die vooraf goedkeuring van die kollega. Die aktebesorger behoort direk met die kollega te onderhandel.

3.5 **Gedrag in die Aktekantoor, en plig om saam te werk**

3.5.1 Tensy ander reëlings getref word, is dit die plig van die aktebesorger wat nommer een van die stel aktes verteenwoordig, om die aktes by die gelyktydige aktebesorgers af te haal en dit in te handig vir registrasie.

3.5.2 Watter aktebesorger ookal die aktes ingedien het, het die verpligting om die registrasie van die stel te bevestig met die gelyktydige aktebesorgers.

3.5.3 Dit is onprofessionele gedrag vir 'n aktebesorger om 'n akte namens 'n ander aktebesorger te registreer en/of in te handig vir registrasie, sonder die ander aktebesorger se uitdruklike magtiging. Dit is 'n gevaarlike oortreding met baie ernstige implikasies, veral as 'n toestemming tot kansellasie van 'n verband getender word vir kansellasie sonder die kennis en toestemming van die indienende firma.

3.5.4 Indien 'n aktebesorger vir enige rede hoegenaamd 'n akte uit die Aktekantoor wil onttrek, moet so 'n aktebesorger die gelyktydige aktebesorgers in kennis stel van sy voorneme, en die nodige aansoekvorm by die aktekantoor invul. By ontvangs van die aktes moet vermelde aktebesorger onmiddellik alle aktes wat aan die gelyktydige aktebesorgers behoort, aan die betrokke firma's terugbesorg.

3.5.5 Indien 'n aktebesorger om watter rede ookal in besit is van die aktes van 'n kollega, het hy 'n verpligting om die kollega onmiddellik in kennis te stel, ten einde hom in staat te stel om te weet waar die aktes is.

3.5.6 As 'n aktebesorger aktes wil bespoedig of herstel, moet hy reël om die aktes by die gelyktydige aktebesorgers af te haal. Nadat hy met die aktekantoor gekonsulteer het, is dit sy plig om die onderskeie aktebesorgers in kennis te stel van die uitkoms van sy aansoek, en om te bevestig dat hy die aktes heringedien het en wanneer hy verwag dat die aktes op voorbereiding sal kom.

3.5.7 Indien aktes verwerp word, is dit die plig van die aktebesorger wie se aktes verwerp is om die dokumente dringend reg te stel of oor op te stel, en om met die gelyktydige aktebesorgers te reël vir herindiening. Indien dit nie moontlik is om die aktes binne twee werksdae reg te stel of oor op te stel nie, is die betrokke aktebesorger verplig om die gelyktydige aktebesorgers in te lig oor sy probleem en hulle in kennis te stel van wannneer hy verwag om in 'n posisie te wees om weer in te dien.

3.5.8 Die aktebesorger wie se aktes verwerp is, is onder geen verpligting om by die aktekantoor aansoek te doen om bespoediging of teruggawe van die aktes nie. Dit is sy diskresie om dit te doen of nie. Indien 'n ander gelyktydige aktebesorger aansoek wil doen, mag hy dit doen met die toestemming van die gelyktydige aktebesorgers.

3.5.9 Indien aktes verwerp is en en die aard van die nota is sodanig dat dit nodig is vir een aktebesorger om die dokumente of notas van die ander aktebesorger te besigtig, is so 'n firma verplig om te voldoen aan die versoek van die relevant aktebesorger om hom of haar sonder versuim te voorsien van die nodige afskrifte of inligting om te verseker dat die aktes so gou moontlik heringedien kan word.

3.5.10 As 'n aktebesorger gelyktydige indiening met een of meer kollegas reël, met die wete dat hy nie in staat mag wees om die transaksie uit te voer wanneer dit in die normale loop van sake gereed is vir registrasie, omdat sekere vereistes nog uitstaande is nie, het hy 'n plig om hierdie feit te openbaar aan die aktebesorgers wat ten tye van indiening aan die gelyktydige transaksies werk.

3.6 **Onverbonde Aktebesorgers**

3.6.1 Dit is in orde dat 'n prokureur wat 'n toegelate aktebesorger is, aktes-transaksies uitvoer en afhandel namens 'n kollega wat nie 'n toegelate aktebesorger is nie, solank as die aktebesorger bona fide optree in een van die volgende hoedanige:

(a) as die vennoot van die nie-aktebesorger

(b) as die korrespondent van die nie-aktebesorger

(c) *pro amico*, onderhewig aan die streng riglyne oor *pro amico*-werk van die Prokureursorde.

3.6.2 Dit word as 'n ongewenste praktyk beskou indien 'n aktebesorger werk aanvaar van 'n aantal firma's wat nie 'n toegelate aktebesorger op hulle personeel het nie, tensy die verwantskap voldoen aan vereistes soos hierbo uiteengesit.

3.6.3 Die redes waarom dit as 'n ongewenste praktyk beskou word, is soos volg:

(a) Die kliënt het 'n redelike verwagting dat 'n transaksie wat aan 'n praktisyn toevertrou is, deur daardie praktisyn hanteer sal word, en die vraag van wie die uiteindelike verantwoordelikheid vir die transaksie moet neem, moet duidelik uitgeklaar word.

(b) Dit is misleidend vir die publiek – die indruk word geskep dat 'n firma in eiendomswerk spesialiseer terwyl daar geen gekwalifiseerde aktebesorger is nie. Dit is nie in die openbare belang nie, en werp 'n swak refleksie op die aktebesorgingprofessie as geheel.

(c) Dit frustreer die pogings van die Prokureursorde om prokureurs aan te moedig om gekwalifiseerde aktebesorgers te word.

(d) Baie maal is daar geen beheer of kommunikasie tussen die Registrateur en die betrokke firma nie, of tussen die gelyktyktydige firmas nie. Gevolglik word die publiek benadeel. Daar word nie aandag gegee aan die verwydering van notas nie, en dit is moeilik om 'n verantwoordelike aktebesorger te vind om probleme mee te bespreek. Sulke onnodige vertragings veroorsaak ongerief en geldelike verlies.

3.6.4 'n Praktyk, soortgelyk aan die praktyk van die "onverbonde" aktebesorgers, het ontwikkel, waarin 'n aantal firmas 'n enkele aktebesorger gebruik om namens hulle in die aktekantoor in Pretoria of Johannesburg uit te voer. Sulke firmas is gewoonlik nie geleë in dieselfde stad as die Aktekantoor nie. Mits daar voldoen word aan die vereistes soos hierbo uiteengesit, is hierdie praktyk aanvaarbaar. Enige prokureur moet versigtig wees en moet oorweeg of dit in die beste belang van sy kliënte is dat hy betrokke raak by so 'n sindikaat wat langafstand-aktebesorging doen.

3.6.5 Die Registrateur van Aktes is baiemaal gefrustreerd met aktebesorgers wat aan sulke sindikate deelneem,

aangesien die verantwoordelike persoon nie geredelik beskikbaar is om in 'n krisissituasie probleme te bespreek nie. Die Registrateur het aangedui dat hy 'n indien-nommer en fasiliteite sal toestaan aan 'n aktebesorger wat buite die stad van die Akteregistrasiekantoor praktiseer, slegs as so 'n aktebesorger of firma "effektiewe aktebesorging" kan behartig. Die Registrateur beskou "effetiewe aktebesorging" as, onder andere, die vermoë van die aktebesorger om op versoek van die Registrateur binne 20 minute in die Aktekantoor teenwoordig te wees. Dit beteken dat die uitvoerende aktebesorger van so 'n sindikaat verplig sal wees om onmiddellik te reageer op 'n versoek en na die aktekantoor terug te keer, of hy ookal op pad is tussen Johannesburg of Pretoria, of alreeds terug in sy kantoor is. Dit is die plig van 'n aktebesorger wat aan hierdie praktyk deelneem, om te verseker dat die aktebesorger wat hom verteenwoordig, aan hierdie vereistes kan voldoen.

## 4. VERHOUDING TUSSEN AKTEBESORGER EN PARTYE TOT DIE TRANSAKSIE

"n Aktebesorger moet ten alle tye bedag wees op 'n botsing van belange, en moet groot moeite doen om so 'n botsing te vermy, veral wanneer hy sowel die oordrag as die verbandregistrasie hanteer.

### 4.1 Verhouding met die verkoper

4.1.1 In die meeste gevalle sal die verkoper se prokureur genomineer word om die oordrag van die verkoper se eiendom te doen. Dit is derhalwe die primêre plig van die aktebesorger om die belange van sy kliënt, die verkoper, ten alle tye te beskerm.

4.1.2 By ontvangs van 'n opdrag om 'n oordrag te doen, moet die aktebesorger die verkoper kontak om ontvangs van die opdrag te erken, en aan hom/haar die regsproses te verduidelik wat gevolg moet word om die registrasie van die oordrag te finaliseer.

4.1.3 Hy/sy moet aan die verkoper al die klousules in die koopkontrak uitwys wat 'n nadelige impak mag hê op die oordrag, dws opskortende voorwaardes, veral diè wat verwys na die vooraf verkoop van die koper se eiendom.

4.1.4 Hy/sy moet die verkoper ingelig hou oor die verloop.

4.1.5 Hy/sy moet besondere aandag gee aan die verkoper se verbandaflosbedrag, en hom/haar vroegtydig waarsku oor enige boete-rente, kennisgewingtydperke, of enige administratiewe koste wat gehef kan word teen kansellasie van die verband, wat die bedrag mag verhoog tot buite die verwagtinge van die verkoper.

4.1.6 Hy/sy moet die verkoper se toestemming verkry voordat hy/sy enige waarborg of onderneming namens die verkoper uitreik.

4.1.7 Hy/sy moet poog om oordrag te laat geskied op die datum wat in die koopkontrak gespesifiseer word, of so na as moontlik daaraan.

4.1.8 Hy/sy moet verseker dat die verkoper al sy/haar verpligtinge in die koopkontrak nakom, en hom/haar vroegtydig daaraan herinner ten einde vertraging van die registrasie of oordrag te verhoed.

4.1.9 Hy/sy moet persoonlik aandag skenk aan die verkoper wanneer hy/sy opdaag om die oordragdokumente te teken, en aan hom/haar die aard en doel daarvan te verduidelik.

4.1.10 Hy/sy moet die transportakte en steunende dokumente versigtig voorberei, voordat hulle by die aktekantoor ingedien word, ten einde die moontlikheid van verwerping te verminder.

4.1.11 Hy/sy moet die verkoper in kennis stel van registrasie of oordrag in sy/haar naam, op dieselfde dag van sodanige registrasie, en moet binne twee werksdae na registrasie oor die finansies wat betrekking het op die transaksie, verreken.

4.1.12 Lede moet daarop let dat, tensy die lid die toestemming van die kliënt daartoe het, die vordering wat met 'n transaksie gemaak word, nie aan die eiendomsagent gerapporteer moet word nie, en dat dit beskou sou word as 'n breuk van vertroulikheid wat van toepassing is op die prokureur-kliënt-verhouding.

4.2 **Verhouding met die koper**

4.2.1 Met inagneming van sy/haar primêre plig teenoor die verkoper, het die aktebesorger nietemin ook 'n plig teenoor die koper, met wie daar reguit en hoflik gehandel moet word, en wat in kennis gestel moet word indien die verkoper sy regte benadeel. In geval van 'n dispuut tussen die koper en die verkoper, vertel aan die koper dat 'u primêre plig by u kliënt, die verkoper, lê, en indien die dispuut nie in der minne geskik kan word nie, die koper sy eie prokureur moet raadpleeg.

4.2.2 Kontak die koper onmiddellik by ontvangs van opdragte om die oordrag te doen, en stel u aan hom/haar voor.

4.2.3 Lig die koper in oor sy/haar verpligting ingevolge die koopkontrak, en verduidelik spesifiek aan hom/haar die regsgevolge van die materiële voorwaardes.

4.2.4 Sorg dat die koper so so gou as moontlik na ontvangs van die opdrag die oordragdokumente teken en staan hom/haar persoonlik by wanneer hy/sy teken, ten einde aan hom/haar die aard en doel te verduidelik van die dokumente wat geteken moet word.

4.2.5 Verduidelik aan die koper hoe die oordragkoste bereken word en wanneer dit betaalbaar is. Verduidelik ook die verpligting om munisipale heffings en dienstegelde te betaal, of heffings aan 'n regspersoon of Huiseienaarsvereniging.

4.2.6 Vra vroegtydig vir die koper se waarborg van die koopprys of die balans daarvan, soos in die koopkontrak gestipuleer.

4.2.7 Belê alle gelde wat die koper op die koopprys inbetaal het in 'n rentedraende trustrekening in, ingevolge die bepalings van Artikel 78(2A) van die Wet op Prokureurs, soos normaalweg bepaal in die koopooreenkoms, of andersins met die geskrewe toestemming van die koper, soos vereis in die Wet. Verseker dat die vereistes van die Wet nagekom is, en onthou dat u 'n verpligting tot sorgsaamheid het in hierdie verband.

4.2.8 Hou die koper ten volle op hoogte van die vordering.

4.3 **Verhouding met the verbandhouer**

4.3.1 In die meeste gevalle is die verbandhouer u kliënt, bv 'n bank of finansiële instelling gee u opdrag om 'n verband in hulle guns te registreer.

4.3.2 Erken onmiddellik ontvangs van 'n verbandopdrag.

4.3.3 Lees die opdrag versigtig deur, om vas te stel watter voorwaardes wat deur die verbandhouer opgelê is, nagekom moet word voordat die verband geregistreer word.

4.3.4 Maak seker dat u bekend is met die administratiewe proses wat die verbandhouer vereis vir die registrasie van sy verband, en dat u spesifieke vereistes uitwys en enige potensiële probleme benadruk wat 'n vertraging kan meebring in die registrasie van die verband.

4.3.5 U moet voldoen aan al die vereistes wat die verbandhouer gestel het vir rekenaartoerusting (hardeware) en – programatuur (sagteware).

4.3.6 U moet die belange van die verbandhouer ten alle tye beskerm. As daar gevra word dat 'n titelakte wat deur die verbandhouer vrygestel is aan hom/haar terugbesorg word, is u verplig om dit onmiddellik terug te besorg.

4.3.7 Titelvoorwaardes van die eiendom wat verbind word, moet versigtig deurgelees word, en enige nadelige voorwaardes moet onmiddellik onder die aandag van die verbandhouer gebring word.

4.3.8 Stel die verbandhouer onmiddellik in kennis van die registrasie van die verband, en verseker dat geld slegs namens die verbandhouer vrygestel word ooreenkomstig goedkeuring vir betaling en waarborge en vir ondernemings wat uitgereik is.

4.3.9 Sorg dat alle sekuriteite sonder versuim aan die verbandhouer gelewer word, sodra die oordrag afgehandel is.

4.4 **Verhouding met die verbandgewer**

4.4.1 Hoewel die verbandgewer normaalweg nie u kliënt is nie, is dit u plig om sy/haar belange te beskerm ten opsigte van die verband wat geregistreer moet word.

4.4.2 Kontak die verbandgewer so gou moontlik na ontvangs van die verbandopdrag, en stel u aan hom/haar voor. Verduidelik aan die verbandgewer die proses wat gevolg gaan word om die verband te registreer.

4.4.3 Neem die verbanddokumente na die verbandgewer sodra dit opgestel is, sodat hy/sy dit kan teken.

4.4.4 Staan die verbandgewer persoonlik by wanneer hy/sy teken, en verduidelik aan hom/haar elke aspek van die dokumente wat hy/sy gaan teken. In besonder moet u alle nadelige voorwaardes uitwys wat in die verbanddokumente voorkom, bv. kennisgewingtydperke vir kansellasie.

4.4.5 Verduidelik aan die verbandgewer hoe verbandkostes bereken word en wanneer dit betaalbaar is.

4.4.6 Staan die verbandgewer in alle opsigte by om die voorwaardes na te kom vir toekenning van 'n lening soos deur die verbandhouer opgelê.

5. VERWANTSKAP MET AKTEKANTOOR

5.1 **Formele Gedrag**

5.1.1. Aktes ingedien

Kontak met the Aktekantoor word gemaak dmv die akte wat ingedien word.

a) Uiterste sorg moet geneem word om te verseker dat aktes in alle opsigte behoorlik en korrek opgestel word.

b) Die inskrywings op die indieningsomslag moet netjies en korrek gedoen word, die skakeling moet voltooi wees, die Aktekantoor se opspoorplakker moet opgeplak word, en die dokumente in die omslag moet netjies ingesit word, sonder onnodige krammetjies en omslae. Onthou dat dié dokumente mikroverfilm moet word. Derhalwe moet alle onnodige bladsye en dokumente uit die indieningsomslag verwyder word.

c) Voorsorg moet getref word by voorbereiding om te voorsien watter notas deur die Aktekantoor aangebring sal word.

5.1.2 Verbondenheid aan kantoorure, en algemene sake

a) Aktes moet ingedien word teen die tyd wat deur die Registrateur van Aktes vasgestel word. Die rede vir dié spertyd is om te verseker dat alle aktes vroegtydig ingedien word en om aan personeel tyd te gun om aktes onbelemmerd **in te sorteer en te groepeer.**

b) Bly by die uitvoeringstyd soos deur die Registrateur vasgestel. Dit is die tyd wanneer al die Aktebesorgers in die uitvoerkamer byeenkom om te verseker dat nie slegs die kommunikasie met mede-aktebesorgers betyds geskied nie, maar dat die aktes so spoedig moontlik geregistreer word en aan die registrasiepersoneel oorhandig word om tydige registrasie te fasiliteer.

c) Bly by die tye vir die verwydering van notas. Dié tye word van tyd tot tyd deur die Registrateur gepubliseer om te verseker dat ondersoekers beskikbaar is om notas te verwyder. Buite dié tye moet ondersoekers ongehinderd gelaat word om aktes te ondersoek.

d) Dien aktes wat geregistreer moet word so gou as moontlik in, maar nie later nie as die tyd wat gestipuleer is. Dit help die Aktekantoorpersonneel om aktes wat vir uitvoering ingedien is, vinnig en effektief in te sorteer en voort te gaan met finale inskrywings in die Swartboek. Die uitvoerkamer is nie die plek om notas en navrae met die Aktekantoorpersoneel te bespreek nie.

e) As die Registrateur vir watter rede ookal besluit om 'n akte of 'n stel aktes wat vir registrasie ingedien is nie te registreer nie, moet die Registrateur die prokureursfirma bel wat geskakel is as nommer een van die stel aktes. Prokureurs moet verseker dat die telefoonnommer wat by die firma se nommer voorkom op die omslag van die akte, die korrekte huidige telefoonnommer is wat dit vir die Aktekantoor maklik sal maak om maklik en vinnig in verbinding te kom met die betrokke aktebesorger.

f) Aktebesorgers moet hulle ontvangsdames/sekretaresses bewus maak van die erns van 'n telefoonoproep vanaf die Aktekantoor. Sodra daar van die aktekantoor af verneem word dat 'n stel aktes nie verly is nie, is dit die plig van die aktebesorger, as nommer een van die stel, om die betrokke gelyktydige firmas in kennis te stel dat registrasie inderdaad nooit plaasgevind het nie. Dit sal verhoed dat aktebesorgers hulle kliënte/banke foutiewelik adviseer oor registrasie, en sal verhoed dat hulle waarborge aanbied en betalings maak.

g) 'n Aktebesorger is verplig om gereeld daagliks aandag te gee aan sy aktes wat voorberei of geregistreer word. Tensy die aktebesorger op 'n spesifieke dag geen aktes het wat voorberei of geregistreer word nie, is dit die plig van 'n aktebesorger of sy verteenwoordiger om elke dag in die aktekantoor teenwoordig te wees. Dit is onprofessioneel vir 'n aktebesorger om nie stiptelik aandag te

skenk aan voorbereidingsnotas nie, en om aktes onnodig oor te hou, en sodoende vertragings en finansiële nadeel vir die publiek en vir sy/haar kollegas te veroorsaak, tensy daar geldige redes is om oor te hou.

h) Geen aktebesorger mag die registrasienommer of fasiliteite van 'n ander firma gebruik nie. 'n Aktebesorger wat aktebesorgingsdienste in die Aktekantoor wil lewer, moet die voorgeskrewe aansoekvorm invul om aansoek te doen vir sy/haar eie registrasienommer, en moet alle toepaslike inligting verskaf wat deur die Registrateur verlang word. Dit is die Registrateur se prerogatief om 'n registrasienommer en fasiliteite terug te trek indien dit vir hom blyk dat 'n registrasiefasiliteit onaktief geraak het of vir enige ander rede in sy eie diskresie.

i) 'n Aktebesorger is verplig om beskikbaar te wees om sake te verly wat tydens die feestyd en ander vakansietye geregistreer word, of moet, alternatiewelik, vroegtydig kennis gee aan praktisyns wat aan gelyktydige transaksies werk, asook aan sy kliënt, van enige spesiale reëlings wat vir hierdie doel getref is. Dit sluit die pliig in om banke en ander instellings vroegtydig in kennis te stel om betaling van eiendomswaarborge te maak ingevolge registrasie.

5.1.3 <u>Betaling van Aktekantoorgelde</u>

a) Wanneer 'n aktebesorger gebruik maak van die fasiliteite van die Aktekantoor, is hy kontraktueel en persoonlik daartoe verbind om sy Aktekantoorgelde stiptelik te betaal. Dit word as onprofessionele gedrag beskou as die rekening van die Aktekantoor nie betaal word nie, en die Registrateur beskik oor die volgende remedies:

- hy kan aksies instel teen die skuldenaar-aktebesorger of firma ten einde die uitstaande skuld in te vorder;
- terselfdertyd kan hy die aktebesorger of firma verkla by die Prokureursorde;
- hy het die reg om toegang te weier tot, en die registrasie bevoegdhede van die nie-betalende party op te skort.
- As die Registrateur die registrasie van 'n akte weier, weens die feit dat die betaling van die rekening van die Aktebesorger agterstallig is, mag dit tot nadeel strek van nie slegs die betrokke kliënte nie, maar ook van die gelyktydige prokureurs in die stel, en hulle kliënte. Die Prokureursorde beskou sulke vertragings in 'n ernstige lig en sal streng optree teen so 'n aktebesorger as hy/sy by die Prokureursorde verkla word. Daar is geen rede waarom iemand agterstallig hoef te raak nie. Voordat hy registreer moet die aktebesorger voorsorg tref vir die betaling van sy uitgawes en onkostes.

b) As die aktebesorger weier om sy rekening aan die Aktekantoor te betaal, weens 'n dispuut oor die akkuraatheid van die rekeningbedrag of betrokke items, is die korrekte prosedure dat die aktebesorger met die Aktekantoor moet reël dat hy vir elke transaksiekontant betaal op 'n ad-hoc basis – totdat die dispuut opgelos is en die opskorting opgehef is. Dit is nie 'n verskoning vir die aktebesorger om die registrasie van aktes oor te hou weens sy opskorting nie, omdat hy nie saamstem met die rekeningstaat wat deur die Aktekantoor voorgehou word nie.

c) Ten einde die probleem van nie-betaling deur praktisyns uit te skakel, word daar voorsien dat die Registrateur 'n stelsel van voorafbetaling sal instel. Sodra dié stelsel ingestel is sal die probleme hierbo hopelik iets van die verlede wees. 'n Aktebesorger sal dan vooraf betaal word ten einde sy transaksie te laat registreer.

5.2 **Persoonlike kontak met Aktekantoorpersonnel**

i) Aktebesorgers, en nie voorbereidingsklerke of kandidaatprokureurs nie, moet wesenlike of ingewikkelde notas met die ondersoeker bespreek. Aktebesorgers moet deeglik voorberei wees om die nota te bespreek.

ii) As aktekantoorpersoneel geraadpleeg moet word oor ander sake as notas wat ter sprake kom in aktes, sal 'n vooraf-afspraak die beskikbaarheid van die ondersoeker verseker. Aansoeke om aktes te herstel of te bespoedig moet gebring word deur 'n aktebesorger, en nie deur 'n klerk of kandidaatprokureur nie.

iii) Skakel selfone af wanneer notas met ondersoekers bespreek word, of moenie oproepe antwoord nie.

iv) Wees hoflik wanneer u met Aktekantoorpersoneel praat. Moenie onhoflik optree nie, selfs al glo u dat 'n ondersoeker 'n fout gemaak het.

v) Volg altyd die korrekte administratiewe prosedure, en moenie druk toepas op junior personeellede om interne prosedures te systap nie. Daar is goeie redes vir sulke prosedures, en hulle moet uitgevoer word.

vi) Moenie die kantore binnegaan en deur die aktes blaai sonder om vooraf die nodige toestemming te verkry nie. Aktes raak baiemaal weg in die aktekantoor, nie weens die aktekantoor se nalatigheid nie, maar weens ongemagtigde ingang en hantering van aktes deur die werknemers van aktebesorgers.

vii) Tensy toestemming vooraf verkry is van die betrokke amptenaar, mag geen aktes, boeke, rekords, of eiendom wat aan die aktekantoor behoort uit kluise of bêreplekke verwyder word nie. Die ronddra van sulke rekords of eiendom in die aktekantoor se gange word streng verbied. Indien nodig moet die ondersoeker met u saamgaan na die plek van rekord om die betrokke dokument te inspekteer en te bespreek.

viii) Wanneer u aktes hanteer, groet altyd die registrasieamptenaar aan wie u die aktes oorhandig vir registrasie. Behalwe vir aktebesorgers, is die enigste ander mense wat in die uitvoerkamer toegelaat word daardie geakkrediteerde persone wat toestemming van die Registrateur het.

ix) As u 'n fout gemaak het, aanvaar verantwoordelikheid daarvoor, en moenie die Aktekantoor beskuldig nie.

x) Bespreek notas met die ondersoeker wat hulle gemaak het, of met sy/haar senior. Moenie direk na 'n senior ondersoeker toe gaan nie, behalwe as die verantwoordelike ondersoeker nie beskikbaar is nie.

xi) Die aktebesorger is oorhoofs verantwoordelik vir die optrede en gedrag van sy voorbereidingsklerke, kandidaatprokureurs, of ander personeel wat vir sy firma in die Aktekantoor werk. As enige klagtes vanaf die Aktekantoor ontvang word, is dit die plig van die aktebesorger or firma waar daardie personeellid in diens is, om met die klagte te handel en dit met die aktekantoor uit te stryk. Indien nodig moet 'n verskoning aan die Aktekantoor aangebied word, en 'n ernstige waarskuwing moet aan daardie werknemer gerig word. Onthou dat die Registrateur van Aktes die reg van toegang tot sy kantoor voorbehou en 'n persoon mag verbied om sy/haar kantoor binne te gaan, as so 'n persoon hom/haar wangedra.

xii) Soms tree voorbereidingsklerke op as vrye agente of onafhanklike kontrakteurs, en werk hulle vir meer as een firma. Ooglopend veroorsaak dit 'n dissipline- en beheerprobleem vir die Aktekantoor. Die Registrateur sal slegs toegang verleen aan so 'n persoon indien hy of sy 'n brief kan toon van 'n firma wat bevestig dat so 'n persoon in hulle diens is en dat die firma verantwoordelikheid aanvaar vir die optrede en gedrag van so 'n persoon. Aktebesorgers word ontmoedig om sulke persone te gebruik, maar as hulle dit wel doen, is dit belangrik om te verseker dat so 'n voorbereidingsklerk geakkrediteer is in die Aktekantoor, en dit is raadsaam om 'n aanstellingsbrief te hê wat die pligte van so 'n persoon uiteensit.

xiii) Onthou dat die professie beskik oor gevestigde skakelprosedures met die Aktekantoor. Gereelde vergaderings word gehou met die doel om die totale registrasieproses te fasiliteer, en die behoeftes van die professionele persone en die Aktekantoorpersoneel te versoen. In noodgevalle, kan u die Eiendomsregkomitee van die betrokke Prokureursorde skakel, of lede van die betrokke Prokureursorde se Eiendomsregkomitee.

## 6. DIE VERHOUDING MET DIE ONTVANGER VAN INKOMSTE, PLAASLIKE OWERHEDE, EN ANDER PARTYE MET 'N GEVESTIGDE BELANG IN DIE AKTEBESORGINGSPROSES

### 6.1 Verhouding met die Ontvanger van Inkomste

Ingevolge Artikel 92(1) van die Akteregistrasiewet, No. 47 van 1937, sal geen oordrag van grond geregistreer word, tensy dit vergesel word van 'n kwitansie of sertifikaat van 'n openbare inkomste-amptenaar dat belastings en gelde wat op die eiendom betaalbaar is, ten volle betaal is nie. Die hoofbelastings wat betaalbaar is, is hereregte opgelê en en ingesamel ingevolge die Hereregtewet, Wet No. 40 van 1949, en belasting op toegevoegde waarde (BTW) wat gehef word ingevolge die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, Wet No. 89 van 1991, en ingesamel ingevolge Artikel 9(15) van die Hereregtewet.

Let asseblief daarop dat die SA Inkomstediens (SARS) gemagtig is om 'n Aktebesorger te benoem as 'n agent vir doeleindes van die insamel van uitstaande belastings wat aangeslaan is in verband met 'n party tot 'n oordragtransaksie en dat sekere verpligtinge uit so 'n aanstelling voortvloei.

Die aktebesorger dien as tussenganger tussen die Inkomstediens en die persoon wat verantwoordelik is vir die betaling van die belastings of heffings. Die aktebesorger het 'n positiewe verpligting om die inkomstewetgewing te gehoorsaam en te verseker dat geld wat die Inkomstediens toekom, aan hulle betaal word.

'n Aktebesorger mag nie 'n koper of verkoper help om deel te neem aan 'n skema om die betaling van eiendomsbelasting te ontduik nie. Wettige vermyding van die betaling van belasting is aanvaarbaar; ontduiking is onwettig, en 'n aktebesorger mag nie 'n koper of verkoper adviseer om onwettig op te tree nie.

'n Voorbeeld van die wettige vermyding van die betaling van "dubbele" oordragkoste is die drieledige ooreenkoms. In 'n tipiese situasie verkoop A aan B, en voordat die oordrag geregistreer word verkoop B aan C. Dit is twee verskillende transaksies, en daar moet twee oordragte plaasvind, en hereregte is betaalbaar op albei transaksies. Die bepalings van Artikel 5(2)(a) van die Hereregtewet maak voorsiening dat dit vermy kan word deur 'n drieledige ooreenkoms, waarin A, B en C ooreenkom dat die verkoop A - B en die verkoop B - C gekanselleer word, en dat A direk aan C verkoop. Dan is daar slegs een oordrag en hereregte word slegs een keer betaal. Dit is wettig, en die Ontvanger het selfs riglyne verskaf oor hoe die besparing verkry-kan word.

'n Aktebesorger mag nie deelneem aan enige ooreenkoms waardeur die koopprys verlaag word in die koopakte nie, en waarin die koper en die verkoper en selfs derde partye heimlike ooreenkomste aangaan oor die betaling van gelde nie.

Wat die insameling van belasting op toegevoegde waarde betref, het die Hereregte-Afdeling van die SA Inkomstediens (SARS) aangedui dat hulle nie langer sertifikate vir vrystelling van hereregte gaan uitreik vir transaksies onderhewig aan BTW nie, tensy die aktebesorger onderneem dat BTW betaal sal word by registrasie van die oordrag.

### 6.2 Verhouding met plaaslike owerhede

Ingevolge Artikel 118 van die Munisipale-stelselswet No. 32 van 2000 kan eiendom slegs oorgedra word as die voorgeskrewe sertifikaat aan die Registrateur van Aktes getoon word soos uitgereik deur die munisipaliteit waarin die eiendom geleë is, en wat sertifiseer dat alle verskuldigde bedrae vir die eiendom ten volle betaal is vir die twee jaar wat die aansoekdatum vir die sertifikaat voorafgaan, te wete munisipale dienstegelde, heffings op dienstegelde, eiendomsbelasting en ander munisipale belasting, heffings, en fooie.

Artikel 63(2) van die Akteregistrasieswet bepaal dat "alle aktes, verbande, diagramme of dokumente wat benodig word in verband met die ondersoek, verlyding, of registrasie van enige akte, verband, magtiging, of ander dokument wat geregistreer is in 'n Aktesregistrasiekantoor, insluitend alle kwitansies of sertifikate wat volgens wet aangebied moet word, moet so 'n akte vergesel."

Die Munisipalestelselswet het geweldige probleme vir aktebesorgers en kopers meegebring vanweë die wye vertolking van die woorde " en ander munisipale belasting, heffings, en fooie" deur plaaslike owerhede. Tans sal die meeste plaaslike owerhede nie 'n belastingklaringsertifikaat uitreik nie tensy ALLE gelde wat gehef is betaal is nie.

Intussen moet aktebesorgers sodanige bedrae invorder en aan die plaaslike owerhede oorbetaal as wat nodig is om 'n transaksie te laat voortgaan.

6.3 **Verhouding met partye met gevestigde belange in die proses van die aktebesorgingspraktyk**

6.3.1 Eiendomsagente

In 'n eiendomstransaksie wat die oordra van eiendom behels, is die verkoper gewoonlik die kliënt van die aktebesorger, en nie die eiendomsagent wat die verkoper vir doeleindes van die verkoop aangewys het nie. Dit is derhalwe die prerogatief van die verkoper om die aktebesorger aan te wys. Daar word erken dat die eiendomsagent in die praktyk baiemaal die aktebesorger aanbeveel wat die verkoper moet aanwys. So 'n aanbeveling moet gebaseer wees op die kwaliteit en doeltreffendheid van die professionele diens wat gelewer word. Die aktebesorger mag nie verkoper of eiendomsagent onbehoorlik beïnvloed nie, hetsy in die vorm van geldelike of ander onbehoorlike beïnvloeding nie. Behalwe vir die ontstellende feit dat suke optrede onder sekere omstandighede kan neerkom op korrupsie, kan sulke optrede benewens die prerogatief van die verkoper ook nog die onafhanklikheid van die professie in gedrang bring. Dit is nie in die openbare belang nie, en die Prokureursorde sal ernstig hierteen optree. In sekere situasies mag die verhouding tussen die aktebesorger en die eiendomsagent een wees van prokureur en kliënt. Die aktebesorger se rol is egter om die oordrag te laat registreer in terme van die koopkontrak. Indien daar vir een of ander rede 'n konfliksituasie mag opduik, mag die aktebesorger hom verdeel voel tussen sy plig aan die verkoper en sy kliënt die eiendomsagent. In so 'n geval moet hy/sy die feit erken dat daar 'n botsing van belange is, en, indien nodig, onttrek. Aangesien die aktebesorger normaalweg nie deelneem aan die koopkontrak nie, is dit raadsaam dat die aktebesorger skriftelike toestemming van die verkoper verkry om die agent se kommissie by registrasie of oordrag te betaal uit die opbrengs van die verkoping.

Normaalweg sal die aktebesorger, sodra hy/sy opdrag ontvang daartoe, met die eiendomsagent skakel oor die nakoming van enige opskortende voorwaardes en die kewer- en elektriese inspeksie van die eiendom, die agent adviseer oor enige vertragings of probleme, en verseker dat die agent die kommissie ontvang wat hom/haar toekom ingevolge die bepalings van die koopooreenkoms oor die registrasie van die oordrag.

6.3.2 Verbandmakelaars

Hoewel die Prokureursorde nie in beginsel gekant is teen die konsep van verbandskepping nie, kan die metodes wat gebruik word en die grondslag waarop sekere van dié makelaars optree, 'n rede tot kommer wees. Die beswaar spruit hoofsaaklik uit die feit dat verbandmakelaar soms kommissies en gelde byvoeg, nie slegs teen lede van die publiek nie, maar ook teen bankinstellings en uiteindelik teen prokureurs, wat koste opjaag vir lede van die publiek. Sulke heffings is gelykstaande aan verborge of geheime kommissies, en dit is nie in die openbare belang nie.

Die Raad het besluit dat die deelname van 'n aktebesorger aan die aktiwiteite van verbandmakelaar, deur 'n fooi te betaal vr dienste wat na bewering deur die makelaars gelewer sal word, 'n oortreding is van Artikel 83(6) van die Wet op Prokureurs, 1979, asook van Reëls 82 en 89.1 van die Orde se Reëls, en 'n kriminele oortreding is ingevolge Artikel 83(7) van die Wet op Prokureurs, 1979.

6.3.3 Besturende agente of regspersone – uitgifte van heffingsklaringsertifikate

Ingevolge Artikel 15B(3) van die Deeltitelwet, 95/1986, mag die Registrateur van Aktes nie die oordrag van 'n eenheid registreer, tensy 'n sertifikaat van 'n aktebesorger aan hom/haar voorgelê word ingevolge Artikel 15B(3)(a)(i)(aa), wat sertifiseer dat alle gelde wat deur die verkoper aan die regspersoon verskuldig is tot op datum van registrasie van die oordrag, betaal of gesekureer is nie. As u onderneem het om die registrasieheffing by oordrag te betaal, moet u dit dan doen.

Ten einde die aktebesorger in staat te stel om hierdie sertifikaat uit te reik, moet die aktebesorger met óf die besturende agent óf die voorsitter van die regspersoon skakel om te bepaal watter bedrae uitstaande is, ten einde die besturende agent óf die voorsitter van die regspersoon in staat te stel om die heffingklaringsertifikaat uit te reik. Aktebesorgers mag nie vertrou op die mondelinge versekering van die verkoper dat alle bedrae wat aan die regspersoon betaalbaar is, reeds betaal is nie.

Die besturende agent sal baiemaal vereis dat die aktebesorger 'n vraelys invul, wat by registrasie van die oordrag aan die besturende agent gestuur sal word om hulle rekords op datum te bring. Die aktebesorger moet in hierdie verband met die besturende agent saamwerk.

6.3.4 Verskaffers van kewer- en elektriese klaringsertifikate

In baie gevalle skakel die agent met bogenoemde verskaffers om te reël vir die inspeksie van eiendom. Die verslae en klaringsertifikate word aan die aktebesorger gestuur , wat baiemaal reël dat die verskaffers uit die opbrengs van die verkoping betaal word vir die inspeksie en die verslag, en vir ander werk wat gedoen is.

In sekere gevalle mag die aktebesorger deur 'n verkoper (of koper) versoek word om te reël dat die nodige inspeksies gedoen word. Spesifiek met die uitreiking van elektriese klaringsertifikate, moet die aktebesorger verseker dat die verskaffer 'n goeie reputasie het.

'n Aktebesorger behoort nie 'n spesifieke firma aan te beveel om die werk te doen, as daardie firma aan die aktebesorger 'n kommissie of verwysingsfooi betaal nie, tensy die betaling van die kommissie geopenbaar word.

**"klerk onder leerkontrak"** ......

[Omskrywing van "klerk onder leerkontrak" geskrap by a. 1 *(e)* van Wet 87 van 1989.]

**"leerkontrak"** 'n skriftelike ooreenkoms waarkragtens iemand verplig is om 'n prokureur vir 'n bepaalde tydperk ooreenkomstig hierdie Wet te dien;

**"Minister"** die Minister van Justisie;

**"notaris"** iemand wat behoorlik toegelaat is om in enige deel van die Republiek as notaris te praktiseer;

**"onprofessioneel of oneerbaar of onbetaamlik"**, met betrekking tot gedrag, ook enige gedrag as sodanig voorgeskryf;

**"orde"** 'n prokureursorde in artikel 56 vermeld;

**"praktiseer"** as 'n prokureur, notaris of transportbesorger praktiseer, en het **"praktyk"** 'n ooreenstemmende betekenis;

**"praktisyn"** 'n prokureur, notaris of transportbesorger;

**"prinsipaal"**, met betrekking tot-

*(a)* 'n kandidaat-prokureur, die prokureur wat deur daardie kandidaat-prokureur kragtens 'n leerkontrak gedien word;

*(b)* 'n voormalige kandidaat-prokureur in artikel 8 (4) vermeld, die betrokke praktisyn aldus vermeld;

*(c)* 'n kandidaat-prokureur wat gemeenskapsdiens verrig, 'n prokureur wat voltyds in diens is by 'n regskliniek of 'n kantoor van die Regshulpraad ingestel by artikel 2 van die Wet op Regshulp, 1969 (Wet 22 van 1969), en wat vir 'n tydperk van drie jaar of vir tydperke wat in totaal drie jaar beloop tydens die voorafgaande vier jaar aldus gepraktiseer het of in diens was; en

*(d)* 'n voormalige kandidaat-prokureur in artikel 8 (4) vermeld wat gemeenskapsdiens

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

*(e)* die reg, praktyk en prosedure van transportbesorging.

(2) 'n In subartikel (1) bedoelde eksamen word deur nie minder nie as twee eksaminatore wat aldus aangestel is, afgeneem.

(3) 'n In subartikel (1) bedoelde eksamen word nie ten opsigte van iemand afgeneem nie tensy hy die betrokke eksaminatore oortuig dat hy-

*(a)* aan die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot diens kragtens 'n leerkontrak of dienskontrak voldoen het; of

*(b)* kragtens leerkontrak of dienskontrak dien en aldus vir 'n ononderbroke tydperk van minstens ses maande gedien het; of

*(c)* kragtens die bepalings van hierdie Wet van diens kragtens leerkontrak vrygestel is; of

*(d)* 'n opleidingskursus wat deur die betrokke orde goedgekeur is, bygewoon het vir 'n ononderbroke tydperk van minstens vier maande en sodanige kursus ten genoeë van daardie orde voltooi het.

[Sub-a. (3) vervang by a. 13 van Wet 115 van 1993.]

**15 Toelating en hertoelating van prokureurs**

**Sake**

(1) Tensy redes ten genoeë van die hof daarteen aangevoer word, moet die hof op 'n aansoek ooreenkomstig hierdie Wet gedoen iemand as prokureur toelaat en inskryf indien-

*(a)* hy, na goedvinde van die hof, 'n geskikte en gepaste persoon is om aldus toegelaat en ingeskryf te word; en

*(b)* die hof oortuig is dat hy voldoen aan die volgende vereistes of, waar toepaslik, dat hy kragtens die bepalings van hierdie Wet daarvan vrygestel is, naamlik dat hy-

(i) 21 jaar oud of ouer is;

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

(ii) *(aa)* 'n Suid-Afrikaanse burger is of wettiglik tot die Republiek toegelaat is vir permanente verblyf daarin en gewoonlik in die Republiek woonagtig is; of

*(bb)* 'n burger is van 'n staat waarvan die grondgebied voorheen deel van die Republiek uitgemaak het, en behoort tot 'n kategorie persone. en voldoen aan die voorwaardes, wat die Minister, na oorleg met die presidente van die onderskeie ordes, by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal;

(iii) *(aa)* aan al die vereistes vir die graad in paragraaf *(a)* van artikel 2 (1) vermeld, of vir die grade in paragraaf *(a*A*)* van daardie artikel vermeld. voldoen het nadat hy of sy vir daardie graad of grade 'n studiekursus in paragraaf *(a)* of *(a*A*)* van daardie artikel vermeld, na gelang van die geval, gevolg het; of

[Item *(aa)* vervang by a. 9 van Wet 78 van 1997.]

*(bb)* aan al die vereistes voldoen het vir 'n graad of grade in paragraaf *(a*B*)* van artikel 2 (1) bedoel ten opsigte waarvan 'n sertifisering ooreenkomstig daardie paragraaf gedoen is; of

[Item *(bb)* vervang by a. 9 van Wet 78 van 1997.]

*(cc)* voorheen as advokaat toegelaat is;

[Item *(cc)* vervang by a. 9 van Wet 78 van 1997.]

(iv) geslaag het in die praktiese eksamens bedoel in artikel 14 (1) *(a)*, *(b)* en *(c)*;

(ivA) *(aa)* gedurende sy tydperk van diens kragtens leerkontrak of dienskontrak, of na die verstryking van sy leerkontrak of dienskontrak; of

*(bb)* nadat hy ingevolge hierdie Wet van diens kragtens leerkontrak vrygestel is,

'n opleidingskursus goedgekeur deur die orde van die provinsie waarin hy sy diens onder leerkontrak of dienskontrak voltooi, of, in die geval van artikel 2A *(c)*, 'n opleidingskursus goedgekeur deur die orde van die provinsie waarin die kandidaat-prokureur wil praktiseer, bygewoon en ten genoeë van daardie orde voltooi het: Met dien verstande dat hierdie subparagraaf nie van toepassing is nie

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

op 'n persoon wat 'n opleidingskursus bedoel in artikels 2 (1A) *(a)* of 2A *(a)* (i) bygewoon het en sodanige kursus ten genoeë van die betrokke orde voltooi het; en

[Sub-par. (ivA) ingevoeg by a. 11 van Wet 87 van 1989.]

(v) ......

[Par. (v) geskrap by a. 3 *(b)* van Wet 33 van 1995.]

(vi) sy diens onder leerkontrak of dienskontrak voltooi het, of voldoen het aan die bepalings van artikel 2 (1A), binne die tydperk van drie jaar wat sy aansoek by die hof voorafgaan of binne die verdere tydperk deur die hof ingevolge subartikel (2) toegelaat.

[Sub-par. (vi) vervang by a. 14 *(a)* van Wet 115 van 1993.]

(2) Die hof kan na goedvinde, op aansoek van iemand en by bewys van gegronde rede, 'n verdere tydperk benewens die tydperk van drie jaar in subartikel (1) *(b)* (vi) vermeld, toelaat waarbinne so iemand om toelating as prokureur aansoek kan doen, onderworpe aan die voorwaardes, as daar is, wat die hof goedvind, met inbegrip van 'n voorwaarde met betrekking tot verdere diens onder leerkontrak of dienskontrak.

[Sub-a. (2) vervang by a. 14 *(b)* van Wet 115 van 1993.]

(3) 'n Hof kan, op aansoek ooreenkomstig hierdie Wet gedoen, iemand wat voorheen as prokureur toegelaat en ingeskryf was en van die rol verwyder of geskrap is, as prokureur hertoelaat en herinskryf, indien-

*(a)* hy, na goedvinde van die hof, 'n geskikte en gepaste persoon is om aldus hertoegelaat en heringeskryf te word; en

*(b)* die hof oortuig is dat hy voldoen aan die bepalings van subartikel (1) *(b)* (ii).

[A. 15 vervang by a. 7 van Wet 108 van 1984.]

**16 Plig van aansoeker om toelating of hertoelating en inskrywing as prokureur teenoor orde**

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

☐ **Sake**

Iemand wat by die hof aansoek doen om as prokureur toegelaat of hertoegelaat en ingeskryf te word, moet die orde van die provinsie waarin hy aldus aansoek doen, oortuig-

*(a)* dat hy 'n geskikte en gepaste persoon is om aldus toegelaat of hertoegelaat en ingeskryf te word;

*(b)* as hy te eniger tyd as 'n advokaat toegelaat is, dat sy naam daarna op sy eie aansoek van die rol van advokate verwyder is; en

*(c)* as hy 'n persoon is wat vrygestel is van diens onder leerkontrak ingevolge artikel 13 (1), dat hy nog geregtig is om te praktiseer en dat sy naam nog op die rol van "solicitors" of prokureurs is van die land of gebied in daardie artikel bedoel, en dat geen verrigtinge aanhangig is om hom van die rol te laat skrap of in sy praktyk te laat skors nie;

*(d)* as sy boedel te eniger tyd, hetsy voorlopig of finaal, gesekwestreer is, dat hy ten spyte van sodanige sekwestrasie 'n geskikte en gepaste persoon is om aldus toegelaat of hertoegelaat en ingeskryf te word.

[Par. *(d)* bygevoeg by a. 52 van Wet 129 van 1993.]

**17 Toelating van prokureurs wat in sekere lande of gebiede praktiseer**

☐ **Sake**

Ondanks die bepalings van hierdie Wet, maar behoudens die bepalings van artikel 19, kan die hof iemand wat toegelaat en ingeskryf is as "solicitor" of prokureur van die hooggeregshof of hoëhof van 'n land of gebied wat vir die doeleindes van hierdie artikel goedgekeur is by regulasie uitgevaardig kragtens artikel 81 (1) *(a)*, as prokureur in die Republiek toelaat en inskryf indien hy die hof oortuig dat hy-

*(a)* as "solicitor" of prokureur van daardie hooggeregshof of hoëhof toegelaat en ingeskryf is, en dat geen verrigtinge aanhangig is om hom van die rol van "solicitors" of prokureurs te laat skrap of in sy praktyk te skors nie;

*(b)* in die land of gebied waarin hy aldus toegelaat en ingeskryf is, woonagtig is en

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

daarin as "solicitor" of prokureur praktiseer;

*(b*A*)* behoort tot 'n klas persone (as daar is) wat by regulasie uitgevaardig kragtens artikel 81 (1) *(a)* aangewys is; en

[Par. *(b*A*)* ingevoeg by a. 2 *(b)* van Wet 60 van 1982.]

*(c)* 'n geskikte en gepaste persoon is om as prokureur in die Republiek toegelaat en ingeskryf te word.

**18 Toelating en hertoelating van notarisse en transportbesorgers**
**Sake**

(1) Die hof kan op 'n aansoek op die voorgeskrewe wyse gedoen iemand as notaris of transportbesorger toelaat en inskryf indien hy die hof oortuig dat-

*(a)* hy 'n prokureur is wat deur sodanige hof toegelaat is om as prokureur te praktiseer;

*(b)* geen hofbevel waarby sy naam van die rol van prokureurs geskrap is of hy in sy praktyk as prokureur geskors is ten opsigte van hom van krag is nie;

*(c)* geen verrigtinge aanhangig is om sy naam van die rol van prokureurs te skrap of hom in sy praktyk te skors nie; en

*(d)* hy geslaag het in die praktiese eksamen wat ingevolge artikel 14 (1) *(d)* of *(e)*, na gelang van die geval, voorgeskryf is of kragtens die bepalings van hierdie Wet daarvan vrygestel is.

(2) Die hof kan op 'n aansoek op die voorgeskrewe wyse gedoen iemand wat voorheen as notaris of transportbesorger toegelaat en ingeskryf was en van die rol verwyder of geskrap is, as notaris of transportbesorger, na gelang van die geval, hertoelaat en herinskryf, indien-

*(a)* hy, na goedvinde van die hof, 'n geskikte en gepaste persoon is om aldus hertoegelaat en heringeskryf te word; en

*(b)* die hof oortuig is dat hy voldoen aan die bepalings van paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)*

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

(2) Indien 'n hof beveel dat 'n praktisyn van die rol geskrap of in sy praktyk geskors word, teken die griffier onverwyld in die registers deur hom ingevolge subartikel (1) gehou, 'n verwysing na bedoelde bevel aan teenoor die naam van die praktisyn, en stuur die griffier afskrifte van daardie bevel aan die griffiers van die ander howe, die registrateurs van aktes aangestel ingevolge artikel 2 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937), en die sekretarisse van die onderskeie ordes.

(3) Indien 'n griffier van 'n hof 'n afskrif van 'n bevel ontvang wat ingevolge subartikel (2) aan hom gestuur is, teken hy onverwyld, indien die naam van die betrokke praktisyn voorkom in die registers deur hom gehou, 'n verwysing na daardie bevel teenoor die naam van so 'n praktisyn aan, en so 'n aantekening het binne die regsgebied van daardie hof die uitwerking om so 'n praktisyn van die rol te skrap of in sy praktyk te skors, na gelang van die geval.

**22 Verwydering van prokureurs van rol**

☐ **Sake**

(1) Iemand wat as 'n prokureur toegelaat en ingeskryf is, kan deur die hof binne wie se regsgebied hy praktiseer van die rol geskrap of in sy praktyk geskors word op aansoek van 'n betrokke orde-

*(a)* (i) indien hy nie meer 'n Suid-Afrikaanse burger is nie;

(ii) in die geval van iemand wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, uitgesonderd 'n persoon bedoel in subparagraaf (iii), indien hy in gebreke gebly het om binne 'n tydperk van ses jaar vanaf die datum waarop hy tot die Republiek toegelaat is vir permanente verblyf daarin, of binne die verdere tydperk wat die hof om gegronde rede toelaat, 'n sertifikaat van naturalisasie ingevolge die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, 1949 (Wet 44 van 1949), te verkry;

[Sub-par. (ii) vervang by a. 9 *(a)* van Wet 108 van 1984.]

(iii) in die geval van iemand in item *(bb)* van artikel 15 (1) *(b)* (ii) bedoel, indien hy nie meer 'n burger van enige staat in daardie item bedoel, is nie of opgehou het om te behoort tot 'n kategorie persone, of te voldoen aan

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

voorwaardes, wat kragtens daardie item bepaal is;

[Sub-par. (iii) bygevoeg by a. 9 *(b)* van Wet 108 van 1984.]

*(b)* in die geval van 'n in artikel 13 (1) bedoelde persoon wat daarvan vrygestel is om in 'n eksamen te slaag, indien hy in gebreke gebly het om in enige eksamen ten opsigte waarvan hy aldus vrygestel is, te slaag voor die verstryking van die tydperk ten opsigte waarvan hy aldus vrygestel is of binne die verdere tydperk wat die hof om gegronde rede toelaat;

*(c)* in die geval van iemand wat kragtens artikel 17 toegelaat en ingeskryf is, indien dit aan die hof blyk dat hy nie meer woonagtig is of praktiseer as prokureur of "solicitor" in die land of gebied waarin hy toegelaat en ingeskryf was tydens sy toelating en inskrywing in die Republiek nie, of as die land of gebied waarin hy aldus toegelaat en ingeskryf was, nie meer 'n voorgeskrewe land of gebied is nie;

*(d)* indien hy, na goedvinde van die hof, nie 'n geskikte en gepaste persoon is om voort te gaan om as prokureur te praktiseer nie; of

[Par. *(d)* vervang by a. 9 *(c)* van Wet 108 van 1984.]

*(e)* indien sy boedel finaal gesekwestreer is en hy nie in staat is nie om die hof te oortuig dat ten spyte van sy sekwestrasie hy steeds 'n geskikte en gepaste persoon is om voort te gaan om as prokureur te praktiseer.

[Par. *(e)* bygevoeg by a. 53 van Wet 129 van 1993.]

(2) *(a)* Indien dit vir die hof blyk dat iemand ten opsigte van wie 'n orde van voorneme is om 'n aansoek ingevolge subartikel (1) te doen, die Republiek verlaat het en dat hy waarskynlik nie van voorneme is om na die Republiek terug te keer nie en dat dit onbekend is waar hy hom bevind, kan die hof gelas dat die betekening aan daardie persoon van enige prossesstuk in verband met so 'n aansoek kan geskied deur die publikasie van daardie prosesstuk in 'n Afrikaanse en 'n Engelse koerant wat in omloop is in die distrik waarin genoemde persoon se laasbekende besigheidsadres, soos in die stukke van die betrokke orde aangeteken, geleë is.

*(b)* So 'n prosesstuk kan, indien die hof aldus gelas, aldus gepubliseer word in 'n vorm so na moontlik aan Vorm 1 (Ediktale Dagvaarding) van die Eerste Bylae by die Hooggeregshofreëls.

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

*(c)* 'n Prosesstuk in paragraaf *(b)* vermeld, moet voor die publikasie daarvan deur die betrokke griffier goedgekeur en onderteken word.

[Sub-a. (2) bygevoeg by a. 4 van Wet 76 van 1980 en gewysig by a. 12 van Wet 87 van 1989.]

**23 Regspersoon kan praktyk voortsit**

(1) 'n Private maatskappy kan ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet, 'n praktyk voortsit indien-

*(a)* die maatskappy as 'n private maatskappy, met 'n aandelekapitaal, kragtens die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), ingelyf en geregistreer is en sy akte van oprigting bepaal dat al die huidige en voormalige direkteure van die maatskappy gesamentlik met en afsonderlik van die maatskappy aanspreeklik is vir die skulde en verpligtinge van die maatskappy gedurende hul ampstermyne aangegaan;

*(b)* slegs natuurlike persone wat praktisyns is en wat in besit is van geldige getrouheidsfondssertifikate, lede of aandeelhouers van die maatskappy of belanghebbendes in die aandele van die maatskappy is;

*(c)* die naam van die maatskappy uitsluitlik bestaan uit die naam of name van enige van die huidige of voormalige lede van die maatskappy of van persone wat, hetsy vir eie rekening of in vennootskap, 'n praktyk voortgesit het wat redelikerwys as 'n voorganger van die praktyk van die maatskappy beskou kan word: Met dien verstande dat die woorde "en geassosieerdes" of "en maatskappy" by die naam van die maatskappy ingesluit kan word.

(2) Elke aandeelhouer van die maatskappy is 'n direkteur van die maatskappy, en slegs 'n aandeelhouer van die maatskappy is 'n direkteur daarvan.

(3) Indien 'n aandeelhouer van die maatskappy of belanghebbende in die aandele van die maatskappy te sterwe kom of ophou om aan 'n vereiste van subartikel (1) *(b)* te voldoen, kan hy of sy boedel, na gelang van die geval, vanaf die datum waarop hy te sterwe kom of ophou om aldus te voldoen, die betrokke aandele of belang in aandele in die maatskappy bly behou vir 'n tydperk van ses maande of vir so 'n langer tydperk as wat die raad van die orde van die provinsie waarin die maatskappy se geregistreerde kantoor geleë is, goedkeur.

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

ander persoon in sy plek in enige jaar gekies word, word hy geag herkies te wees.

**30 Ampsontruiming deur lede van beheerraad**

'n Lid van die beheerraad ontruim sy amp indien hy-

*(a)* geestesongesteld word;

*(b)* nie meer 'n lid is nie van die orde waarvan die raad hom gekies het;

*(c)* insolvent raak of 'n skikking of akkoord met sy skuldeisers tref;

*(d)* ophou om te praktiseer;

*(e)* aan 'n misdryf skuldig bevind word wat, na die mening van die raad wat hom gekies het, hom belet om as lid van die beheerraad te dien;

*(f)* bedank en sy bedanking deur sy orde en die beheerraad aanvaar word.

**31 Voorsitter en ondervoorsitter van beheerraad**

(1) Die beheerraad kies jaarliks 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter.

(2) Indien sowel die voorsitter as die ondervoorsitter van 'n vergadering van die beheerraad afwesig is, kies die beheerraad uit sy geledere 'n voorsitter vir daardie vergadering.

**32 Vergaderings van beheerraad**

Die beheerraad vergader op die tye en plekke wat hy of sy voorsitter van tyd tot tyd bepaal.

[A. 32 vervang by a. 17 van Wet 87 van 1989.]

**33 Kworum**

Tien lede van die beheerraad maak 'n kworum vir 'n vergadering daarvan uit.

[A. 33 vervang by a. 19 van Wet 62 van 2000.]

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

aan so 'n universiteit of universiteitskollege, of aan 'n student aan so 'n opleidingsentrum of vir sover daardie navorsing gedoen word aan so 'n universiteit, universiteitskollege of opleidingsentrum;

*(cc)* die bevordering van die regspleging of die regsbedeling;

(ii) aan enige vereniging of orde van prokureurs, notarisse of transportbesorgers in 'n land wat deur die Minister, na oorleg met die presidente van die onderskeie ordes, by kennisgewing in die *Staatskoerant* aangewys is, ten einde so 'n vereniging of orde in staat te stel om 'n fonds ter bevordering van die reg te stig of in stand te hou,

en kan, met sodanige goedkeuring, te eniger tyd wanneer hy dit goedvind sodanige toekenning of 'n gedeelte daarvan intrek;

*(b)* 'n honorarium of vergoeding aan 'n persoon betaal vir dienste op versoek van die beheerraad gelewer met die doel om die professionele standaarde van praktisyns te verhoog.

[A. 46 gewysig by a. 3 van Wet 56 van 1983 en vervang by a. 4 van Wet 80 van 1985.]

**47 Beperking van aanspreeklikheid van fonds**

☐ **Sake**

(1) Die fonds is nie aanspreeklik nie ten opsigte van 'n verlies-

*(a)* deur iemand gely weens diefstal deur 'n praktisyn gepleeg terwyl so 'n praktisyn in die diens is van iemand wat nie 'n praktisyn is nie;

*(b)* deur die eggenote van 'n praktisyn gely weens diefstal deur daardie praktisyn gepleeg;

*(c)* deur 'n praktisyn gely weens diefstal gepleeg deur 'n vennoot of werknemer van daardie praktisyn of deur 'n werknemer van 'n vennootskap waarvan hy 'n vennoot is;

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

*(d)* deur 'n praktisyn gely weens diefstal gepleeg deur 'n lid of werknemer van 'n professionele maatskappy waarvan hy lid is;

*(e)* weens diefstal gepleeg deur 'n praktisyn wie se eerlikheid deur iemand gewaarborg is, hetsy in die algemeen of ten opsigte van die besondere transaksie, in die mate waarin dit deur die waarborg gedek is;

*(f)* deur iemand gely weens diefstal deur 'n praktisyn gepleeg nadat so iemand 'n skriftelike kennisgewing van die sekretaris van 'n orde of die beheerraad ontvang het om hom te waarsku teen die indiensneming of indienshouding van so 'n praktisyn;

*(g)* deur iemand gely weens diefstal van geld wat 'n praktisyn, na die datum van inwerkingtreding van hierdie paragraaf, opdrag gegee is om namens so iemand te belê.

[Par. *(g)* bygevoeg by a. 1 *(a)* van Wet 115 van 1998.]

(2) 'n Eis om vergoeding soos beoog in artikel 26 is beperk, in die geval van geld wat aan 'n praktisyn toevertrou is, tot die bedrag wat werklik oorhandig is, sonder rente, en, in die geval van sekuriteite of ander goed, tot 'n bedrag gelyk aan die gemiddelde markwaarde van daardie sekuriteite of goed op die datum waarop lewering daarvan vir die eerste keer skriftelik aangevra word, of, indien daar geen gemiddelde markwaarde is nie, die billike markwaarde op daardie datum van daardie sekuriteite of ander goed, sonder rente.

(3) Slegs die balans van 'n verlies deur iemand gely nadat die bedrag of waarde van alle geld of ander voordele wat uit enige ander bron as die fonds deur hom ontvang is of ontvang gaan word, van die verlies afgetrek is, kan op die fonds verhaal word.

(4) Behoudens subartikel (5) word 'n praktisyn, vir die doeleindes van subartikel (1) *(g)*, geag opdrag gegee te gewees het om geld te belê indien 'n persoon-

*(a)* wat geld aan die praktisyn toevertrou; of

*(b)* vir wie die praktisyn geld hou,

die praktisyn opdrag gee om al of sommige van daardie geld in 'n gespesifiseerde belegging of in

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

'n belegging van die praktisyn se keuse te belê.

[Sub-a. (4) bygevoeg by a. 1 *(b)* van Wet 115 van 1998.]

(5) By die toepassing van subartikel (1) *(g)* word 'n praktisyn geag nie opdrag gegee te gewees het om geld te belê nie indien hy of sy deur 'n persoon opdrag gegee word-

*(a)* om die geld in 'n rekening beoog in artikel 78 (2A) te betaal, indien so 'n betaling bedoel is om sodanige geld slegs op 'n tydelike of tussentydse grondslag in so 'n rekening te belê, hangende die finalisering of implementering van enige besondere aangeleentheid of transaksie wat alreeds bestaan of wat op die punt is om te ontstaan op die tydstip waarop die belegging gemaak word en oor welke belegging die praktisyn as trustee, agent of belanghebbende of in 'n fidusiêre hoedanigheid uitsluitlike beheer uitoefen;

*(b)* om geld namens daardie persoon te leen om aan 'n leningsooreenkoms gevolg te gee indien daardie persoon, synde die uitlener-

(i) die lener vermeld aan wie die geld geleen moet word;

(ii) nie deur die praktisyn aan die lener vir die doel van die aangaan van daardie lening voorgestel is nie; en

(iii) deur die praktisyn ten opsigte van die bepalings en voorwaardes van die leningsooreenkoms geadviseer is; of

*(c)* om geld aan te wend om gevolg te gee aan enige voorwaarde van 'n transaksie waartoe daardie persoon 'n party is, anders as 'n transaksie wat 'n lening is of wat aan 'n leningsooreenkoms gevolg gee wat nie binne die omvang van paragraaf *(b)* val nie.

[Sub-a. (5) bygevoeg by a. 1 *(b)* van Wet 115 van 1998.]

(6) Subartikel (1) *(g)* is nie van toepassing nie op geld wat 'n praktisyn gemagtig is om te belê waar die praktisyn optree in sy of haar hoedanigheid as eksekuteur, trustee of kurator of in enige soortgelyke hoedanigheid.

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

Wetsgenootskap;

*(e)* ......

[Par. *(e)* geskrap by a. 15 van Wet 115 van 1993.]

bly, ondanks die bepalings van artikel 86, as regspersone voortbestaan.

**57 Lidmaatskap van orde**

(1) Elke praktisyn wat in 'n provinsie praktiseer, hetsy vir eie rekening of op 'n ander wyse, is lid van die orde van daardie provinsie.

(2) 'n Orde kan by skriftelike kennisgewing gerig aan iemand wat in 'n hof in die provinsie van daardie orde as 'n prokureur, notaris of transportbesorger toegelaat en ingeskryf is, of wie se naam op die rol van so 'n hof geplaas is, maar wat nie in daardie provinsie praktiseer nie, so iemand tot lid van daardie orde verklaar met ingang van 'n datum wat in daardie kennisgewing vasgestel is.

(3) Die persoon wat die amp van Staatsprokureur ingevolge artikel 2 (1) *(a)* van die Wet op die Staatsprokureur, 1957 (Wet 56 van 1957), beklee, is 'n lid van elke orde.

(4) Indien 'n lid van 'n orde in sy praktyk geskors word, is hy gedurende die tydperk van daardie skorsing nie geregtig op die regte of voorregte van lidmaatskap van enige orde nie, en indien 'n lid van enige orde van die rol van 'n hof geskrap word, hou daardie lid op om lid te wees van elke orde waarvan hy lid is.

(5) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing nie ten opsigte van iemand wat ingevolge die Natalse Transportbesorgers Wet, 1926 (Wet 24 van 1926), geregtig is om as 'n transportbesorger te praktiseer, maar wat nie 'n prokureur is nie.

**58 Oogmerke van orde**

Die oogmerke van 'n orde is-

*(a)* om die prestige, status en waardigheid van die beroep te handhaaf en te verhoog;

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

*(b)* om die beoefening van die beroep te reël;

*(c)* om doeltreffendheid in en verantwoordelikheid met betrekking tot die beroep aan te moedig en te bevorder;

*(d)* om met alle aangeleenthede betreffende die belange van die beroep te handel en om daardie belange te beskerm;

*(e)* om die integriteit van praktisyns te handhaaf;

*(f)* om die standaarde van professionele gedrag en kwalifikasies van praktisyns te handhaaf en te verbeter;

*(g)* om voorsiening te maak vir die doeltreffende beheer van die professionele gedrag van praktisyns;

*(h)* om eenvormige praktyk en dissipline onder praktisyns te bevorder;

*(i)* om die studie van die reg aan te moedig;

*(j)* om hervormings en verbeterings in enige vertakking van die reg, die regspleging, die regspraktyk en in konsepwetgewing aanhangig te maak en te bevorder;

*(k)* om in die algemeen die sienswyse van die beroep te verteenwoordig;

*(l)* om, in die belang van die beroep in die Republiek, met die ander ordes of liggame van persone wat hy goedvind, saam te werk.

**59 Bevoegdhede van orde**

'n Orde kan, ten einde sy oogmerke te verwesenlik-

*(a)* roerende of onroerende goed verkry of huur;

*(b)* roerende of onroerende goed van die orde ontwikkel, verhipotekeer, verhuur, verkoop of op 'n ander wyse van die hand sit;

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

[Sub-a. (6) bygevoeg by a. 1 *(b)* van Wet 115 van 1998.]

(7) 'n Praktisyn wat opdrag gegee is om geld te belê soos in subartikel (4) beoog, moet so gou moontlik nadat hy of sy die opdrag ontvang het, maar voor die ontvangs van die geld wat belê moet word, die persoon wat die opdrag gee van die bepalings van subartikel (1) *(g)* in kennis stel in die vorm en op die wyse deur die beheerraad ingevolge subartikel (8) voorgeskryf.

[Sub-a. (7) bygevoeg by a. 1 *(b)* van Wet 115 van 1998.]

(8) Vir die doeleindes van subartikel (7) moet die beheerraad voorskrifte uitreik wat die vorm waarin en die wyse waarop 'n kennisgewing bedoel in daardie subartikel gegee moet word, voorskryf en die beheerraad kan van tyd tot tyd sodanige voorskrifte hersien en, indien nodig, wysig.

[Sub-a. (8) bygevoeg by a. 1 *(b)* van Wet 115 van 1998.]

(9) Hangende die uitreiking van die voorskrifte in subartikel (8) beoog, moet 'n kennisgewing bedoel in subartikel (7)-

*(a)* deur die praktisyn opgestel word;

*(b)* deur beide die praktisyn en die persoon wat die opdrag gee, onderteken word; en

*(c)* 'n skriftelike erkenning deur sodanige persoon bevat met die strekking dat hy of sy-

(i) deur die betrokke praktisyn van die bepalings van subartikel (1) *(g)* ingelig is en dat hy of sy die gevolg daarvan verstaan; en

(ii) toegee dat die fonds nie ten opsigte van 'n verlies deur hom of haar gely weens diefstal van sodanige geld aanspreeklik sal wees nie.

[Sub-a. (9) bygevoeg by a. 1 *(b)* van Wet 115 van 1998.]

(10) 'n Praktisyn wat subartikel (7) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

alle vise-presidente, van 'n vergadering van 'n raad afwesig is of nie in staat is om daarop voor te sit nie, kies die lede van daardie raad by daardie vergadering aanwesig een uit hul midde om gedurende bedoelde afwesigheid of onvermoë op daardie vergadering voor tė sit, en terwyl hy aldus voorsit, het die persoon wat aldus gekies is alle bevoegdhede en verrig hy alle werksaamhede van die president.

(3) *(a)* Die beslissing van die meerderheid van die lede van 'n raad wat op 'n vergadering van die raad aanwesig is, is die beslissing van die raad: Met dien verstande dat by 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid voor so 'n vergadering die persoon wat op so 'n vergadering voorsit benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem het.

*(b)* Die stemwyse en -prosedure by vergaderings van 'n raad word deur daardie raad bepaal.

(4) *(a)* Die kworum vir 'n vergadering van 'n raad is soos voorgeskryf.

*(b)* Indien die aantal lede van 'n raad verminder word tot 'n aantal minder as dié wat nodig is om die voorgeskrewe kworum uit te maak, stel die oorblywende lede van daardie raad uit die lede van die betrokke orde die aantal lede aan wat nodig is om die voorgeskrewe kworum uit te maak.

**65 Plaasvervangende lede**

'n Raad kan enige lid van sy orde as plaasvervangende lid aanstel om namens 'n lid enige vergadering van die raad wat bedoelde lid nie kan bywoon nie, by te woon, met die bevoegdheid om by so 'n vergadering te stem.

**66 Geldigheid van beslissings geneem deur, of handelinge verrig op gesag van raad**

Geen beslissing geneem deur 'n raad of handeling verrig op gesag van 'n raad is ongeldig nie bloot vanweë 'n vakature in daardie raad of omdat iemand wat nie geregtig was om as lid van die raad sitting te neem nie, as lid van die raad sitting geneem het, indien die beslissing geneem is of die handeling gemagtig is deur die vereiste meerderheid van die lede van die raad wat toe aanwesig en geregtig was om as lede sitting te neem.

**67 Komitees van raad**

(1) *(a)* 'n Raad kan een of meer komitees aanstel om hom by te staan by die uitvoering van

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

sy pligte, die verrigting van sy werksaamhede en die uitoefening van sy bevoegdhede, kan te eniger tyd die lidmaatskap van so 'n komitee vermeerder of verminder en kan 'n vakature in so 'n komitee vul.

*(b)* 'n Komitee in paragraaf *(a)* bedoel, bestaan uit lede van die betrokke raad of uit lede van die betrokke orde of uit lede van daardie raad sowel as lede van daardie orde.

*(c)* 'n Raad kan een van die lede van 'n komitee deur hom ingevolge paragraaf *(a)* aangestel as voorsitter van daardie komitee aanwys en, indien geen sodanige aanwysing gedoen word nie, kan die lede van daardie komitee 'n voorsitter uit hul midde kies.

(2) 'n Raad kan na goeddunke van sy bevoegdhede opdra aan 'n komitee wat deur hom ingevolge subartikel (1) aangestel is, maar word nie onthef van 'n bevoegdheid wat hy aan 'n komitee opgedra het nie, en kan 'n beslissing van so 'n komitee intrek of wysig: Met dien verstande dat indien 'n raad aan 'n komitee die bevoegdheid opgedra het om ondersoek in te stel na 'n beweerde geval van onprofessionele of oneerbare of onbetaamlike gedrag en om ten opsigte daarvan 'n straf ooreenkomstig artikel 72 op te lê, die raad nie 'n beslissing of enigiets wat deur so 'n komitee ingevolge die bevoegdheid aldus opgedra, geneem of gedoen is, kan wysig of intrek nie.

(3) 'n Raad kan 'n komitee ingevolge subartikel (1) aangestel of in die algemeen of in 'n besondere geval gelas om ondersoek in te stel na en die raad van advies te dien oor enige aangeleentheid in verband met die pligte, werksaamhede of bevoegdhede van die orde of die raad.

**68 Pligte van raad**

'n Raad moet-

*(a)* jaarliks 'n algemene vergadering van die lede van sy orde belê;

*(b)* in die voorgeskrewe omstandighede 'n spesiale vergadering van die lede van sy orde belê;

*(c)* die datum en plek van vergaderings van sy orde, en die sake wat by daardie vergaderings verrig moet word, bepaal;

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

(2) Die weiering of versuim deur 'n praktisyn om aan 'n lasgewing ingevolge subartikel (1) te voldoen, maak onprofessionele gedrag uit.

## 71 Ondersoek deur raad na beweerde gevalle van onprofessionele of oneerbare of onbetaamlike gedrag

**Sake**

(1) 'n Raad kan op die voorgeskrewe wyse ondersoek instel na beweerde gevalle van onprofessionele of oneerbare of onbetaamlike gedrag van die kant van enige prokureur, notaris of transportbesorger wie se naam geplaas is op die rol van enige hof in die provinsie van sy orde, of hy 'n lid van so 'n orde is al dan nie, of van enigiemand wat 'n lid van sy orde kragtens 'n leerkontrak of dienskontrak dien, of van enige voormalige kandidaat-prokureur in artikel 8(4) vermeld.

[Sub-a. (1) vervang by a. 24 van Wet 87 van 1989 en by a. 16 van Wet 115 van 1993.]

(2) *(a)* Vir die doeleindes van 'n ondersoek kragtens subartikel (1), kan 'n raad-

(i) onder die handtekening van die president of sekretaris van sy orde, iemand wat na die oordeel van die raad in staat mag wees om inligting van wesentlike belang te verstrek betreffende die onderwerp van die ondersoek of wat, na die raad vermoed, enige boek, dokument, oorkonde of saak wat op die onderwerp van die ondersoek betrekking het, in sy besit of bewaring of onder sy beheer het, dagvaar om op 'n tyd en plek in die dagvaarding bepaal, voor hom te verskyn om ondervra te word of om daardie boek, dokument, oorkonde of saak oor te lê, en kan 'n raad 'n boek, dokument, oorkonde of saak wat aldus oorgelê is, vir ondersoek behou;

(ii) by monde van die persoon wat by die ondersoek voorsit 'n eed oplê aan of 'n bevestiging aanneem van iemand wat by die ondersoek teenwoordig is en wat kragtens subparagraaf (i) gedagvaar is, en hom ondervra en hom aansê om 'n boek, dokument, oorkonde of saak in sy besit of bewaring of onder sy beheer oor te lê.

*(b)* 'n Dagvaarding in paragraaf *(a)* vermeld, word op dieselfde wyse beteken as 'n dagvaarding vir die verskyning van 'n getuie by 'n siviele verhoor in 'n landdroshof.

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

*(c)* In verband met die ondervraging van iemand wat kragtens hierdie artikel gedagvaar is of die oorlegging deur so iemand van 'n boek, dokument, oorkonde of saak is die regsbepalings met betrekking tot privilegie, soos van toepassing op 'n getuie wat gedagvaar is om in 'n siviele verhoor in 'n geregshof getuienis af te lê of om 'n boek, dokument, oorkonde of saak oor te lê, van toepassing.

*(d)* (i) Iemand wat ingevolge hierdie subartikel gedagvaar is of wat getuienis voor 'n raad afgelê het, is geregtig op dieselfde getuiegeld asof hy gedagvaar is om te verskyn of getuienis afgelê het by 'n siviele verhoor in 'n landdroshof gehou op die plek waar die ondersoek ingestel word.

(ii) Geld wat kragtens subparagraaf (i) betaalbaar word, word uit die fondse van die betrokke orde betaal.

(3) Die persoon wat by die ondersoek voorsit, moet 'n notule hou of laat hou van die verrigtings by die ondersoek en van die getuienis wat daarby afgelê word.

(4) 'n Raad wat 'n ondersoek instel ingevolge hierdie artikel kan, indien die gedrag wat ondersoek word die onderwerp van straf- of sivielregtelike verrigtinge in 'n geregshof uitmaak of waarskynlik sal uitmaak, die ondersoek uitstel totdat sodanige verrigtinge afgehandel is.

**72 Tugbevoegdhede van raad**

**❑ Sake**

(1) 'n Raad wat 'n ondersoek ingevolge artikel 71 instel, kan die betrokke persoon skuldig bevind aan onprofessionele of oneerbare of onbetaamlike gedrag en kan-

*(a)* in die geval van 'n praktisyn-

(i) hom 'n boete van hoogstens R10 000 oplê; of

[Sub-par. (i) vervang by a. 13 *(a)* van Wet 204 van 1993.]

(ii) hom berispe; of

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

beheerraad, met inbegrip van die wyse waarop en die vorm waarin ooreenkomste, aktes en dokumente deur, vir of namens die beheerraad opgestel en voltooi word;

*(i)* die magtiging van die beheerraad of 'n komitee daarvan om iemand wie se getuienis nodig geag word om daardie raad of komitee in staat te stel om oor die geldigheid van 'n eis teen die fonds te besluit, te dagvaar en onder eed te ondervra;

*(j)* in die algemeen, sodanige ander sake as wat nodig geag word ten einde aan die doelstellings van hierdie Wet met betrekking tot die fonds uitvoering te gee.

(3) Regulasies kragtens subartikel (1) *(g)* uitgevaardig, kan voorsiening maak vir tydelike of permanente of gedeeltelike of algehele vrystelling van die verbodsbepalings daarin vervat ten opsigte van bepaalde persone of kategorie van persone of ten opsigte van enige vermelde aangeleentheid wat in verband staan met enige in sodanige regulasies vermelde handeling: Met dien verstande dat geen vrystelling wat permanent toegestaan is, gekanselleer of ingetrek word nie tensy sodanige kansellasie of intrekking by besluit van die Parlement goedgekeur is.

[Sub-a. (3) gewysig by a. 29 *(b)* van Wet 87 van 1989.]

(4) 'n Kragtens subartikel (1) *(h)* uitgevaardigde regulasie kan voorsiening maak vir strawwe by wyse van 'n boete van hoogstens R1 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 3 maande vir 'n oortreding daarvan of versuim om dit na te kom.

[Sub-a. (4) vervang by a. 29 *(c)* van Wet 87 van 1989.]

(5) Regulasies deur die Minister kragtens subartikel (2) uitgevaardig, word in die *Staatskoerant* gepubliseer en het dan dieselfde regskrag asof dit in hierdie Wet verorden was.

**82 Hofreëls**

Die Hoofregter kan, na oorlegpleging met die regters-president van die onderskeie provinsiale afdelings en met die presidente van die onderskeie ordes, hofreëls uitvaardig ten einde voorsiening te maak vir-

*(a)* die kwalifikasies van eksaminatore benoem kragtens artikel 14;

*(b)* die wyse waarop die in artikel 14 bedoelde eksamens afgeneem word;

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

(*c*) die inskrywingsgelde betaalbaar deur kandidate vir die in artikel 14 bedoelde eksamens;

(*d*) die prosedure wat gevolg moet word en die inligting wat aan die hof verstrek moet word deur 'n aansoeker om toelating of hertoelating kragtens hierdie Wet;

[Par. *(d)* vervang by a. 13 van Wet 104 van 1996.]

(*e*) die aard en vorm van die eed wat deur iemand voor toelating en inskrywing kragtens hierdie Wet afgelê en onderteken moet word;

(*f*) enige ander aangeleentheid wat nodig geag word om aan die bepalings van hierdie Wet, uitgesonderd Hoofstukke II en III, uitvoering te gee.

**83 Misdrywe**

❑ **Sake**

(1) Iemand wat nie 'n praktisyn is nie, mag nie praktiseer of hom as 'n praktisyn voordoen of voorgee om 'n praktisyn te wees of gebruik maak van 'n naam, titel, toevoeging of beskrywing wat impliseer of die indruk skep dat hy 'n praktisyn is of regtens as sodanig erken word of enige handeling verrig wat hy ingevolge 'n kragtens artikel 81 (1) *(g)* uitgevaardigde regulasie verbied is om te verrig nie.

(2) In verband met die opstel van 'n testament of ander testamentêre stuk, die administrasie of likwidasie of distribusie van die boedel van 'n oorlede of insolvente persoon, geestesongestelde persoon of 'n persoon wat aan 'n ander regsonbevoegdheid onderhewig is, of die geregtelike bestuur of die likwidasie van 'n maatskappy, mag niemand mondeling of deur middel van 'n geskrif of drukwerk of op enige ander wyse, direk of indirek, hetsy vir homself of vir enige ander persoon, werk werf, daarvoor adverteer of smous, of sy gereedheid of dié van sodanige ander persoon om werk, hetsy teen of sonder besoldiging, te onderneem, bekend maak nie.

[Sub-a. (2) vervang by a. 5 van Wet 60 van 1982.]

(3) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, mag geen persoon behalwe

Outeursregvergunning Juta & Kie Beperk

G.P.-S. 81/817783

J 352
(81/817783)

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

( TRAN AFDELING)
( TR DIVISION)

Ek,
I,

sweer/bevestig dat ek my eerlik en opreg in die praktyk van
do swear/affirm that I will truly and honestly demean myself in the practice of

na my beste wete en vermoë sal gedra en verder dat ek trou sal wees aan die
according to the best of my knowledge and ability, and further, that I will be

Republiek van Suid-Afrika.
faithful to the Republic of South Africa.

..............................................................

Die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring
The deponent acknowledges that he knows and understands the contents of
en dit begryp.
the declaration.

Beëdig/Bevestig voor my in die Hof te TRAN
Sworn/Affirmed before me in Court at TR

Gedateer te op hede die dag van
Dated at this day of

..............................................................

met enige agent of ander derde party nie as hy nie sy kliënt skriftelik van sodanige ooreenkoms, reëling, ontvangs of deling in kennis gestel het en van sodanige kliënt skriftelik toestemming daartoe en dat hy sodanige beloning vir eie rekening kan behou, ontvang het nie.

*Regshulpaangeleenthede*

88. 'n Firma mag nie in 'n saak wat na hom verwys is deur die Regshulpraad, wat kragtens die Wet op Regshulp, 1969, daargestel is, hetsy vir homself of vir iemand anders regstreeks of onregstreeks uit enige bron enige groter uitgawes, gelde of beloning ontvang of probeer verhaal as die uitgawes, gelde of belonings wat deur vermelde Raad in sodanige saak goedgekeur is nie.

## DEEL XII

## GEDRAG

89. Onprofessionele of oneerbare of onbetaamlike gedrag aan die kant van 'n praktisyn sluit onder meer die volgende handelinge en nalate in:

89.1 Werwing van werk van professionele aard;

89.2 die deel van 'n kantoor met iemand wat nie 'n praktiserende lid of in diens van 'n praktiserende lid in die loop van sy praktyk is nie of die okkupering van 'n kantoor wat regstreeks verbind is met 'n kantoor deur so iemand geokkupeer; met dien verstande dat die raad in die geval van 'n persoon wat voorheen 'n praktiserende lid was sodanig deel of okkupering kan toelaat onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat die raad mag voorskryf;

89.3 op enige wyse regstreeks of onregstreeks 'n ongekwalifiseerde persoon te help, toe te laat of in staat te stel om enige gelde te vorder, te verhaal of te ontvang of om enige vergoeding te verkry vir of ten opsigte van of in verband met die opstel of verlyding van 'n dokument of die verrigting van enige professionele werk wat alleen 'n praktisyn regtens bevoeg is om op te stel, te teken, te verly, te attesteer of die verrig, of op enige wyse enige reëling, ooreenkoms of verstandhouding hoegenaamd oogluikend toe te laat ingevolge waarvan enige sodanige gelde of vergoeding deur so 'n ongekwalifiseerde persoon gevorder, verhaal of ontvang word of moet word;

89.4 'n groter aandeel toe te staan of te ontvang as die maksimum aandeel wat 'n lid kragtens reël 83 toegelaat word om toe te staan;

89.5 versuim om ten opsigte van alle finansiële transaksies in verband met die praktyk van die firma waarvan hy die eienaar of 'n lid is, rekeningboeke en oorkondes ooreenkomstig hierdie reëls of ooreenkomstig ander regsvereistes by te hou;

89.6 versuim om sodanige rekeningboeke en oorkondes te alle tye te hou en te bewaar soos by reël 68.1.3 bepaal;

89.7 sonder regmatige verskoning die uitbetaling van trustgeld na behoorlike opvraging te vertraag;

89.8 wanbetaling, na aanmaning, van subskripsie of enige gelde, heffing of ander vordering wat aan die orde betaalbaar is;

89.9 regstreeks of onregstreeks van iemand enige bedrag geld te aanvaar in verband waarmee ooreengekom is of die bedoeling is dat dit aangewend moet word vir betaling of gedeeltelike betaling vir dienste wat later gelewer of uitgawes wat later aangegaan sal word in geval 'n toekomstige handeling of versuim die grondslag is van 'n strafregtelike aanklag teen die persoon deur of ten behoewe van wie sodanige betaling gemaak is;

89.10 versuim om 'n kwitansie vir ontvange geld uit te reik en dit, op versoek, aan die persoon wat die betaling maak, te oorhandig of andersins te lewer;

89.11 enige oortreding van die bepalings van die Wet of van hierdie reëls—

89.12.1 in verband met 'n saak waarby hy belang het, met inbegrip van 'n eiendomsagentskap en afslaersaak, op 'n wyse te adverteer of kliënte te probeer werf wat na die mening van die raad vir 'n praktisyn onbetaamlik is of daarop bereken is om die waardigheid of aansien van die professie te verlaag of daarop bereken is om professionele werk te werf;

89.12.2 advertering deur 'n sakeonderneming waarby 'n praktisyn belang het, word as advertering deur hom beskou tensy hy bewys dat hy sodanige advertensie nie gemagtig het en dit nie kon verhoed het nie;

89.12.3 Niks in reël 89.12 word uitgelê op 'n wyse wat 'n praktisyn, met betrekking tot enige saak waarby hy 'n belang het, verhinder om te adverteer of om werk te werf nie op enige manier wat toelaatbaar sou wees indien hy dit sou gedoen het met betrekking tot sy praktyk;

89.13 onder 'n ander naam of firmanaam te praktiseer as een wat net bestaan uit die naam of name van enige van die vorige of huidige lede van die firma waarvan hy die eienaar of 'n lid is, of van persone wat vir eie rekening of in vennootskap of as professionele maatskappy 'n praktyk gevoer het wat redelikerwys as voorganger van die firma beskou kan word; met dien verstande dat—

89.13.1 die woorde "en kompanjie" "en deelgenote" en "en vennote" of enige afkorting daarvan behoudens die bepalings van artikel 23 (1) (c) van die Wet en reël 78 alleen by die naam van die firma ingesluit mag word solank die firma twee of meer lede het;

89.13.2 die naam van 'n voormalige lid wat van die rol geskrap is, onder geen omstandighede solank hy geskrap bly, die naam of deel van die naam waaronder 'n praktyk gevoer word, mag uitmaak nie;

89.13.3 'n lid wat onmiddellik voor die datum van uitvaardiging van hierdie reëls anders as ooreenkomstig hierdie reël 89.13 gepraktiseer het, nie geag word reël 89.13 te oortree het nie as hy vir 'n tydperk van hoogstens ses maande na daardie datum aanhou om aldus te praktiseer;

89.14 gebruik te maak van enige skryfbehoeftes of drukwerk van enige aard wat na die mening van die raad nie by die waardigheid, aansien en status van die beroep pas nie;

89.15 versuim om behoorlike aandag aan die sake van sy kliënte te gee;

89.16 versuim om toereikende toesig oor sy personeel te hou;

89.17 sy praktyk te abandoneer sonder om sy kliënte vooraf kennis te gee en sonder om met hulle reëlings te tref betreffende die afhandeling van hul sake of die versorging van hul eiendom wat in sy besit of onder sy beheer is;

89.18. afwyking van 'n verdeling van gelde soos by wet of by beslissing van die raad bepaal;

89.19 versuim om sy naam en die name van al sy vennote of, waar hy lid van 'n professionele maatskappy is, die name van al dié se direkteure op die briefhoofde van sy praktyk te vermeld;

89.20 op die briefhoofde van sy praktyk–

89.20.1 die naam van 'n praktisyn in sy diens te vermeld sonder om daarop deur middel van die woorde "konsultant" of "deelgenoot" of "professionele assistent" of "bygestaan deur" duidelik aan te toon nie dat sodanige praktisyn nie 'n vennoot van hom of 'n medelid is van 'n professionele maatskappy waarvan hyself lid is nie; met dien verstande dat die woord "konsultant" alleen gebruik mag word waar die praktisyn op wie dit betrekking het, voorheen die enigste eienaar van of 'n vennoot of lid van 'n professionele maatskappy in daardie praktyk of die onmiddellike voorganger daarvan was;

89.20.2 die naam te vermeld van–

89.20.2.1 'n praktisyn wat binne die Republiek praktiseer, of

89.20.2.2 iemand wat buite die Republiek as regspraktisyn praktiseer,

en met wie hy in assosiasie praktiseer in 'n ander vorm as dié van vennoot of werknemer of medelid van 'n professionele maatskappy, sonder om deur gebruik van die woorde "in assosiasie met" duidelik daarop aan te toon dat dit die geval is;

89.20.3 die naam te vermeld van iemand anders as 'n persoon in reël 89.19, 89.20.1 of 89.20.2 vermeld of 'n persoon wat hy in sy praktyk in diens het as kantoorbestuurder, interne rekenmeester of boekhouer; met dien verstande dat die naam van iemand wat aldus in diens is, vergesel gaan van die beskrywing van die hoedanigheid waarin hy in diens is en nie digby die naam van iemand vermeld in reël 89.19, 89.20.1 of 89.20.2 geplaas word nie;

89.21 versuim om sonder voldoende rede in eie persoon of in die persoon van 'n vennoot of werknemer, wat 'n lid of 'n kandidaat-prokureur onder leerkontrak of dienskontrak of 'n klerk soos omskryf vir die doeleindes van reël 79 is, teenwoordig te wees gedurende die verhoor van 'n saak waarin hy die prokureur is;

89.22 versuim, na die mening van die raad, om sy verpligtinge ingevolge 'n leerkontrak of dienskontrak waarby hy 'n party is, na te kom;

89.23 versuim om binne redelike tyd korrespondensie of 'n ander mededeling wat redelikerwys 'n antwoord of ander reaksie vereis, te beantwoord of paslik daarmee te handel;

89.24 'n kliënt met die heffing van fooie te uitoorlê of 'n skuldenaar van 'n kliënt met die heffing van fooie te uitoorlê; of 'n fooi te hef wat volgens die siening van die Raad onredelik hoog is, in ag genome die omstandighede van die saak;

89.24A indien sy kliënt dit verlang, versuim om 'n rekening vir taksasie of vasstelling, na gelang van die geval, op te stel en voor te lê binne 'n redelike tyd of binne 'n tydperk neergelê deur die raad, tensy daar afdoende rede is waarom die rekening nie getakseer of vasgestel moet word nie;

89.25 versuim om aan 'n opdrag, vereiste of versoek van die raad of 'n versoek van die sekretaris te voldoen;

89.26 werk waarvan die verrigting by wet vir 'n prokureur, notaris of transportbesorger voorbehou is, na iemand te verwys wat by wet verbied word om sulke werk te doen, of so 'n persoon te help of met hom saam te werk in verband met die verrigting van sodanige werk deur sodanige persoon;

89.27 op te tree vir of in samewerking met 'n organisasie of persoon wat nie 'n praktiserende praktisyn of 'n assessor handelende in opdrag van 'n geregistreerde assuransiemaatskappy is nie en wie se sake geheel en al of gedeeltelik daarin bestaan om eise voortspruitende uit sterfgevalle of persoonlike besering in te stel, te ondersteun of voort te sit en wat opdragte werf om sulke eise in te stel, te ondersteun of voort te sit of wat enige betaling, geskenk of voordeel ten opsigte daarvan ontvang;

89.28 met betrekking tot 'n eis vermeld in reël 89.27 wetens op te tree vir iemand wat deur so 'n organisasie of persoon aan hom voorgestel of na hom verwys is;

89.29 versuim om, alvorens opdrag ten opsigte van 'n eis vermeld in reël 89.27 te aanvaar, redelike navraag te doen ten einde vas te stel of aanvaarding van sodanige opdrag 'n oortreding van reël 89.27 of 89.28 tot gevolg sal hê;

89.30 om sonder grondige rede of verskoning, na te laat om professionele werk, of daardie soort werk wat gewoonlik deur 'n praktisyn gedoen word, te lewer met so 'n mate van bekwaamheid, sorg en aandag, of van sodanige gehalte of standaard, as na die oordeel van die raad redelikerwys verwag kan word.

90. 'n Praktisyn wat vir iemand in reël 89.28 vermeld opgetree het terwyl hy na die mening van die raad behoort te geweet het dat die organisasie of persoon wat sodanige persoon aan hom voorgestel of na hom verwys het, 'n organisasie of persoon is wat in reël 89.27 vermeld word, word geag nie die bepalings van reël 89.28 na te gekom het nie.

91.1 By die toepassing van reël 89 beteken die uitdrukking "werwing van werk van professionele aard" ook die volgende:

91.1.1.1 aanvaarding van vergoeding vir professionele werk of die inwilliging of aanbieding om vergoeding vir professionele werk te aanvaar teen minder as die tarief van gelde wat by wet of regulasie of reël bepaal is; of

91.1.1.2 deur sy gedrag regstreeks of onregstreeks voor te gee of toe te laat dat voorgegee word dat hy gewillig is om professionele werk teen minder as sodanige tarief te doen, tensy hy bewys dat hy dit nie gedoen het met die doel om werk of besigheid te lok nie;

91.1.2 op 'n wyse te adverteer, behalwe soos ingevolge hierdie reëls of deur die raad toegelaat, wat die publiek uitnooi om professionele werk aan hom toe te vertrou of waardeur hy voorgee dat hy of sy firma bereid of bevoeg is om sulke werk te doen;

91.1.3 te bewerkstellig of toe te laat dat sy naam of die naam van 'n firma waarby hy belang het, in 'n advertensie van 'n kliënt (uitgesonderd 'n prospektus of 'n verklaring, omsendbrief of kennisgewing uitgereik ooreenkomstig die wette of regulasies betreffende maatskappye of die regulasies of vereistes van 'n aandelebeurs, of 'n verslag of kennisgewing aan aandeelhouers van 'n maatskappy of die lede van 'n instelling waarvoor 'n praktisyn in sodanige hoedanigheid optree, of sodanige ander dokument as wat die raad goedkeur) verskyn en waarin aangedui word dat hy of sy firma as sodanige kliënt of 'n ander persoon of maatskappy se prokureur, notaris of transportbesorger aangestel is;

91.1.4.1 sy naam in te voeg of toe te laat dat sy naam ingevoeg word in 'n adresboek of lys van regspraktisyns tensy—

91.1.4.1.1 sodanige adresboek of lys van regspraktisyns toeganklik is vir alle praktisyns wat in die provinsie praktiseer;

91.1.4.1.2 die tarief per plasing in sodanige adresboek of lys van regspraktisyns nie meer is nie as R75 indien dit in die Republiek gepubliseer word of nie meer as R150 nie as dit buite die Republiek gepubliseer word, of nie meer is nie as sodanige ander onderskeie bedrae as wat hierna van tyd tot tyd deur die raad bepaal word;

91.1.4.2 sy naam in ander druk as die gewone druk in 'n gids of lys van regspraktisyns te laat opneem of toe te laat dat dit aldus opgeneem word of dit te laat opneem of toe te laat dat dit opgeneem word op 'n wyse wat dit opvallend maak; met dien verstande dat so 'n invoeging in 'n telefoongids in vetdruk geplaas mag word, wat nie beduidend groter is as gewone druk nie, en nie elders as in die gewone alfabetiese lysting nie.

91.1.5 enige ander kwalifikasie as die volgende wat deur hom gehou word, in 'n adresboek of lys van regspraktisyns of op sy briefhoofde, professionele kaartjies of ander skryfbehoeftes van enige aard te vermeld of toe te laat dat dit vermeld word, naamlik—

91.1.5.1.1 'n universiteitsgraad;

91.1.5.1.2 'n universiteitsdiploma in 'n regsvak.

91.1.5.2 die woorde "prokureur", "notaris", "transportbesorger", "patent- prokureur", "patentagent", "handelsmerkagent" of "boedelbered- deraar";

91.1.5.3 dat 'n praktisyn toegelaat is om in 'n ander land as die Republiek van Suid-Afrika te praktiseer.

91.1.5.4 dat hy of sy firma spesialiseer in 'n vertakking van die reg (maar altyd onderhewig aan sodanige voorwaardes wat die raad van tyd tot tyd aandui).

91.1.6 die name van enige van sy kliënte of enige aanstelling deur hom gehou, anders as dié van vrederegter, waardeerder of adjunk-balju op sy briefhoofde, professionele kaartjies of ander skryfbehoeftes van enige aard, te vermeld of toe te laat dat dit vermeld word;

91.1.7 in die gewone pers onder of oor sy naam artikels oor regsonderwerp te publiseer, 'n gehoor oor 'n regsonderwerp toe te spreek of, hetsy regstreeks ; òf in 'n verfilmde, bandopname-, gepubliseerde of ander uitsendvorm, oor die radio of beeldradio uit te saai òf op 'n ander wyse met die publiek of 'n deel daarvan oor 'n regsonderwerp te kommunikeer sonder die voorafgaande verlof van die raad;

91.1.8 aan 'n openbare amptenaar of openbare kantoor, hetsy by wyse van formele aanbieding of andersins, 'n skenking in enige vorm te doen, behalwe op versoek of deur bemiddeling van of kragtens magtiging deur 'n sirkel waarvan hy lid is of kragtens magtiging deur die raad;

91.2 Ongeag enige bepaling van reël 91.1 word 'n praktisyn nie geag aan werwing van werk skuldig te wees nie indien hy—

91.2.1 naamplate of kantoortekens van redelike grootte en van 'n vorm of ontwerp en op sodanige wyse as wat na die mening van die raad nie vir 'n praktisyn onbehoorlik is nie, aan deure of mure van sy kantoorperseel vasheg of daarop skilder of andersins in die nabyheid van sy kantoorperseel vertoon;

91.2.2 wanneer hy namens 'n kliënt optree, in die *Staatskoerant* of ander nodige nuusblad 'n advertensie, wat by wet vereis word, plaas en aandui dat hy namens daardie kliënt optree.

**vervolg op bladsy 5–98**

91.2.1 naamplate of kantoortekens van redelike grootte en van 'n vorm of ontwerp en op sodanige wyse as wat na die mening van die raad nie vir 'n praktisyn onbehoorlik is nie, aan deure of mure van sy kantoorperseel vasheg of daarop skilder of andersins in die nabyheid van sy kantoorperseel vertoon;

91.2.2 wanneer hy namens 'n kliënt optree, in die *Staatskoerant* of ander nodige nuusblad 'n advertensie, wat by wet vereis word, plaas en aandui dat hy namens daardie kliënt optree.

91A. 'n Praktisyn wie se boedel finaal gesekwestreer is sal—

91A.1 die Raad onverwyld skriftelik daarvan in kennis stel en die Raad sonder versuim van 'n afskrif van die aansoek om sy sekwestrasie of boedeloorgawe asook van die tersaaklike hofbevel voorsien;

91A.2 ook daardie persone met wie hy skuld aangaan in die loop van sy praktyk (byvoorbeeld 'n korrespondent of advokaat), vooraf skriftelik van sy insolvensie in kennis stel;

91A.3 hom skuldig aan onprofessionele of oneerbare of onbetaamlike gedrag maak indien hy versuim om aan die bepalings van reëls 91A.1 en 91A.2 te voldoen.

92. Onprofessionele of oneerbare of onbetaamlike gedrag aan die kant van 'n kandidaat-prokureur onder leerkontrak of dienskontrak sluit in enige gedrag wat onprofessioneel, oneerbaar of onbetaamlik sou wees indien dit deur 'n praktisyn verrig sou word.

## DEEL XIII

## DISSIPLINÊRE STAPPE

93. Die raad het dissiplinêre bevoegdheid oor alle praktisyns ongeag waar die gedrag wat werklik of na bewering onprofessioneel of oneerbaar of onbetaamlik is, verrig is.

94.1 Die raad oorweeg enige klagte wat ingedien word deur of namens iemand wat homself veronreg ag deur enige beweerde onprofessionele of oneerbare of onbetaamlike gedrag van die kant van 'n praktisyn, ongeag of sodanige gedrag voor of na die uitvaardiging van hierdie reëls begaan is.

94.2 Die raad kan sy bevoegdhede kragtens hierdie reëls uit eie beweging uitoefen al is daar ook geen klagtes nie, en in sodanige geval is die bepalings van reël 95 *mutatis mutandis* van toepassing.

94.3 'n Klagte moet in skrif wees en in die vorm van 'n beëdigde verklaring met genoegsame besonderhede van die gedrag waaroor gekla word en word by die sekretaris ingedien: met dien verstande dat die hoof of waarnemende hoof van die Raad se dissiplinêre afdeling 'n klagte in enige ander vorm mag aanvaar.

94.4 Die raad kan eis dat 'n klaer by eedsverklaring verdere besonderhede oor enige aspek van die klagte verstrek.

94.5 Die raad is nie verplig om die bron van 'n klagte openbaar te maak nie.

3.3 The Council may, with the unanimous approval of the participating members, withdraw the membership or amend the terms of membership of any member holding membership in terms of clause 3.2.

**4 Undertaking by participating members**

The participating members agree and undertake that after the signing of this Constitution by all of them and within a reasonable period, each participating member will take all steps necessary to give effect to the principle of equal representation contemplated in the Statement of Principles on the council of each statutory law society, the relative proportions of representatives to accord as far as practicable with the proportions within the council, namely 25% being practising attorneys who are members of the Black Lawyers Association; 25% being practising attorneys who are members of the National Association of Democratic Lawyers; and 50% being practising attorneys who are not members of either the Black Lawyers Association or the National Association of Democratic Lawyers.

**5 Aims and objectives**

5.1 The Law Society has the following fundamental, enduring and long-term aims and objectives, namely—

5.1.1 to promote on a national basis the common interests of members of the profession and the welfare of the profession, having regard at all times to the broader interests of the public whom the profession serves, and to endeavour to reconcile, where they may conflict, the interests of the profession and the public;

5.1.2 to safeguard and maintain the independence, objectivity and integrity of the profession;

5.1.3 to maintain and enhance the professional standards, prestige and standing of the profession and of its members both nationally and internationally, which standards shall be reviewed from time to time to take into account the objectives of paragraph 5.1.4;

5.1.4 to uphold and encourage the practice of law, and to promote and facilitate access to the profession;

5.1.5 to provide, where it deems it appropriate so to do, voluntary services in the interest of the public;

5.1.6 to promote legal aid and the accessibility of all to the law and the courts;

5.1.7 to promote legal education and continuing legal education, practical legal training, research in the science of law and in legal practice and in any related science or practice, research in technology as it relates to legal practice, procedure and the administration of justice, and the practical application of technology in those fields;

5.1.8 to encourage the study and development of customary legal systems and their application in practice, and to seek harmonisation, and where appropriate integration, of those systems with the common and statutory law of the Republic of South Africa;

5.1.9 to uphold, safeguard and advance the rule of law, the administration of justice, the Constitution and the laws of the Republic of South Africa;

5.1.10 to initiate, consider, promote, support, oppose or endeavour to modify legislation, whether existing or proposed;

5.1.11 to initiate, consider, promote, support, oppose or endeavour to modify proposed reforms or changes in law, practice, procedure and the administration of justice;

5.1.12 to secure throughout the Republic of South Africa, in so far as it is practicable, uniformity, simplicity and efficiency in the practice of law, in legal procedure and in the administration of justice;

5.1.13 to strive towards the achievement of a system of law that is fair, just, equitable, certain and free from unfair discrimination;

5.1.14 to represent generally the views of the profession on a national basis;

5.1.15 to nominate, elect, appoint or delegate persons to represent the profession or any part or division thereof at any conference or meeting or on any commission, advisory body, committee, commission of inquiry or similar body or proceeding established, convened or instituted by any government or other authority, institution or organisation, whether of a public or private character, for the purpose of considering any matter relating to law, practice, procedure or the administration of justice or any other matter, of whatever nature falling within the aims and objectives of the Law Society;

5.1.16 to co-operate or liaise with any fund or other body established for the purpose of guaranteeing the fidelity of practitioners of the profession;

5.1.17 to deal with any matter referred to it by the Council or governing body of any constituent member; and

5.1.18 to take up membership of or otherwise to co-operate with any other organisation or body whether within or outside the Republic of South Africa, including organisations or bodies of an international character and, without derogating from the generality of the aforegoing, to combine, affiliate or merge with any other organisation or body of similar nature to its own and having objects similar to and reconcilable with its own, whether or not its field of operations extends beyond the borders of the Republic of South Africa as they may from time to time be established.

5.2 The Law Society has the following specific, immediate and short-term aims and objectives, namely—

5.2.1 to promote and encourage unity between the constituent members and to overcome the divisions created by the past;

DEAR COLLEAGUE

**ANONYMOUS QUESTIONAIRE RE VALUES AND ETHICS**

I am an Attorney, currently enrolled as a final year MBA student at the North West University (Potchefstroom Campus). In order to complete my studies I have to compile a management report on a topic of my choice in the MBA field of study. I have chosen the organisational behaviour and change management fields of study for the management report.

Research have shown that organisations, which include professions, that are driven by shared values are less prone to ethical problems than organizations driven by rules and regulations. The aim of the management report is to determine those values to be considered shared values of the profession.

I include an anonymous questionnaire which will assist me to establish:

A. The sensitivity of the Attorney's profession in respect of values and ethical behavior
B. What Attorney's think the basic values of the profession should be.
C. The view of Attorney's in respect of the Law Society, and the rules applicable on ethical behavior.

These values will be drafted in a proposed value statement which can be used to transform the profession from being primarily rules and regulation driven to value driven.

I thank you for your much valued input, time and assistance.

After completion of the questionnaire please mail same back to me at your earliest convenience using the attached envelope.

---

BESTE KOLLEGA

**ANONIEME VRAELYS INSAKE WAARDES EN ETIEK**

Ek is 'n Prokureur en tans 'n finale jaar MBA student aan die Noorwes Universiteit (Potchefstroom Kampus). As 'n finale vereiste ter voltooiing van my studie moet ek 'n bestuursverslag opstel ten opsigte van 'n onderwerp van my keuse, en relevant tot 'n bestuursaangeleentheid. Die bestuursverslag handel met aspekte in die organisasiegedrag en veranderingsbestuur dissiplines.

Navorsing het bewys dat organisasies, wat professies insluit, wat op 'n waardegedrewe grondslag bestuur word minder etiese probleme ondervind as dié wat volgens reëls en regulasies bestuur word. Die doel van die bestuursverslag is om waardes te bepaal, wat as gedeelde waardes van die professie beskou kan word.

Ek sluit 'n annonieme vraelys in ten einde my in staat te stel om:

A. Die sensitiwiteit van die Prokureursprofessie ten opsigte van waardes en etiese gedrag te bepaal.
B. Wat Prokureurs dink die basiese waardes van die professie is en behoort te wees.
C. Die siening van Prokureurs te bepaal ten opsigte van die reëls van toepassing op etiese gedrag en die Prokureursorde.

Hierdie waardes sal gebruik word om 'n voorgestelde waardeverklaring op te stel, wat gebruik kan word met die oog op die transformasie van die Prokureurs professie van reëls en regulasie gedrewe na waarde gedrewe.

Sal u asseblief na voltooiing van die vraelys dit so spoedig moontlik aan my terugstuur deur gebruik te maak van die aangehegte koevert.

By voorbaat dank vir u waardevolle inset, tyd en ondersteuning.

JOHAN WESSELS

**Anonymous Questionnaire re values and ethics**
**Anonieme Vraelys insake waardes en etiek**

Statistical information of respondent:
Statistiese inligting van respondent:

Gender: Male/Female ..........
Geslag: Manlik/Vroulik ..........
Area: Johannesburg .........
Pretoria .........
Years in practice: .........
Jare in praktyk: ..........

**SECTION A: ETHICS TEST/AFDELING A: ETIEKTOETS**

**Scoring Card: Strongly Agree = SA / Stem beslis saam = SA Agree = A / Stem saam = A Disagree = D / Verskil = D Strongly Disagree = SD / Verskil beslis = SD**

| | SA | A | D | SD |
|---|---|---|---|---|
| 1. Conveyancers should not be expected to inform on their colleagues for touting. Daar kan nie van transportbesorgers verwag word om hulle kollegas te verkla in die geval van werkwerwing nie. | .... | .... | .... | .... |
| 2. In order to fullfill a mandate in respect of a transfer you as the conveyancer must overlook violations in respect of transfer duty. Ten einde 'n mandaat as 'n transportbesorger uit te voer moet u hereregte-ongerymdhede oor die hoof sien. | .... | .... | .... | .... |
| 3. It is not always possible to give accurate account figures for a transfer; therefore one can stay with the higher figure if it costs less. Dit is nie altyd moontlik om korrekte transportkoste te kwoteer nie, dus is 'n mens daarop geregtig om die hoër rekening te vorder, sou die transportkoste minder wees. | .... | .... | .... | .... |
| 4. There are times when it is necessary to withhold the true reason from your client why a transfer did not register. Daar sal tye wees dat dit nodig is om die ware rede waarom 'n transport, nie registreer nie, van jou kliënt te weerhou. | .... | .... | .... | .... |

5. We must carry out our client's instructions, though we know it is not the right thing to do. .... .... .... ....
Ons moet 'n kliënt se opdrag uitvoer, alhoewel ons weet dat dit nie die regte ding is om te doen nie.

6. It is sometimes right to debit more postages and petties than what is realy necessary. .... .... .... ....
Dit is soms korrek om meer posgeld en diverse uitgawes te debiteer as wat normaalweg nodig is.

7. Sometimes it is good psychology to set fees somewhat lower than normal if it will help to ensure the instruction for a transfer. .... .... .... ....
Dit is soms goeie sielkunde om effens laer fooie te kwoteer, indien dit sal help om 'n mandaat vir 'n transport te verseker.

8. I would quote an expected registration date in order to secure the mandate for a transfer. .... .... .... ....
Ek sal 'n verwagte registrasiedatum meld ten einde 'n mandaat vir 'n transport te verseker.

9. It is in order to include a personal document with the client's documents, and forward it together with those of client to your correspondent, all on the client's account. .... .... .... ....
Dit is in orde om 'n persoonlike dokument saam met die dokumente van die kliënt na die korrespondent te stuur, alles op rekening van die kliënt.

10. As many transfer mandates as possible are important to the firm; therefore the end justifies the means. .... .... .... ....
Soveel moontlik transportopdragte is belangrik vir die firma; gevolglik heilig die doel die middele.

11. If it takes extravagant entertainment and twisting a few of the Law Society's rules in order to secure all the conveyance work for a large residential development, I would authorize and/or do it. .... .... .... ....
Indien uitspattige onthaal, en as die reëls van die Prokureursorde so 'n bietjie gebuig moet word ten einde alle transportbesorgerswerk vir 'n groot ontwikkeling te bekom, sal ek dit magtig en/of doen.

12. Exceptions to your Society rules are a way of life. .... .... .... ....
Uitsonderings met betrekking tot die reëls van die Prokureursorde is alledaags.

13. You made a bona fide error in calculating fees and expenses, the registration runs smooth and your client is satisfied with your services. In that event you think that you are entitled to keep the overpayment. .... .... .... ....
U het 'n bona fide-fout begaan met die berekening van fooie en uitgawes, die registrasie van die transport verloop vlot en u kliënt is tevrede met u dienste. In daardie geval meen u dat u geregtig is op die oorbetaling.

14. Interest rates are high, therefore new instructions for transfers are limited, which impacts negatively on your firms cash flow. In order to honour your donation to Child Welfare you can increase the postages and petties with 10%. .... .... .... ....
Vanweë hoë rentekoerse is nuwe opdragte vir transportbesorgerswerk beperk. Die gevolg is dat jou firma se kontantvloei negatief geraak word. Ten einde 'n beloofde donasie aan Kindersorg na te kom is jy geregtig daarop om posgeld en diverse met 10% te verhoog.

15. Inside information which come available from a new instruction is a fringe benefit you are entitled to. .... .... .... ....
Vertroulike inligting uit hoofde van 'n mandaat is 'n byvoordeel waarop ek geregtig is.

**SECTION B: CHOICE OF VALUES/AFDELING B: KEUSE VAN WAARDES**

From the list below, mark 5 (five) 'do things' you consider mandatory in order to establish values that are applicable to Attorneys:
Kies 5 (vyf) 'doen-waardes' uit die lys hieronder wat u as verpligtend beskou ten einde waardes wat op prokureurs van toepassing is, daar te stel.

1. Act like a professional person.
   Tree soos 'n professionele persoon op.

2. Responsible for and accountable to client.
   Verantwoordelik vir en aanspreeklik teenoor kliënt.

3. To promote the study of Law.
   Om regstudie te bevorder.

4. Integrity and trustworthiness.

Integriteit en vertrouenswaardig.

5. Endeavour to comply with all the rules of the Law Society.
Streef daarna om aan al die reëls van die Prokureursorde te voldoen.

6. Responsible for and accountable to client and profession.
Verantwoordelik vir en aanspreeklik teenoor die kliënt en die professie.

7. Always behave as an Officer of Court.
Tree te alle tye soos 'n amptenaar van die hof op.

8. Responsible and accountable to client, profession and community.
Verantwoordelikheid en aanspreeklikheid teenoor kliënt, professie en gemeenskap.

9. Guard against self-interest.
Waak teen eiebelang.

10. Behave in a law-abiding manner.
Tree wetsgehoorsaam op.

Should there be any other 'do things' (that are ommited in the list above), that you consider to be important for the profession; make your own list below.
Indien daar enige ander 'doen waardes' is (wat nie in die bovermelde lys genoem is nie) wat u van belang ag; maak u eie lys hieronder.

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

**SECTION C: VIEW/AFDELING C: SIENING**

My view of the Law Society and the rules applicable on ethical behaviour is:
My siening van die Prokureursorde, en die reëls van toepassing op etiese gedrag, is:

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................